

**Die kontemporêre gebruik van enkele gedrukte en elektroniese
naslaanbronne in akademiese
biblioteke**

Elizabeth Johanna Robinson

BA, HDB, Hons B Bibl, HOD

Verhandeling voorgelê vir die graad

Magister Bibliothecologiae

aan die

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Studieleier: Mev. M.A. Buys

November 1999
Potchefstroom

Soli Deo Gloria!

Voorwoord

Hierdie studie was slegs moontlik met die hulp van 'n aantal persone en instansies. Ek betuig gevolglik graag my dank en waardering aan:

- my eggenoot Robbie vir sy eindelose geduld, opoffering, liefde, hulp en morele ondersteuning;
- my kinders Pieter-Chris, René en Brahm vir hulle liefde, begrip en geduld;
- my ouers vir hulle liefde en belangstelling;
- my studieleier mev. M.A. Buys vir haar geduld, insig, belangstelling, vakwetenskaplike leiding en toeganklikheid;
- Dr. C.S. Reinecke vir die taalversorging;
- die personeel van die Ferdinand Postma Biblioteek, PU vir CHO;
- Departement Statistiese Konsultasiedienste;
- my kollegas vir hulle voortdurende ondersteuning, begrip en aanmoediging;
- my vriende vir hulle belangstelling en aanmoediging.

Summary

Title: The contemporary use of some printed and electronic reference sources in academic libraries

Keywords: Reference sources, information sources, printed information sources, printed reference sources, electronic information sources, electronic reference sources, encyclopedia, dictionaries, ready-reference sources, periodical indexes, periodical indices.

Aim of the study: The value of information in printed sources became of importance with the publishing of the same information in electronic sources. The purpose of this study is to investigate the frequency of holdings and use of printed and electronic reference sources in academic libraries in South Africa to determine the value of each format.

Research method: A literature study was conducted to establish the nature and value of printed information and the development thereof into electronic reference sources. A questionnaire was used to obtain reliable information with regard to the printed and electronic holdings of academic libraries. The frequency with which information librarians make use of these different formats of information was also determined.

Core findings: Printed encyclopedias, dictionaries, ready-reference sources and periodical indexes are particularly useful because of the alphabetical compilation of the text, which ensures easy and quick information retrieval. Although electronic reference sources offer additional improved search techniques, the printed format can still be the most accessible source for information retrieval in certain circumstances. All the academic libraries that responded to the questionnaire have printed encyclopedias and dictionaries as part of their holdings. A total of 98% have printed ready-reference sources and 86% have periodical indexes as part of their holdings. About 80% of the libraries have electronic periodical indexes in their holdings, but only about 40% of them possess electronic encyclopedias and dictionaries. Electronic ready-reference sources are part of only a few academic libraries' holdings, since much information of this kind is published on Internet. Encyclopedias and dictionaries in printed format and periodical indexes in electronic format are most commonly used. Almost the same number of librarians make use of the printed and electronic ready-reference sources. Printed information sources still have value and are not excluded from being used by the electronic formats. Therefore academic libraries should include both formats as part of their holdings.

Inhoudsopgawe

HOOFSTUK 1	INLEIDING, PROBLEEM EN DOELSTELLINGS	1
1.1	Inleiding en probleemstelling	1
1.2	Doelstellings	3
1.3	Terreinafbakening	3
1.4	Metode van ondersoek	3
1.4.1	Literatuurstudie	3
1.4.2	Data-insameling	4
1.4.2.1	Ondersoekgroep	4
1.4.2.2	Metode van ondersoek	4
1.4.2.3	Dataverwerking	4
1.5	Hoofstukindeling	4
HOOFSTUK 2	DIE AARD EN GEBRUIKSWAARDE VAN INLIGTING IN ENKELE HOOFKATEGORIEË GEDRUKTE NASLAANBRONNE	6
2.1	Inleiding	6
2.2	Tipes gedrukte naslaanbronne	6
2.2.1	Ensiklopedieë	7
	Omskrywing	7
	Tipes ensiklopedieë	7
	Die aard van inligting in ensiklopedieë	8
	Die gebruikswaarde van inligting in gedrukte ensiklopedieë	9
2.2.2	Woordeboeke	10
	Omskrywing	10
	Tipes woordeboeke	11
	Die aard van inligting in gedrukte woordeboeke	12
	Die gebruikswaarde van inligting in gedrukte woordeboeke	14
2.2.3	Kitsnaslaanbronne	15
	Omskrywing	15
	Tipes kitsnaslaanbronne	15

2.2.3.1	Gidse	16
	Omskrywing	16
	Tipes gidse	16
	Aard van inligting in gidse	16
	Gebruikswaarde van inligting in gedrukte gidse	17
2.2.3.2	Almanakke	18
	Omskrywing	18
	Die aard van inligting in almanakke	18
	Die gebruikswaarde van inligting in gedrukte almanakke	19
2.2.3.3	Jaarboeke	19
	Omskrywing	19
	Tipes jaarboeke.	19
	Die aard en gebruikswaarde van inligting in jaarboeke	20
2.2.4	Tydskrifindekse	23
	Omskrywing	23
	Tipes tydskrifindekse	24
	Aard van die inligting in tydskrifindekse	25
	Gebruikswaarde van gedrukte tydskrifindekse	27
2.3	Samevatting	27

HOOFSTUK 3 TEGNOLOGIESE ONTWIKKELING VAN ENKELE HOOFKATEGORIEË NASLAANBRONNE VAN GEDRUKTE TOT ELEKTRONIESE FORMATE

3.1	Inleiding	29
3.2	Elektroniese formate en inskakelings- of koppelingsmoontlikhede	29
3.3	Algemene tegnologiese ontwikkeling tot elektroniese formate in biblioteke	31
3.4	Die ontwikkeling van enkele naslaanbronne van gedrukte tot elektroniese formate	36
3.4.1	Ensiklopedieë	36
3.4.2	Woordeboeke	40
3.4.3	Kitsnaslaanbronne	44
3.4.4	Tydskrifindekse	49
3.5	Samevatting	55

HOOFSTUK 4	DIE GEBRUIKSFREKWENSIE EN -WAARDE VAN GEDRUKTE EN/OF ELEKTRONIESE FORMATE IN AKADEMIESE BIBLIOTEKE IN SUID-AFRIKA	57
4.1	Inleiding	57
4.2	Beskrywing en uiteensetting van die vraelys	57
4.3	Keuse van ondersoekgroep	59
4.4	Voorondersoek	59
4.5	Hoofondersoek	59
4.6	Analise van resultate	60
4.7	Resultate van vraelys aan naslaanpersoneel van akademiese biblioteke in Suid-Afrika	60
	Afdeling A: Agtergrondinligting rakende respondente	60
	Vraag 1.1 Tersiêre opleiding in Biblioteek- en Inligtingkunde	60
	Vraag 1.2 Aantal jare soekervaring in inligtingherwinning	61
	Vraag 1.3 Rekenaargeletterdheid	62
	Vraag 1.4 Positiewe of negatiewe ervaring van naslaanbronne	63
	Afdeling B (i): Agtergrondinligting rakende respondente	63
	Vraag 2.6 Tipe instansie waar respondente werksaam is	63
	Vraag 2.7 Inligtingsoektogfrekwensie	64
	Afleidings uit Afdeling A en B	65
	Afdeling B (ii): Besit en gebruiksfrekwensie van gedrukte en elektroniese naslaanbronne	65
	Inleiding	65
	Vraag 2.1 Besit en gebruiksfrekwensie van naslaanbronne	66
	Vraag 2.1 (1) Besit van gedrukte naslaanbronne	66
	Vraag 2.1 (2) Besit van elektroniese naslaanbronne	66
	Vraag 2.1 (3) Gebruiksfrekwensie van gedrukte naslaanbronne	67
	Vraag 2.1 (4) Gebruiksfrekwensie van elektroniese naslaanbronne	68
	Vraag 2.1 (5) Kompakskyfformaat is verkiesliker as Internet	69
	Vraag 2.1 (6) Gedrukte naslaanbronne behoort nie meer aangekoop te word nie	69
	Opsommende grafiese voorstelling van besit, gebruik en aankope van naslaanbronne	71
	Afleidings rakende die besit, gebruik en aankope van naslaanbronne	71
	Besit	71
	Gebruik	71
	CD-ROM-formaat eerder as Internet	72

Aankoop van gedrukte formaat	72
Samevattend	72
Vraag 2.2 Redes waarom gedrukte bronne nie gebruik word nie	72
Vraag 2.2 (1) Soekterme kan nie gekombineer word nie	73
Vraag 2.2 (2) Dit is nie die geskikste bron om te gebruik nie	73
Vraag 2.2 (3) Die gedrukte bron bied geen uitdaging of is nie indrukwekkend nie	74
Vraag 2.2 (4) Dit neem baie tyd in beslag om in gedrukte formate te soek	75
Vraag 2.2 (5) Gedrukte formate se inligting is nie reserant nie	75
Vraag 2.2 (6) Inligting in gedrukte formate is nie betroubaar nie	76
Vraag 2.3 Enige verdere redes waarom gedrukte formate nie gebruik word nie	77
Vergelykende statistiek rakende die redes vir die gebruik van gedrukte formate	78
Afleidings rakende die redes of gedrukte formate gebruik word al dan nie	78
Kombinering van soekterme	78
Gesikste bron/formaat	78
Indrukwekkendheid	79
Tydsduur	79
Resertheid	79
Betroubaarheid	79
Samevattend	79
Vraag 2.4 Redes waarom elektroniese formate nie gebruik word nie	79
Vraag 2.4 (1) Tydsduur om inligting in elektroniese formate te herwin	80
Vraag 2.4 (2) Inligting in elektroniese formate is nie betroubaar nie	80
Vraag 2.4 (3) Elektroniese formate is nie die gesikste formaat nie	81
Vraag 2.4 (4) Gebruikerskoppelvlak vir elektroniese formate is moeilik verstaanbaar	81
Vraag 2.4 (5) Die toeganklikheid tot elektroniese formate is beperk	82
Vraag 2.4 (6) Die biblioteek besit nie elektroniese formate nie	83
Vraag 2.5 Enige verdere redes waarom elektroniese formate nie gebruik word nie	84
Vergelykende statistiek rakende die redes vir die gebruik van elektroniese formate	85
Afleidings rakende die redes of elektroniese formate gebruik word al dan nie	85
Tydsduur	85
Betroubaarheid	85
Gesiktheid	86
Gebruikerskoppelvlak	86
Toeganklikheid	86
Samevattend	87
Afdeling C: Fiktiewe naslaanvrae	87
Inleiding	87
Voorbeelde van ses fiktiewe naslaanvrae	88

Resultate van fiktiewe naslaanavrae	88
Tabel 1: Verwysingsfrekwensie na, besit en gebruiksfrekwensies, verwysingsfrekwensies, aantal korrekte antwoorde vir onderskeidelik gedrukte en elektroniese formate, sowel as die totale aantal korrekte antwoorde	89
Afleidings uit Afdeling C	92
4.8 Samevatting	93
HOOFSTUK 5 AFLEIDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS	95
5.1 Inleiding	95
5.2 Afleidings en gevolgtrekkings	95
5.2.1 Die aard en gebruikswaarde van inligting in gedrukte naslaanbronne	95
5.2.2 Tegnologiese ontwikkeling en gebruikswaarde van naslaanbronne	96
5.2.3 Die besit, gebruiksfrekwensie en -waarde van gedrukte en/of elektroniese naslaanbronne	99
Besit	99
Gebruiksfrekwensie	99
Redes waarom spesifieke formate nie gebruik word nie	100
5.3 Aanbevelings en implikasies vir akademiese biblioteke	100
5.4 Slot	102
ADDENDUM I: DEKBRIEF, VRAELYS EN TERMINOLOGIE (AFR)	104
VRAELYS AAN NASLAANPERSONEEL VAN AKADEMIESE BIBLIOTEKE	105
LYS VAN TERMINOLOGIE	109
ADDENDUM II: LETTER OF COVERING, QUESTIONNAIRE AND TERMINOLOGY (ENG)	110
QUESTIONNAIRE TO THE REFERENCE STAFF OF ACADEMIC LIBRARIES	111
INDEX TO TERMINOLOGY	115
BIBLIOGRAFIE	116

Hoofstuk 1

Inleiding, probleem en doelstellings

1.1 Inleiding en probleemstelling

Biblioteekgebruikers het tot enkele jare gelede slegs één toegangsmoontlikheid tot naslaanbronne gehad. So byvoorbeeld was die *Encyclopedia Britannica* slegs in gedrukte formaat beskikbaar. Tegnologiese ontwikkeling het egter daartoe gelei dat hierdie gedrukte ensiklopedie nou ook elektronies in verskillende formate soos *Britannica CD*, die kompakskyfformaat, en *Britannica Online*, die intydse formaat op Internet, beskikbaar is. Ontwikkeling in die inligting- en kommunikasietegnologie het dus meegebring dat naslaanbronne soos ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse wat aanvanklik slegs in gedrukte formaat beskikbaar was, nou ook in elektroniese formaat te kry is. Dít het 'n dilemma geskep ten opsigte van die gebruikswaarde van gedrukte naslaanbronne. Enersyds is gedrukte naslaanbronne bekend en geëk en bestaan daar sekerheid oor hulle samestelling en gebruikswaarde. Die tipe samestelling bied gewoonlik 'n goed georganiseerde, gestandaardiseerde uiteensetting, wat die gebruikswaarde van inligting in gedrukte naslaanbronne verhoog, omdat inligting gemaklik en vinnig herwin kan word. Dat die inhoud van gedrukte naslaanbronne vir die duur van 'n bepaalde uitgawe konstant bly, lei daartoe dat gebruikers vertrouwd raak met die tipe inligting soos in daardie uitgawe vervat, wat verder bydra tot die vinnige herwinning van inligting (Harris & Oppenheim, 1996: 253,255-256; Johnston, 1998:13; Poulter, 1997:141; Smith & Templeton, 1999:31). Andersyds word gevind dat daar toenemend gesofistikeerder elektroniese toegangs- en soekmoontlikhede vir die herwinning van inligting in naslaanbronne geskep word. Die gemak waarmee sommige tipes inligting elektronies herwin kan word, moet egter nie die keuse van die geskikste bronne oorskadu nie.

Tenopir (1993:52) is van mening dat gedrukte publikasies nog steeds die standaardformaat vir sekere kategorieë naslaanbronne sal bly, terwyl ander tipes inligting se gebruikswaarde deur die gedrukte formaat beperk word en daarom eerder in elektroniese formaat verkies word. Slavens (1996:98) bevind dat elektroniese inligtingsformate nie gedrukte formate sal vervang nie, maar eintlik die gebruikswaarde van gedrukte naslaanbronne verhoog. Worlock (1997:383) en Crawford (1998:30) is ook van mening dat verskillende inligtingsformate elkeen oor hul eie unieke gebruikswaarde beskik en daarom mekaar aanvul en nie mekaar uitskakel nie:

"The pessimist/realists [sic] argue that all existing media will co-exist indefinitely, with digital additionality helping existing analogue environments to maintain their positioning rather than being undermined by it."

"A future of both print and electronic communication; both linear text and hypertext; both mediation and direct access; both physical collections and electronic access. I believe in future libraries that are both edifice and interface; that serve 'beyond the walls' but that are also distinctive place-based services."

Verskeie outeurs het dus verskillende menings oor die gebruikswaarde van gedrukte naslaanbronne. In 'n era waar inligting toenemend 'n belangriker rol speel, is dit van kardinale belang om telkens die geskikste formaat vir vinnige en maklike herwinning van inligting aan te wend.

Clausen (1997:178) dui in die 1997-uitgawe van die *Gale Directory of Databases* die dinamiese toename in elektroniese inligting in verskillende formate aan. Vanaf 1975 tot 1996 het die aantal databasisse van 301 tot 10 033 toegeneem en die aantal publikasies in hierdie databasisse het van 52 miljoen tot ongeveer 11 000 miljoen vermeerder. Internet is volgens die gebruiksfrekwensie 'n baie populêre inligtingsbron vir die herwinning van inligting. Biddiscombe (1996:157-158) dui aan dat 30 miljoen gebruikers uit 152 lande in 1996 van netwerkkoppeling met Internet gebruik maak. Teen die huidige groeitempo sal geletterdes wêreldwyd teen die jaar 2004 koppeling met Internet hê. Ontwikkelende lande soos Suid-Afrika beskik egter vanweë finansiële knelpunte oor beperkte elektroniese fasiliteite, waaronder toegang tot Internet. Slegs 9.5 uit elke 100 inwoners in Suid-Afrika teenoor 57 uit elke 100 inwoners van die Verenigde State van Amerika beskik oor telekommunikasiefasiliteite.

Elektronies gebaseerde inligting beskik egter nie slegs oor voordele nie. Verskeie beperkings, soos onder andere duplisering, sekuriteitsprobleme, hoë koste, inligtingsomgewings wat meestal varieer, onverstaanbare gebruikerskoppelvlakke, ingewikkelde soekmodi en die lang tydsduur wat elektroniese soektogte tot gevolg kan hê, word geïdentifiseer (Corlett, 1996:135-146; Worlock, 1997:383). Biddiscombe (1996:92) en Clausen (1997:182) waarsku ook dat die Internet as inligtingsbron vanweë die ongeordende wyse waarop die inligting aangebied word, nie vir gebruikers maklik is om te gebruik nie. Daar is verder min ondersteuning vir die bewering dat die meeste navrae wel bevredigend deur elektroniese formate soos Internet beantwoord kan word.

Die gebruik van gedrukte teenoor elektroniese naslaanbronne het dus 'n fokuspunt geword, en daar word selfs daarna verwys as 'n "war" (Konishi, 1997:23) in 'n poging om vas te stel watter tipe formaat die geskikste onder bepaalde omstandighede is.

Uit bogenoemde bespreking blyk dit dus dat daar geen definitiewe aanname gemaak kan word dat gedrukte naslaanbronne nie meer gebruikswaarde het nie. Hierteenoor bied elektroniese naslaanbronne vernuwende moontlikhede vir die beskikbaarstelling en herwinning van inligting. Wat die toekoms vir die verskillende inligtingsformate sal inhou, bly dus 'n debatteerbare kwessie. Hierdie dualistiese siening hou egter implikasies in vir die aankope en beskikbaarstelling van inligtingsbronne in biblioteke en vir die vaardighede waarvoor inligtingsbibliotekaris moet beskik.

Noodwendigerwys dring die volgende vrae na vore:

- Wat is die aard en waarde van die tipe inligting in gedrukte naslaanbronne?
- In watter mate het gedrukte naslaanbronne reeds ontwikkel tot elektroniese formate?
- In watter formaat word naslaanbronne die meeste in akademiese biblioteke in Suid-Afrika gebruik?

- Word daar tans 'n situasie ondervind waar elektroniese naslaanbronne die gedrukte formate verdring en/of vervang of kan hulle aanvullend tot mekaar bestaan?
- Watter implikasies hou die situasie vir Suid-Afrikaanse akademiese biblioteke in waar dit die aankope en beskikbaarstelling van inligtingsbronne aangaan?

1.2 Doelstellings

Die doel van die studie is om te bepaal:

- wat die aard en waarde van inligting in gedrukte ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse is;
- in watter mate bogenoemde gedrukte naslaanbronne reeds tot elektroniese formate ontwikkel het;
- wat die aard en waarde van inligting in elektroniese naslaanbronne behels;
- watter formate die meeste in Suid-Afrikaanse akademiese biblioteke gebruik word;
- of daar 'n situasie ondervind word waar elektroniese naslaanbronne die gedrukte formate verdring en/of vervang, en of hulle aanvullend tot mekaar bestaan;
- watter implikasies die situasie vir akademiese biblioteke in Suid-Afrika rakende die aankope en beskikbaarstelling van inligtingsbronne inhou.

1.3 Terreinafbakening

- **Naslaanbronne** word vir hierdie studie beperk tot daardie tipes wat die meeste vir die herwinning van inligting gebruik word, naamlik: **ensiklopedieë; woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse.**
- **Formate** wat by die studie betrek word, is **gedrukte en elektroniese formate.**
- **Elektroniese formate** wat by die studie betrek word, is **CD-ROM en Internet.**
- Slegs **akademiese** biblioteke in **Suid-Afrika** wat interbiblioteekdienste lewer, word by hierdie studie betrek.

1.4 Metode van ondersoek

Die navorsing wat onderneem word, is verkennend van aard, en daar is soos volg te werk gegaan:

1.4.1 Literatuurstudie

'n Literatuurstudie is gedoen om:

- enkele begrippe te omskryf;

- te bepaal wat die aard en waarde van inligting in gedrukte ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse behels;
- vas te stel in watter mate bogenoemde gedrukte naslaanbronne reeds tot elektroniese formate ontwikkel het;
- te bepaal in watter mate daar voorkeur aan die gedrukte- en/of elektroniese formate vir die herwinning van inligting volgens gerapporteerde gebruikerstudies verleen word;
- vas te stel of gedrukte formate deur elektroniese formate verdring en/of vervang word en of hulle aanvullend tot mekaar gebruik word.

1.4.2 Data-insameling

1.4.2.1 Onderzoekgroep

Die onderzoekgroep bestaan uit naslaanpersoneel van universiteits- én technikonbiblioteke in Suid-Afrika. Al die universiteite in Suid-Afrika is by die onderzoekgroep betrek. Hierteenoor is slegs technikonbiblioteke – biblioteke van onderwyskolleges ingesluit – wat interbiblioteekdienste lewer by die onderzoekgroep ingesluit.

1.4.2.2 Metode van ondersoek

Data is ingesamel om vas te stel in watter mate die onderzoekgroep voorkeur verleen aan gedrukte teenoor elektroniese formate. Dit het plaasgevind deur middel van 'n vraelys aangesien dit 'n gestandaardiseerde wyse bied vir die stel van vrae aan respondente wat hulle op verskillende geografiese plekke bevind. Die vraelys is op die literatuur gegrond en is semigestruktureer. Dit bevat hoofsaaklik inhoudsgeldige vrae. Wat die vraelysontwikkeling betref, is dit ten opsigte van voorkoms, inhoud en konstruksie deur vakkundiges en die Statistiese Konsultasiediens van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys gekontroleer.

1.4.2.3 Dataverwerking

Resultate is kwalitatief en kwantitatief verwerk. Kwantitatiewe verwerking is by wyse van frekwensietabelle en beskrywende statistiek weergegee. Kwalitatiewe verwerking is deur middel van oopeindekodering by wyse van inhoudsontleding gedoen. Opsommende kommentaar oor die gebruikswaarde van elke tipe naslaanbron in die verskillende formate en die implikasies daarvan vir akademiese biblioteke word gegee.

1.5 Hoofstukindeling

Hierdie studie neem 'n aanvang met die inleidende hoofstuk waarin agtergrond oor die onderwerp, probleem- en doelstellings, terreinafbakening, metode van ondersoek en hoofstukindeling aangetoon word.

In Hoofstuk 2 word die aard en gebruikswaarde van inligting in gedrukte ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse bepaal. Daar word ook op die kategorisering van die verskillende tipes naslaanbronne op grond van bepaalde kriteria gelet.

In Hoofstuk 3 word die tegnologiese ontwikkeling van gedrukte naslaanbronne tot elektroniese formate, veral CD-ROM en Internet, bepaal. Die eienskappe van hierdie elektroniese formate ten opsigte van die herwinning van inligting en die gebruikswaarde wat dit vir die verskillende tipes inligting inhou, word ook bepaal.

Die kontemporêre gebruik van gedrukte- en/of elektroniese naslaanbronne vir die herwinning van inligting aan Suid-Afrikaanse akademiese biblioteke word deur middel van 'n empiriese studie in Hoofstuk 4 bepaal. 'n Vraelys is as meetinstrument gebruik om betroubare resultate te bekom. Vrae oor die besit en gebruik van die verskillende naslaanbronne wat in hierdie studie betrek is, is op die vraelys aan inligtingsbibliotekaris gestel. Die resultate sowel as die afleidings uit die antwoorde op hierdie vraelys word in Hoofstuk 4 uiteengesit.

Die laaste hoofstuk, naamlik Hoofstuk 5, bevat afleidings, gevolgtrekkings en aanbevelings wat met die besit en beskikbaarstelling van inligtingsbronne in akademiese biblioteke in Suid-Afrika verband hou.

Hoofstuk 2

Die aard en gebruikswaarde van inligting in enkele hoofkategorieë gedrukte naslaanbronne

2.1 Inleiding

Die doel van hierdie hoofstuk is om te bepaal hoedanig die aard en gebruikswaarde van inligting in ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse in gedrukte formaat is en om aan die hand van die bevindings te evalueer in watter mate die gedrukte formaat vir die herwinning van spesifieke tipes inligting geskik is of nie. Die klem val deurlopend daarop om uiteindelik te bepaal of soortgelyke inligting in elektroniese formaat oor groter gebruikswaarde beskik en dus eerder deur biblioteke in Suid-Afrika vir die herwinning van inligting gebruik word.

2.2 Tipes gedrukte naslaanbronne

Verskeie outeurs soos Behrens (1994), Katz (1992), Lea (1990), Schutte (1985), Sheehy (1986), Shores (1954) en Wynar (1967) bied besprekings van die verskillende hoofkategorieë gedrukte naslaanbronne. Al hierdie outeurs sal egter nie deurgaans by al die kategorieë naslaanbronne in die hieropvolgende bespreking betrek word nie, maar slegs dié wat die relevantste is vir die spesifieke tipe naslaanbron onder bespreking. Behrens (1994) en Schutte (1985) se publikasies word wel deurgaans as basis vir die bespreking in Hoofstuk 2 gebruik.

Die meeste outeurs klassifiseer die verskillende tipes gedrukte naslaanbronne in hoof- en subkategorieë en voorsien titels van publikasies as voorbeelde by elkeen van die kategorieë. Die hoofkategorieë naslaanbronne by hierdie outeurs stem in 'n groot mate met mekaar ooreen, omdat die aard van die inligting as kriterium gebruik is om bepaalde hoofkategorieë naslaanbronne te tipeer. Hierdie outeurs verskil egter ten opsigte van die klassifisering van naslaanbronne in subkategorieë, omdat hulle nie dieselfde kriteria aanwend om bronne te tipeer nie. Hulle gee ook verskillende titels as voorbeelde van naslaanbronne by die onderskeie kategorieë. Enkele outeurs bied ook verduidelikende inligting oor die spesifieke kategorieë naslaanbronne, alhoewel die tipe inligting en detail van outeur tot outeur verskil.

Die genoemde verskille in die aanbieding en uiteensetting word deur 'n verskeidenheid faktore bepaal, waaronder die doel, vak, geografiese gebied, teikengroep en formaat van die publikasie. As voorbeeld kan Behrens (1994) se publikasie *Bibliographic Control and Information Sources*, met dié van Sheehy (1986), *Guide to Reference Books*, vergelyk word. Behrens se publikasie is primêr saamgestel om as hulp by die opleiding van biblioteek- en inligtingkundestudente in Suid-Afrika te dien. Suid-Afrikaanse titels word gevolglik eerder as voorbeelde gebruik waar hulle van toepassing is, en die outeur verstrekk geensins 'n volledige opgawe van titels by elkeen van die verskillende tipes naslaanbronne nie. Gedetailleerde inligting word deur Behrens verskaf oor elke hoof- en

subkategorie naslaanbron met spesifieke titel(s) as voorbeelde by elk. Die doel is om die student met al die verskillende kategorieë naslaanbronne vertrou te maak. Hierteenoor is die bepalende faktor in Sheehy se boek dat dit daarop gerig is om as 'n hulpmiddel te dien by die aanskaf van naslaanbronne. 'n Betreklik verteenwoordigende lys titels van naslaanbronne word dus gebied, sowel as 'n kort bespreking van die spesifieke kategorie en publikasie. Om hierdie redes is die publikasie van Sheehy van 'n baie groter omvang as dié van Behrens ten opsigte van die aantal titels wat as voorbeelde aangebied word. Die omvang van die beskrywing van elke kategorie is egter omvangryker in die geval van Behrens.

Vanweë die verskeidenheid tipes naslaanbronne is dit nie moontlik om al die kategorieë in hierdie studie te bespreek nie. Volgens navorsing van verskillende outeurs (Behrens, 1994:186; Brogan & Buck, 1969:54; Katz, 1992:215; Sheehy, 1986:132; Shores, 1954:56,92,173; Walford, 1993-1995; Whittaker, 1990:14; Wynar, 1967:207) blyk dit dat sommige hoofkategorieë naslaanbronne soos ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse onderskeidend is in die sin dat hulle die hoogste gebruikersfrekwensie het en daarom word slegs hierdie spesifieke kategorieë naslaanbronne in hierdie studie betrek.

Die inligting in gedrukte ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse verskil inhoudelik. Dit noop derhalwe 'n afsonderlike bespreking van elke hoofkategorie, omdat die aard, fisiese formaat en herwinningspotensiaal bepalend is vir die gebruikswaarde en die keuse van so 'n spesifieke hoofkategorie.

2.2.1 Ensiklopedieë

Omskrywing

Die term *ensiklopedie* is van Griekse oorsprong en het daarvolgens "instruction in the circle of knowledge" (Katz, 1992:216-217; Walford, 1990:35; Wynar, 1967:160) beteken. Tans word die woord *ensiklopedie* losweg gebruik om 'n algehele oorsig te gee van die kennisterrein wat in die spesifieke ensiklopedie bevat word. Vanweë die omvang van beskikbare inligting spreek dit egter vanself dat geen ensiklopedie alle kennis volledig kan bevat nie. Behrens (1994:186), Shores (1954:57), Katz (1992:216) en Walford (1990:35) definieer 'n ensiklopedie daarom meer spesifiek as 'n naslaanbron wat óf inligting oor alle vertakkinge van kennis óf uitgebreide inligting oor 'n beperkte onderwerpsveld bevat en dit op 'n sistematiese wyse, gewoonlik alfabeties, aanbied. Hierdie omskrywing verwys met woorde soos *alle* en *beperkte* na die verskillende tipes ensiklopedieë.

Tipes ensiklopedieë

Behrens (1994:186-201), Grogan (1990:58-81), Walford (1990:35-57) en Schutte (1985:24-46) onderskei twee hoofkategorieë ensiklopedieë, naamlik *algemene* en *vakensiklopedieë*. Ander outeurs soos Shores en Katz onderskei egter meer tipes. Shores (1954:57) onderskei ses hoofkategorieë, naamlik *omvattende volwasse ensiklopedieë*, *populêre volwasse ensiklopedieë*,

volwasse eenbandensiklopedieë, skoolensiklopedieë, buitelandse ensiklopedieë en vakensiklopedieë. Katz (1992:236-275) onderskei agt tipes ensiklopedieë, naamlik *elektroniese, volwasse, populêre volwasse of hoërskool-, kinder- of jongmensensiklopedieë, ensiklopediese supplemente, eenband- en buitelandse ensiklopedieë*. Shores en Katz gebruik met hierdie klassifisering primêr nie die eienskappe van die inhoudelike inligting as kriterium nie, maar 'n verskeidenheid eienskappe soos die fisiese formaat (elektroniese), omvang (eenbandensiklopedieë), geografiese oorsprong (buitelandse ensiklopedieë), gebruikerskorps (skoolkinder, volwassenes, jongmense) en inhoudelike inligting (vakensiklopedieë) om ensiklopedieë te subkategoriseer. Die aard van die inhoudelike inligting is egter die bepalende eienskap wat algemeen gebruik behoort te word om inligtingsbronne te tipeer. Dit blyk wel uit die verskillende outeurs (Sheehy, 1986:132; Shores, 1954:56,92,173; Whittaker, 1990:14; Wynar, 1967:207; Brogan & Buck, 1969:54; Katz, 1992:131-327,361-398; Behrens, 1994:186) se min of meer ooreenstemmende klassifisering van die verskillende hoofkategorieë naslaanbronne as *ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse*. Sodoende word 'n logiese en wetenskaplik verantwoordbare onderskeidskriterium verkry wat eenvormige kategorisering in die hand werk. Verdere eienskappe kan wel aangewend word om hierdie hoofkategorieë ensiklopedieë te subkategoriseer volgens land of formaat. Vir doeleindes van die studie word met die indeling in *algemene* en *vakensiklopedieë* volstaan. Vervolgens word die aard van inligting in hierdie twee kategorieë ensiklopedieë bespreek.

Die aard van inligting in ensiklopedieë

Schutte (1985:24) wys daarop dat die artikels in albei tipes ensiklopedieë gewoonlik op kort en kernagtige wyse aangebied word, maar dat die detail van die inligting kan verskil. *Algemene ensiklopedieë* soos *The World Book Encyclopedia* (1984) probeer om beperkte inligting oor die spektrum van kennis in 'n mindere of meerdere mate weer te gee. In die geval waar 'n gebruiker dus inligting van 'n algemener aard of 'n eenvoudige verduideliking oor 'n saak verlang, sou 'n algemene ensiklopedie die toepaslike naslaanbron wees (Behrens, 1994:192). Daarteenoor is *vakensiklopedieë* soos *The International Encyclopedia of Psychiatry, Psychology, Psychoanalysis, and Neurology* (1984) daarop gerig om meer vakspesifieke inligting te bevat soos deur die titel en voorafligting aangedui word (Grogan, 1990:61). Laasgenoemde ensiklopedie sal byvoorbeeld onderwerpe insluit soos emosie, dwelmmisbruik, depressie, kliniese sielkunde, die brein, spanning, droomuitleg, ensieme en diagnostiese metodes.

Indien 'n vakensiklopedie en 'n algemene ensiklopedie 'n artikel bevat oor dieselfde onderwerp, byvoorbeeld depressie, sal die inligting verskil. Waar 'n artikel oor depressie in *The World Book Encyclopedia* (1984) byvoorbeeld slegs enkele paragrawe beslaan, bestaan die artikel oor dieselfde onderwerp in *The International Encyclopedia of Psychiatry, Psychology, Psychoanalysis, and Neurology* (1984:54-69) uit ongeveer sestien bladsye. Die artikel in die algemene ensiklopedie raak algemene aspekte aan, soos wat depressie behels en waarmee dit behandel kan word, teenoor dié in die vakensiklopedie wat gespesialiseerde aspekte soos byvoorbeeld die volgende insluit, naamlik

Horney se siening oor depressie, post-Freudiaanse teorieë, stimulantie en die farmakologiese behandeling van depressie.

Ensiklopedieë, veral algemene ensiklopedieë, maak ruim gebruik van foto's, prente, transparante, illustrasies, skematiese voorstellings, kaarte, tabelle en grafieke om die teks toe te lig (Schutte, 1985:34,40; Behrens, 1994:191). Vergelyk byvoorbeeld die artikel oor poppe in *The World Book Encyclopedia* (1984) waar kleurvolle foto's van die verskillende soorte poppe die teks vir die gebruiker baie meer verstaanbaar maak en dus die waarde van die ensiklopedie verhoog.

Die gebruikswaarde van inligting in gedrukte ensiklopedieë

Verskeie faktore soos resenteheid, addisionele inligting tot die teks wat in die bron vervat word en die vinnige en maklike herwinning van inligting, bepaal die gebruikswaarde van inligting wat in gedrukte ensiklopedieë vervat word. In die samestelling van die meeste ensiklopedieë is doelstellings soos objektiwiteit, outoriteit, duidelikheid, omvattende dekking van die basiese inligting en resenteheid deurslaggewend (Schutte, 1985:27). Hierdie doelstellings stem grotendeels ooreen met die kriteria wat toegepas word om gedrukte ensiklopedieë te evalueer (Behrens, 1994:188-191; Schutte, 1985:30-41).

Die resenteheid van die inligting in ensiklopedieë as waardebepalende faktor word beïnvloed deur die tyd wat in beslag geneem word om die gedrukte ensiklopedie te publiseer (Behrens, 1994:189; Schutte, 1985:31-32,38). Die gebruikswaarde van die gedrukte ensiklopedie word inderdaad nadelig hierdeur beïnvloed. In die meeste gevalle verloop twee of meer jaar vandat die artikel geskryf is totdat die ensiklopedie vir die gebruiker beskikbaar is.

'n Verdere waardebepalende faktor is die vinnige en maklike herwinning van inligting wat afhanklik is van die ordeningswyse wat vir die teks gebruik word. Met hierdie doel voor oë word inligting in die hoofdeel van 'n ensiklopedie dus meestal alfabeties volgens onderwerp georden (Behrens, 1994:190-191; Grogan, 1990:65).

Sodanige ordeningswyse skep 'n maklike, vinnige en algemeen bekende wyse van toegang tot en die herwinning van inligting (Schutte, 1985:27). Inligting wat in 'n bron aangebied word, dien geen doel as dit volledig en wetenskaplik van aard is, maar nie maklik herwin kan word nie (Grogan, 1990:65). Die alfabetiese ordening van onderwerpe in gedrukte ensiklopedieë veroorsaak egter in sommige gevalle dat die plasing van artikels bepaal word deur die volgorde van die letters van die alfabet en nie deur verbandhoudendheid nie. Hiervolgens word inligting wat oor dieselfde onderwerp handel nie bymekaar geplaas nie, byvoorbeeld *tande* en *tandwortel*. Enkele ensiklopedieë, soos die *Oxford Junior Encyclopaedia* (1952-1956), maak om hierdie rede van 'n geklassifiseerde ordeningsmetode gebruik. Hiervolgens word alle inligting wat oor dieselfde onderwerp handel eers in breë klasse bymekaar georden. Binne elke breë onderwerpsklas word subonderwerpe geïdentifiseer, wat volgens die alfabetiseringsmetode onder mekaar georden word. Alhoewel hierdie ordeningsmetode die voordeel inhou dat artikels wat oor dieselfde onderwerp handel, bymekaar geplaas word, word dit nie algemeen deur ensiklopediese redaksies gebruik nie. Die tradisionele

alfabetiseringsmetode is bekender en eenvoudiger om te gebruik, omdat die gebruikers slegs alfabeties na 'n onderwerp hoef te soek om inligting te herwin. Die geklassifiseerde ordeningsmetode veronderstel dat gebruikers vooraf sal weet onder watter breë onderwerp 'n spesifieke tema tuishoort. Sonder die kennis sal bepaalde inligting steeds ontoeganklik bly.

Voldoende kruis- en skakelverwysings, sowel as 'n volledige, duidelik verstaanbare indeks (Behrens, 1994:191; Schutte, 1985:33) is by alfabetiese en geklassifiseerde metodes in gedrukte ensiklopedieë noodsaaklik om verbandhoudende inligting te kan herwin. Dit is veral nodig in gevalle waar ensiklopedieë addisionele inligting buite die normale alfabetiese orde van die teks bevat (Grogan, 1990:71). Die publikasie *The Oxford Companion to Classical Literature* (1989) bevat byvoorbeeld dertig bladsye tydperkindeling vir klassieke literatuur, 'n tabel van Griekse en Romeinse mate en gewigte, planne en illustrasies van Griekse en Romeinse huise, teaters en tempels en tien bladsye met addisionele kaarte. Sodanige addisionele inligting verhoog slegs die waarde van die ensiklopedie as dit herwinbaar is.

Navorsing wat gedoen is (Grogan, 1990:72), toon aan dat *feitenavrae* 'n beduidende persentasie vorm van die tipes navrae wat in biblioteke gevra word en dat die meeste daarvan inderdaad bevredigend beantwoord word deur die tipe inligting wat uit ensiklopedieë herwin word.

Ensiklopedieë bevat dus meestal 'n goed georganiseerde, gestandaardiseerde aanbieding van inligting oor 'n verskeidenheid onderwerpe wat vir die duur van die spesifieke uitgawe konstant bly. Sodoende word vir die gebruiker 'n bekende omgewing geskep waarbinne inligting op 'n tydsbesparende wyse herwin kan word. Dit kan as 'n handige beginpunt in 'n uitgebreide studie oor 'n onderwerp gebruik word, of as 'n aanknopingspunt dien vir diegené wat byvoorbeeld iets oor die basiese aspekte van 'n gespesialiseerde vakgebied te wete wil kom. Die grootste nadeel is die tydsverloop vandat die artikels geskryf word totdat die ensiklopedie gepubliseer word.

Die volgende groep inligtingsbronne wat bespreek word, is radikaal anders ten opsigte van die aard van die inligting wat in die bronne voorkom, naamlik woordeboeke.

2.2.2 Woordeboeke

Omskrywing

Whittaker (1990:11) en Behrens (1994:173) definieer 'n *woordeboek* as 'n lys van die woorde van 'n taal of tale, of 'n lys van woorde wat met 'n spesifieke onderwerp verband hou. Hierdie woorde word gewoonlik alfabeties georden en gaan óf met verklarings soos spelling, uitspraak en betekenis, óf met vertalings gepaard. Addisionele inligting, soos byvoorbeeld sinonieme, afkapping en etimologie word ook soms ingesluit, afhangende van die doel waarvoor die woordeboek saamgestel word.

Die inligting in woordeboeke is primêr daarop gerig om die betekenis van *woorde* te verduidelik. 'n Woordeboek is nie soos 'n ensiklopedie gerig op die aspekte wat deur die woord vergestalt word nie. 'n Ensiklopedie sal byvoorbeeld gepaste inligting oor die komponis Beethoven bevat, soos wanneer

hy gebore is, wat hy gedoen het en waar hy gebly het sonder om noodwendig die betekenis van die woord *Beethoven* te verskaf. Hierteenoor sal 'n woordeboek wat inligting oor die woord *Beethoven* bevat, konsentreer op die betekenis van die woord.

Tipes woordeboeke

Whittaker (1990:11) en Behrens (1994:173) verdeel woordeboeke hoofsaaklik in twee hoofkategorieë, naamlik *taalwoordeboeke*, wat verklarings van woorde gee, en *vertaalwoordeboeke*, wat vertalings van woorde verskaf. Die eienskappe van die inligting in woordeboeke korreleer dus met een van hierdie twee tipes woordeboeke, wat meteen na die gebruiksaanwendings van die woorde verwys. Hierdie gebruiksaanwendings word getipeer as die mikrostruktuur, synde die inligting wat oor die gelyste woorde gegee word, en word onderskei van die makrostruktuur, naamlik die lys woorde.

'n Vergelyking van die klassifikasie van verskillende tipes woordeboeke deur outeurs soos Schutte (1985:70-72), Brogan en Buck (1969:54-62), Shores (1954:24-55), Wynar (1967:219-233), Whittaker (1990:21-31) en Behrens (1994:174-182) toon kategorie- en terminologiese verskille. Twee (Schutte, 1985:70-72) tot ses (Whittaker, 1990:21-31) verskillende kategorieë woordeboeke word onderskei. Enkele outeurs soos Schutte (1985:70-72), Shores (1954:24-55), Brogan en Buck (1969:54-62), Whittaker (1990:21-31) en Behrens (1994:174-182) stem ooreen ten opsigte van hulle klassifikasie in twee kategorieë woordeboeke, naamlik *taalwoordeboeke* en woordeboeke wat 'n taal vanuit 'n gespesialiseerde gesigspunt behandel. Laasgenoemde tipe woordeboek word ook onder die sinonieme terme *gespesialiseerde woordeboeke* (Behrens, 1994:181-182) of *aanvullende woordeboeke* (Shores, 1954:24) aangedui. Gespesialiseerde woordeboeke sal dan alle tipes woordeboeke soos *uitspraakwoordeboeke*, *rymwoordeboeke*, *etimologiese woordeboeke*, *afkortingswoordeboeke* en *pleknaamwoordeboeke* insluit.

'n Verdere hoofkategorie woordeboek wat deur Whittaker (1990:31-33) onderskei word, is *aanhalingswoordeboeke*. Die makrostruktuur fokusseer egter eerder op die taal as literatuur as op die grammatikale aspek en bevat om hierdie rede baie illustrerende aanhalings (Whittaker, 1990:12). Sodanige woordeboeke kan gebruik word om 'n aanhaling te vind of te identifiseer. Aanhalingswoordeboeke is dus in die lig van bogemelde uiteensetting weinig anders as 'n tipe gespesialiseerde taalwoordeboek.

Behrens (1994:174-182) en Whittaker (1990:21-31) onderskei twee verdere kategorieë woordeboeke, naamlik *vertaalwoordeboeke* en *vakwoordeboeke*. Brogan en Buck (1969:54-62), Wynar (1967:232-233) en Shores (1954:24) se derde kategorie of tipe woordeboek, naamlik *vreemdetaalwoordeboeke*, is vergelykbaar met vertaalwoordeboeke wat deur Behrens (1994:174-182) en Whittaker (1990:21-31) onderskei word.

Die vyfde en sesde kategorieë, naamlik *aanhalingswoordeboeke* en *konkordansies*, is die laaste twee kategorieë wat deur Whittaker (1990:31-33) onderskei word. Geeneen van die ander outeurs

tref hierdie onderskeid nie. Schutte (1985:54) tipeer egter 'n *konkordansie* as 'n lys van woorde wat 'n indeks op 'n spesifieke geskrif (soos die Bybel) is, met verwysings na die betrokke gedeeltes. 'n Konkordansie kan dus wel as 'n tipe gespesialiseerde woordeboek getipeer word, maar kan kwalik as 'n hoofkategorie-woordeboek gekategoriseer word in die lig daarvan dat dit primêr nie betekenis aandui nie.

Die kategorie wat Wynar (1967:219-233) as *historiese woordeboeke* aandui, sluit woordeboeke in wat die oorsprong, geskiedenis en betekenis van woorde bevat. Vergelyk byvoorbeeld die publikasie *The Oxford English Dictionary: Being a Corrected Re-issue with an Introduction, Supplement, and Bibliography of a New English Dictionary on Historical Principles* (1933) wat alle woorde bevat wat sedert 1150 in Engels gebruik is.

Die vier kategorieë woordeboeke wat deur Wynar (1967:219-233) onderskei word, stem slegs met die ander outeurs ten opsigte van taalwoordeboeke ooreen. Wynar onderskei hierdie kategorie as *vreemde taalwoordeboeke* en klassifiseer woordeboeke wat ander tale as Engels insluit, onder hierdie kategorie, soos byvoorbeeld woordeboeke wat Engels, Spaans en Frans insluit. Die ander drie kategorieë woordeboeke wat Wynar (1967:219-233) onderskei, is die volgende: *onverkorte woordeboeke*, *verkorte woordeboeke* en *historiese woordeboeke*.

Indien al die verskillende kategorieë woordeboeke soos hierbo aangetoon van naderby beskou word, blyk dit dat daar inderdaad slegs twee hoofkategorieë woordeboeke onderskei kan word, naamlik taalwoordeboeke en vertaalwoordeboeke.

Die aard van inligting in gedrukte woordeboeke

Taalwoordeboeke word deur Behrens (1994:175) gedefinieer as 'n bron wat verduidelikende inligting oor woorde van 'n spesifieke taal in die woorde van dieselfde taal bevat. Die omvang van die taalwoordeboek rakende die makrostruktuur (lys woorde) sowel as die mikrostruktuur (detail van die inligting oor elke woord) hang grotendeels saam met die doel waarvoor die woordeboek saamgestel word, asook met die teikengroep vir wie dit bedoel is. In vergelyking met 'n skoolwoordeboek in 'n spesifieke taal sal 'n omvattende woordeboek vir dieselfde taal, soos die *Woordeboek van die Afrikaanse taal* (1950-), dus baie meer woorde in die makrostruktuur lys, met baie meer detail oor die mikrostruktuurelemente, soos die betekenis, etimologie en sinonieme.

Whittaker (1990:21) herlei hierdie verskil in omvang na subkategorie-taalwoordeboeke, naamlik *uitgebreide* of *omvattende* teenoor *verkorte* of *geselekteerde taalwoordeboeke*. Wynar (1967:219-233) tipeer egter dieselfde subkategorieë as hoofkategorie-woordeboeke deur omvang as 'n primêre eienskap te beskou. Wynar (1967:219-233) en Whittaker (1990:21) se indeling skep onduidelikhede aangesien enige tipe woordeboek omvattend of verkort kan wees, afhangende van die doel en teikengroep. Die terme *omvattend* en *verkort* is dus nie tiperend van die aard van die inligting wat in daardie spesifieke tipe woordeboek voorkom nie, maar dui slegs op die omvang van woordeboeke se makro- en mikrostrukture.

Taalwoordeboeke verskil nie slegs in omvang nie, maar ook in ander opsigte. Dit blyk uit verskillende woordeboeke wat in dieselfde taal verskyn, byvoorbeeld Engels, maar wat verskil afhange van die land (Verenigde State van Amerika of Brittanje) waar die betrokke woordeboeke uitgegee word. Sodanige woordeboeke verskil in die makro- (byvoorbeeld spelling) sowel as mikrostruktuur (byvoorbeeld betekenis). Soms word die eiesoortige konvensies rakende die mikrostruktuurelemente – soos die spelling en die betekenis van woorde – van *albei* lande deur 'n spesifieke woordeboek aangedui.

'n Verdere aspek ten opsigte waarvan taalwoordeboeke kan verskil, is geleë in sekere tipes woorde en ander inligting wat die meeste algemene taalwoordeboeke uitlaat of slegs gedeeltelik aanraak, byvoorbeeld dialekte, uitspraak, rym, sleng, plekname, verouderde woorde, afkortings en frases (Whittaker, 1990:26-27). Sodanige woordeboeke word deur outeurs soos Schutte (1985:70-72), Shores (1954:24-55), Brogan en Buck (1969:54-62), Whittaker (1990:21-31) en Behrens (1994:174-182) onderskei as 'n alternatiewe hoofkategorie woordeboek, naamlik *gespesialiseerde woordeboeke*, soos hierbo onder die verskillende tipes woordeboeke aangetoon.

'n Verdere eienskap van sommige taalwoordeboeke is die insluiting van nie alleen ensiklopediese inligting oor woorde nie (byvoorbeeld name van konings en koninginne of doopname en hulle betekenis of illustrasies), maar ook afsonderlike afdelings met tabelle van mate en gewigte, ensovoorts. Al hierdie addisionele inligting vermeerder die gebruiksaanwending van woordeboeke tot baie meer as net die verklaring of vertaling van woorde (Sheehy, 1986:146).

Die tweede hoofkategorie woordeboeke wat onderskei word, is vertaalwoordeboeke.

Behrens (1994:178) definieer 'n *vertaalwoordeboek* as 'n bron wat óf tweetalig óf meertalig is en die ekwivalent van die woorde van 'n taal in die woorde van 'n ander taal verskaf. Vertaalwoordeboeke is dus sowel in omvang as die aantal tale en die lengte van die onderskeie afdelings nie altyd dieselfde nie. Die aantal tale wat in die vertaalwoordeboek vervat word, kan twee of meer tale insluit. Hiervan is die *Greek-English Lexicon* (1996) wat Engels en Grieks insluit en die *Compact Euro Wörterbuch* (1993) met ses tale, naamlik Duits, Engels, Spaans, Italiaans, Frans en Portugees, goeie voorbeelde. Soms word die inhoud van die woordeboek selfs ook tot 'n onderwerp beperk, soos byvoorbeeld die publikasie *Tuinbouterme* (1971). Sodra die inhoud van die woordeboek nie alleen tot die taal nie, maar ook tot die vakgebied beperk word, word hoofsaaklik vakterme ingesluit wat eie aan daardie bepaalde beroep of vakgebied is, byvoorbeeld farmasie, regte, ekonomie, sosiologie en bybelkunde. Verder word die betekenis van die woorde meestal nie gegee nie, maar slegs die vertaling soos byvoorbeeld die volgende term: *efippium* : *ephippium* in die *Dierkundewoordeboek* (1982).

Dat slegs 'n vertaling van woorde gegee word, is 'n nadeel, omdat vakwoordeboeke wat op dié manier saamgestel is in sommige gevalle slegs vir die vakspesialis toeganklik is. Die bruikbaarheid van hierdie tipe woordeboek sou dus aansienlik verhoog word indien dit ook verklarend van aard sou wees. Die hoogs gespesialiseerde vakterme wat in *vakwoordeboeke* voorkom, dien egter as 'n waardevolle aanvulling tot algemene taalwoordeboeke.

Vakwoordeboeke wat wel betekenis van woorde en nie slegs vertalings bevat nie, sou as subkategorieë van die hoofkategorie, taalwoordeboeke, getipeër kon word. Hierdie tipe vakwoordeboeke bevat ook meer beskrywende inligting oor die woordbetekenis van vakterme as wat onder dieselfde terme in algemene taalwoordeboeke gevind sou kon word. Sommige van die inskrywings is lank, amper ensiklopedies en ander gee slegs die spelling en betekenis van die woord.

Die gebruikswaarde van inligting in gedrukte woordeboeke

Die gebruikswaarde van 'n woordeboek hang in 'n groot mate saam met die tipe woordeboek wat ter sprake is. Whittaker (1990:13-16) onderskei vier basiese gebruike van 'n woordeboek, naamlik dat dit 'n naslaanbron is wat hom leen tot vinnige raadpleging vir inligting oor woorde, dat dit dien om die volledige terminologie van 'n taal op 'n spesifieke tydperk op te teken, dat dit die terme standaardiseer en vierdens dat dit as hulp tot taalstudie dien. Hierdie gebruike verwys ook implisiet na die gebruikswaarde van woordeboeke.

Dat woordeboekinligting in gedrukte formaat redelik vinnig en maklik herwin kan word vanweë die alfabetiese ordeningswyse, is die primêre waarde van 'n gedrukte woordeboek. Die alfabetiese ordening is so algemeen bekend dat daar na die alfabetiese ordeningswyse van sommige ander naslaanbronne, soos katalogi of ensiklopedieë, as die *woordeboekorde* verwys word. Die term *woordeboek* word ook in die titels van sodanige naslaanbronne ingesluit en dit verwys na die ordeningswyse. Vir onkundige gebruikers kan dit verwarrend wees omdat die beskrywing vir hulle kan beteken dat die spesifieke bron 'n woordeboek kan wees (Schutte, 1985:54).

Daar bestaan bykans geen taal waarvan die woorde nie in 'n woordeboek opgeneem word om as 'n primêre bron van inligting oor 'n verskeidenheid aspekte te dien nie. Voorbeelde van hierdie aspekte is die terme van die taal, woordbetekenis, vertalings, spelling, meervoudsvorme, verskillende vorme van die werkwoord, lettergreepverdeling, uitspraak, etimologie, definisies van woorde, gebruiksaanduidings, sinonieme, antonieme, afkortings, woordsoorte, gespesialiseerde inligting soos rym, blokraaiselprobleme en aanhalings. Netso word daar ook op baie vakgebiede woordeboeke saamgestel wat uit die terme van daardie vakgebied bestaan. Woordeboeke kan dus byvoorbeeld nuttig gebruik word tydens die literatuurstudie oor 'n spesifieke onderwerp, vir inligting oor 'n onbekende onderwerp, die invul van blokraaisels, vertalings, die standaardisering van 'n taal en taalstudie. Daar bestaan waarskynlik geen ander tipe naslaanbron wat so baie gebruikswaarde het nie. Dat woordeboeke in biblioteke, huise, skole, kantore en selfs letterlik ook in hemsakke aangetref word, illustreer hierdie argument. Omdat die gedrukte woordeboek op soveel plekke benodig word, speel die toeganklikheid van hulle fisiese formaat 'n wesenlike rol. Die waarde van gedrukte woordeboeke blyk sprekend uit 'n skoolraadsbesluit in die sestiende eeu in Engeland:

"That a dictionarye shall be bought for the scollers of the Free Scoole, and the same boke to be tyed in a cheyne, and set upon a deske in the scoole, whereunto any scoller may have acesse, as occasion shall serve" (Anoniem, soos aangehaal deur Schutte, 1985:55-56).

Vervolgens word die aard en gebruikswaarde van inligting in gedrukte kitsnaslaanbronne bespreek.

2.2.3 Kitsnaslaanbronne

Omskrywing

Behrens (1994:155) beskou *kitsnaslaanbronne* of *snelnaslaanbronne* ("ready reference sources") as kollektiewe terme vir bronne soos gidse, almanakke, jaarboeke, handboeke, handleidings en statistiese bronne – almal dus naslaanbronne wat maklik toegang verleen tot kort resente feite. Verskeie ander bronne wat getipeer is as ensiklopedieë (2.2.1), woordeboeke (2.2.2) en tydskrifindekse (2.2.4), verleen egter ook vinnig en maklik toegang tot kort feitelike inligting. Vanweë ensiklopedieë, woordeboeke en tydskrifindekse se eie unieke eienskappe word hulle egter as addisionele kategorieë getipeer en word daarom nie onder die kollektiewe term *kitsnaslaanbronne* ingesluit nie. Behrens (1994:155) oordeel dat:

"...there are certain categories of reference source [sic] which are designed specifically for general, quick-reference purposes: directories, almanacs, yearbooks, handbooks, manuals and statistical sources. ... Their attraction is their currency, ease of use, ease of availability, and the fact that they provide only the most pertinent facts."

Kitsnaslaanbronne is dus 'n unieke kategorie wat eienskappe soos resetheid, toeganklikheid, beskikbaarheid en kort feitelike inligting vertoon.

Tipes kitsnaslaanbronne

Outeurs soos Sheehy (1986:110-115,120-121,337) en Schutte (1985:46-53) verskil van Behrens (1994:155-170) in hul tipering van die onderskeie kategorieë kitsnaslaanbronne. Sheehy onderskei gidse, almanakke en jaarboeke as alternatiewe hoofkategorieë naslaanbronne en nie as subkategorieë onder die kollektiewe begrip *kitsnaslaanbronne* nie. Schutte (1985:46-53) identifiseer gidse, almanakke en jaarboeke as subkategorieë of aanvullings tot ensiklopedieë en onderskei hierdie bronne dus nie as 'n eie unieke groep soos Behrens (1994:155-170) nie. Sheehy (1986:415,755) tipeer wel handboeke en statistiese publikasies as individuele kategorieë. Schutte (1985:48-49) verwys glad nie na handboeke en handleidings nie, en statistiese bronne word as 'n subkategorie van jaarboeke onder die term *statistiese jaarboeke* getipeer.

Vanweë die omvang van kitsnaslaanbronne word slegs gidse, almanakke en jaarboeke onder die loep geneem.

2.2.3.1 Gidse

Omskrywing

'n *Gids* kan volgens Behrens (1994:156) en Schutte (1985:53) se onderskeie definisies omskryf word as 'n bron met kort inligting oor een of meer van die volgende items, naamlik persone, organisasies, instansies, besighede, klubs en groepe met inligting oor hulle strukture, operasionele aktiwiteite, produkte of dienste (byvoorbeeld die adres van 'n persoon).

Tipes gidse

Behrens (1994:155-170) onderskei drie hoofkategorieë gidse, naamlik *telekommunikasie-*, *organisatoriese* en *professionele gidse* teenoor Schutte (1985:46-53) se vier, naamlik *plaaslike*, *regerings-*, *professionele* en *handelsgidse*.

Organisatoriese gidse word deur Behrens gesubkategoriseer in drie tipes, naamlik *handels-*, *regerings-* en *institusionele gidse*. Schutte onderskei egter *handels-* en *regeringsgidse* as twee hoofkategorieë gidse.

Behrens se tipering van die verskillende kategorieë gidse is telkens gebaseer op die aard van die inligting en is daarom meer logies as dié van Schutte.

Aard van inligting in gidse

As die terme en die aard van die inligting in ag geneem word, stem slegs een van die hoofkategorieë van elkeen van die outeurs (in albei gevalle die derde tipe gids wat onderskei word) met mekaar ooreen, naamlik *professionele gidse*. Die eerste gids (Behrens tipeer dit as 'n *telekommunikasiegids* en Schutte as 'n *plaaslike gids*) wat deur albei onderskei word, is dieselfde wat die aard van die inligting betref, maar verskil ten opsigte van die terminologie. In plaas daarvan om *telekommunikasiegidse* te tipeer op grond van die aard van die inligting wat daarin bevat word, doen Schutte (1985:53) dit aan die hand van die geografiese bepaaldheid van die inligting en onderskei hulle daarom as plaaslike gidse.

Die aard van die inligting in *telekommunikasiegidse* word deur Behrens (1994:157-158) beskryf as inligting oor persone of organisasies wat telekommunikasiedienste lewer of daarvan gebruik maak. Telekommunikasiedienste sluit dienste in wat van die volgende gebruik maak: die telefoon, telefaks, teleks, televisie, kabeltelevisie, videoteks, telekonferering, dataversending en elektroniese pos. Sommige outeurs soos Fleetwood (1990:113-135) onderskei om hierdie rede subkategorieë telekommunikasiegidse, soos byvoorbeeld *telefoongidse* enersyds, en *telegrafieseadresgidse*, *teleks-* en *faksgidse* andersyds. Hierdie onderskeid kan as 'n duidelik verstaanbare, verdere tipering van die aard van die inligting in hierdie spesifieke bronne gebruik word.

Regeringsgidse blyk op die oog af dieselfde te wees by albei outeurs, maar is slegs terminologies dieselfde. Wat die aard van die inligting in *regeringsgidse* betref, is daar eweneens 'n verskil omdat

Schutte verwys na bronne wat deur 'n spesifieke uitgewer uitgegee word en Behrens verwys na inligting oor departemente, amptenare, dienste en aktiwiteite van die plaaslike, provinsiale of sentrale regering (waarvan die publikasie *Direct Access to Key People in Southern Africa* (1998) 'n voorbeeld is).

Schutte verwys glad nie na institusionele gidse nie. 'n *Institusionele gids* lys instansies soos universiteite, skole, kolleges, biblioteke, museums, argiewe en hospitale (Behrens:1994,159). Die publikasie *World of Learning* (1998) is 'n voorbeeld van 'n institusionele gids en lys onder andere universitêre instansies met die mees senior persone wat daar werk. Ander tipes inligting, soos byvoorbeeld historiese aspekte (stigtingsdatum), publikasies wat deur die instansie uitgegee word en statistiese inligting (aantal studente) word ook vermeld.

Handelsgidse word deur sowel Schutte (1985:53) as Behrens (1994:158-159) getipeer as winsgerigte bronne wat teen betaling inligting lys oor aspekte soos vervaardigers, maatskappye, nywerhede en sakeondernemings met hulle spesifieke produk, diens, handelsmerk of adres. Die aard van die inligting is hoofsaaklik kommersieel van aard en sluit om die rede ook 'n groot aantal advertensies in.

'n Wye verskeidenheid handelsgidse kan onderskei word vanweë die kommersiële aard van die inligting wat daarin vervat word, maar sal vanweë hulle omvang nie in hierdie studie betrek word nie.

Die definisie van *professionele gidse* is tiperend van die aard van die inligting wat daarin voorkom, naamlik dat dit 'n lys van individue en/of organisasies is wat verband hou met professionele persone, soos psigoloë, die regslui, ingenieurs, biblioteek- en inligtingkundiges, opvoedkundiges, landskapsargitekte, joernaliste of medici (Behrens,1994:160; Schutte, 1985:53). Tipiese inligting wat verskaf word, is die naam van die persoon of organisasie, adres, kwalifikasies, jaar waarin kwalifikasies verwerf is en die spesialisingsgebied (waar van toepassing). Soms word uitgebreide biografiese besonderhede ook verskaf. Professionele gidse is waardevol vir die opspoor van persone in 'n sekere beroep. So 'n soektog kan om verskeie redes onderneem word, soos byvoorbeeld om van 'n persoon se gespesialiseerde kennis gebruik te maak en sprekers vir 'n konferensie te organiseer.

Gebruikswaarde van inligting in gedrukte gidse

Die wye verskeidenheid gidse wat beskikbaar is, bied die moontlikheid vir die herwinning van waardevolle inligting oor 'n verskeidenheid aspekte soos die adresse of volle name van individue, organisasies of sakeondernemings, beskrywing van produkte, aktiwiteite of diens, beantwoording van vrae wat begin met "*Wie is...*" (byvoorbeeld die president van die vereniging, die hoof van 'n skool of die verantwoordelike instansie vir advertensies), biografiese inligting van beperkte maar resente aard (of iemand nog die president, voorsitter, of lid van 'n organisasie is), retrospektiewe en resente inligting oor instansies, sakeondernemings (stigtingsdatum en aantal lede) en vele meer.

'n Baie belangrike aspek van die waarde van gidse is die resenteheid van die inligting omdat hulle meestal jaarliks uitgegee word. Die gedrukteformaatgidse boet egter soms aan resenteheid in as gevolg van die tydsverloop tussen die publikasies. Verkeerde inligting kan dus herwin word in die geval van inligting van veranderlike aard soos adresse, beroepe en regeringstrukture.

Inligting in gidse word hoofsaaklik volgens eerste vlak en tweede vlak alfabeties georden, wat daartoe bydra dat die inligting vinnig herwin word.

Vervolgens word die tweede hoofkategorie kitsnaslaanbron bespreek, naamlik *almanakke*.

2.2.3.2 Almanakke

Omskrywing

Outeurs soos Behrens (1994:161), Schutte (1985:50), Shores (1954:89) en Tait (1990:152) stem saam dat *almanakke* 'n tipe naslaanbron is wat jaarliks uitgegee word en 'n verskeidenheid kort, feitlike en statistiese inligting oor wyd uiteenlopende onderwerpe in 'n kompakte fisiese formaat bevat. Tog verskil hierdie outeurs in hul tipering van almanakke binne 'n spesifieke kategorie naslaanbronne, sowel as die terme waarmee hulle die almanakke beskryf. Verskillende tipes almanakke sou onderskei kon word op grond van die aard van die inligting wat in verskillende publikasies voorkom. Vir die doeleindes van hierdie studie word egter volstaan met die enkele kategorie *almanakke*.

Die aard van inligting in almanakke

Die term *almanakke* verwys na die vroeëre almanakke wat oorspronklik kalenders van maande en dae was met aanduidings van spesiale datums, weervoorspellings en astronomiese inligting (Schutte, 1985:50). Hoewel die aard van die inligting totaal verander het deurdat al hoe meer feite en statistiese inligting oor 'n verskeidenheid onderwerpe bygevoeg is, byvoorbeeld oor lande, sport, berge, riviere, films, Olimpiese Spele-wenners en Nobelpryswenners, word die term *almanakke* nog steeds deur die meeste outeurs gebruik. Wynar (1967:159-206) is die enigste van hierdie outeurs wat nie die term *almanakke* gebruik nie, maar wel die term *algemene jaarboeke*. Almanakke sou egter vanweë baie raakvlakke met jaarboeke ook as 'n tipe jaarboek geklassifiseer kon word, soos Wynar (1967:159-206) en Shores (1954:88-97) wel doen. Almanakke bevat byvoorbeeld dieselfde tipe inligting as staatkundige jaarboeke oor lande (soos byvoorbeeld lande se ekonomiese, historiese, landboukundige en staatkundige inligting) en dieselfde tipe inligting as ensiklopediese jaarboeke (soos byvoorbeeld sportgebeure en belangrike statistiese inligting). Wynar en Shores klassifiseer daarom publikasies soos *World Almanac and Book of Facts* (1998), *Information Please Almanac* (Infoplease, 1999) en *Whitaker's Almanac* (1998) in dieselfde kategorie as *staaatkundige jaarboeke* met publikasies soos *The Europa World Year Book* (1999) en *The Statesman's Yearbook* (1998). Hierdie kategorie word deur hulle onderskei as ensiklopedieë en jaarboeke. Behrens (1994:155-171) tipeer almanakke egter as 'n kitsnaslaanbron en wel as een van vyf hoofkategorieë

kitsnaslaanbronne. Hierteenoor tipeer Schutte (1985:47-53) almanakke as 'n ensiklopediese aanvulling waarmee hy aansluit by sy siening dat hedendaagse almanakke baie ooreenstem met eenbandige ensiklopedieë en ook by Wynar en Shores se kategorie ensiklopedieë en jaarboeke. Tait (1990:152) klassifiseer almanakke onder die kategorie "*News and current events*".

Al verskil bogenoemde outeurs in hul kategorisering en benaming van almanakke as naslaanbron, is dit 'n tipe publikasie wat baie waarde as 'n bron van inligting het.

Die gebruikswaarde van inligting in gedrukte almanakke

Die gebruikswaarde van almanakke blyk onder andere daaruit dat titels soos die Amerikaanse publikasie *World Almanac* en die Britse publikasie *Whitaker's Almanac* reeds sedert 1868 jaarliks gepubliseer word (Shores, 1954:93-94).

Verder is die land waarin die almanak gepubliseer word bepalend vir die insluit van omvangryker inligting oor daardie spesifieke land. Indien 'n gebruiker dus uitgebreider inligting oor Brittanje verlang, sou die Britse publikasie *Whitaker's Almanac* verkiesliker wees as die Amerikaanse publikasie *World Almanac and Book of Facts*.

Gedetailleerde indekse van almanakke bied maklike en vinnige herwinningsmoontlikhede van al die verskillende tipes inligting soos reeds in die omskrywing hierbo aangedui is.

Die derde hoofkategorie kitsnaslaanbron wat in hierdie hoofstuk bespreek word, is jaarboeke.

2.2.3.3 Jaarboeke

Omskrywing

Behrens (1994:162), Shores (1954:88) en Taylor (1973:204) definieer *jaarboeke* as 'n publikasie wat jaarliks gepubliseer word met resente inligting van die voorafgaande jaar oor een of meer onderwerpe, aktiwiteite of ontwikkelings in 'n beskrywende of statistiese formaat. Verskillende tipes jaarboeke kan onderskei word.

Tipes jaarboeke.

Behrens (1994:162-165), Shores (1954:89-97) en Schutte (1985:46-50) onderskei almal drie tipes jaarboeke. Slegs die eerste kategorie jaarboeke van hierdie outeurs, naamlik *ensiklopediese jaarboeke*, is dieselfde ten opsigte van die aard van die inligting wat hulle bevat, sowel as die terme waaronder die inligting beskryf word.

Internasionale en *nasionale jaarboeke* is die tweede tipe jaarboek wat Behrens (1994:162) onderskei. Alhoewel die terme verskil, is hulle wat die aard van die inligting betref, dieselfde as *staatkundige jaarboeke* soos deur Schutte (1985:46-50) aangetoon en *onderwerpsjaarboeke* soos deur Shores (1954: 94-97) onderskei.

Die derde tipe jaarboek wat Behrens, Schutte en Shores onderskei, verskil ten opsigte van die aard van die inligting wat dit bevat en daarom vanselfsprekend ook ten opsigte van die terme. Behrens tipeer die derde tipe jaarboek as *vakjaarboeke*, Schutte as *statistiese jaarboeke* en Shores as *almanakke*.

Vir die doeleindes van hierdie studie word 'n kombinasie van Behrens, Shores en Schutte se kategorisering van jaarboeke gebruik. Hiervolgens word vier tipes jaarboeke onderskei, naamlik *ensiklopediese, staatkundige, vak- en statistiese jaarboeke*.

Die aard en gebruikswaarde van inligting in jaarboeke

Schutte (1985:46), Shores (1954:89) en Behrens (1994:163) onderskei *ensiklopediese jaarboeke* as die eerste tipe jaarboek en definieer hulle as publikasies wat saamgestel en uitgegee word met die doel om 'n ensiklopediese stel op datum te hou.

Geeneen van bovermelde outeurs maak enige verdere onderskeid tussen die verskillende tipes ensiklopediese jaarboeke nie. 'n Onderskeid sou egter wel op grond van vakensiklopediese jaarboeke en algemene ensiklopediese stelle getref kon word. Vir die doeleindes van hierdie bespreking word egter volstaan met die uiteensetting soos deur die genoemde outeurs aangetoon.

Die tipe onderwerpe wat gedek word, is gewoonlik algemeen van aard vir die algemene ensiklopediese jaarboek en meer gespesialiseer in die geval van jaarboeke vir vakensiklopedieë. Ensiklopediese jaarboeke bevat gewoonlik baie meer illustrasies, veral kleurillustrasies, as die basiese ensiklopediese stel. Die meeste ensiklopediese stelle beskik slegs oor een jaarboek, maar die *Encyclopedia Britannica* beskik oor drie verskillende tipes jaarboeke met die doel om ten opsigte van soveel moontlik onderwerpe die ensiklopedie op datum te hou.

Omdat elkeen van hierdie subkategorieë jaarboeke so 'n unieke waarde het ten opsigte van die inligting wat daarin vervat word, sal die waarde van elke kategorie telkens aangetoon word, en nie soos by gidse net globaal na die waarde van die groep verwys word nie.

Die waarde van ensiklopediese jaarboeke is dat hulle resente inligting verskaf oor spesifieke onderwerpe wat deur die ensiklopediese stel bevat word en sodoende die ensiklopedie op datum hou en as aanvulling tot die spesifieke ensiklopediese stel laat dien. Samestellers lê gewoonlik klem op onderwerpe wat die belangrikste nasionale (vir die spesifieke land waarvoor die ensiklopediese jaarboek saamgestel word) en internasionale gebeure van die vorige jaar sal insluit. Alle onderwerpe wat deur die ensiklopediese stel bevat word, word dus nie noodwendig hersien of bygewerk nie. Dit is byvoorbeeld hoogs onwaarskynlik dat daar enige rede sou wees om in 'n spesifieke jaarboek, byvoorbeeld vir 1998, inligting oor *St. Nicholas' Day* te herhaal. Die feite in so 'n inskrywing bly gewoonlik konstant. Inligting mag ook in die ensiklopediese jaarboek opgeneem word oor onderwerpe wat hoegenaamd nie in die ensiklopediese stel ingesluit is nie, omdat dit nie voorheen bekend was nie. Schutte (1985:46) beklemtoon egter dat geen ensiklopediese jaarboek 'n volledige aanvulling van die ensiklopediese stel kan wees nie. Verder is dit belangrik om daarop te let dat

dieselfde onderwerp gewoonlik vollediger in ensiklopediese jaarboeke as in die basiese ensiklopediese stel bespreek word, omdat die jaarboek minder onderwerpe bevat en dus meer inligting oor 'n spesifieke onderwerp kan aanbied. Ensiklopediese jaarboeke beskik oor hul eie indekse en kan daarom as selfstandige publikasies aangekoop en gebruik word.

Behrens (1994:163), Shores (1954:94-97) en Schutte (1985:48) onderskei staatkundige jaarboeke as 'n tweede tipe jaarboek. Behrens (1994:163) gebruik die terme *internasionale* en *nasionale jaarboeke* om hierdie jaarboeke te tipeer. Schutte se term, *staatkundige jaarboeke*, verwys na die aard van die inligting wat in die bron bevat word (lande en inligting oor hulle ekonomie, regeringstrukture, landbou, onderwys, klimaat, ensovoorts) en is dus baie meer omskrywend van die tipe inligting wat ter sprake is. Die term *internasionale* en *nasionale jaarboeke* verwys nie na die tipe inligting wat in daardie tipe jaarboek vervat word nie, maar na die geografiese gebied wat dit insluit. Laasgenoemde sou dus eerder gebruik kon word om staatkundige jaarboeke verder in subkategorieë te onderskei. Daar word egter met hierdie tipering van staatkundige jaarboeke volstaan en verdere tipes word nie vir die doel van hierdie studie onderskei nie. Shores se term *onderwerpsjaarboeke* is ook nie beskrywend van die aard van die inligting wat in hierdie tipe jaarboeke voorkom nie, omdat die term na enige tipe inligting kan verwys.

Algemene inligting oor lande en spesifieke feite oor hulle regering, politiek, populasie, handel, geografie, ekonomie, vervoer, klimaat, ensovoorts, kan in staatkundige jaarboeke gevind word (Tait, 1990:149). Die staatkundige jaarboek kan een of meer lande insluit en kan dus nasionaal (byvoorbeeld *Jaarboek van Suid-Afrika*) of internasionaal (byvoorbeeld *The Statesman's Yearbook* en *The Europa World Year Book*) wees (Tait, 1990:149). Dit is juis in laasgenoemde geval waar die terme vir internasionale en nasionale jaarboeke, soos deur Behrens geïdentifiseer, as verdere subkategorisering gebruik kan word.

Staatkundige jaarboeke bied waardevolle inligting oor velerlei aspekte wat verband hou met 'n land, soos inderdaad hierbo aangetoon is. Enige gebruiker wat dus vinnig wil vasstel hoe 'n spesifieke land se klimaat, politiek, regeringstelsel, onderwys, ensovoorts daar uitsien, kan op 'n maklik toeganklike wyse van staatkundige jaarboeke gebruik maak, omdat die teks alfabeties volgens lande georden is.

Versigtigheid moet egter aan die dag gelê word wanneer inligting herwin word wat aspekte insluit soos name van regeringsamptenare en regerende partye, omdat hierdie tipe inligting telkens aan veranderinge onderhewig is. Staatkundige jaarboeke word net een maal per jaar in die gedrukte formaat uitgegee en dus mag dit gebeur dat die inligting wat hierin vervat is nie reservert is nie (Tait, 1990:149). Die betroubaarste en reservertste inligting oor hierdie onderwerpe kan gevind word in *koerante* of *nuusekserpgidse* en by die *ambassades* van die verskillende lande (Tait, 1990:149).

Die drie outeurs verskil ten opsigte van die derde tipe jaarboek wat hulle onderskei. Slegs Behrens (1994:164) gebruik die term *vakjaarboek* en identifiseer dit as 'n publikasie wat oor 'n spesifieke onderwerp (soos byvoorbeeld *Race Relations Survey*, 1996) handel en wat jaarliks gepubliseer word. Vakjaarboeke blyk inderdaad 'n nuttige derde kategorie te wees, omdat daar velerlei bronne

gepubliseer word wat oor 'n spesifieke vakgebied of onderwerp handel en wat jaarliks gepubliseer word.

Behrens (1994:164) toon egter aan dat:

"The dividing line between subject yearbooks and other types of ready-reference source [sic] which cover a particular subject is very indistinct. Some subject yearbooks contain directory-type information and may therefore be regarded as directories; others contain statistics and may be categorised as statistical sources. A subject yearbook and a handbook share many common attributes. Some encyclopaedia yearbooks may also be regarded as subject yearbooks. As a rule of thumb, we shall take a subject yearbook to be a source which covers one subject, and which is published annually to update the previous edition. The number of sources which may be regarded as subject yearbooks is enormous..."

Daar bestaan dus verskeie raakvlakke tussen vakjaarboeke en ander soortgelyke tipes bronne soos gidse, statistiese jaarboeke, ensiklopediese jaarboeke en handboeke.

Schutte (1985:48-49) verwys na *statistiese jaarboeke* as 'n publikasie wat inligting in numeriese formaat bevat oor 'n wye verskeidenheid onderwerpe, soos bevolking, indiensneming, besoldiging, produksie, padsterftes en werkloosheid.

Behrens (1994:167-168) klassifiseer *statistiese jaarboeke* as 'n subkategorie van statistiese bronne, wat die vyfde hoofkategorie kitsnaslaanbronne daarstel. In 'n vergelyking van Behrens en Schutte se omskrywings van statistiese jaarboeke blyk dit dat die aard van die inligting waarna hulle verwys, presies dieselfde is. Albei beskou statistiese jaarboeke as 'n tipe kitsnaslaanbron, maar verskil daarin dat Schutte hierdie bronne as jaarboeke (een van die hoofkategorieë kitsnaslaanbronne) en Behrens hulle as statistiese bronne ('n alternatiewe hoofkategorie kitsnaslaanbronne wat slegs deur Behrens onderskei word) klassifiseer. Behrens se klassifikasie van statistiese jaarboeke as 'n subkategorie van die hoofkategorie statistiese bronne, blyk ook 'n bruikbare kategorisering te wees vanweë die wye verskeidenheid statistiese bronne wat wel onderskei kan word. Vir doeleindes hiervan word statistiese jaarboeke egter as 'n tipe jaarboek beskou en daarom word geen verdere tipes statistiese bronne onderskei soos wat Behrens (1994:166-170) doen nie.

Statistiese jaarboeke kan resente inligting bevat wat slegs oor een jaar strek, maar kan ook retrospektiewe inligting van enkele jare bevat met die doel om vergelykende statistiese gegewens te bied. Statistiek is wel onveranderlik ten opsigte van 'n gegewe oomblik in die tyd (byvoorbeeld as die Suid-Afrikaanse bevolking in 1997 uit 44 miljoen mense bestaan het, sal hierdie feit in die daaropvolgende jare vir daardie jaar steeds onveranderlik wees), maar verskil van dag tot dag soos ontwikkeling, geboortes, sterftes en werkloosheid toeneem.

Die meeste lande en prominente organisasies soos Unesco publiseer statistiese jaarboeke wat statistiek bevat wat verband hou met hulle werksaamhede. Statistiese inligting word daagliks vir gebruikers in biblioteke herwin en dus is statistiese jaarboeke waardevolle bronne van inligting (Schutte, 1985:48-49).

Die meeste statistiese gegewens is sekondêr van aard, soos byvoorbeeld statistiese inligting in ensiklopedieë. Om die rede is dit belangrik om vas te stel wie vir die primêre statistiese insameling en verwerking verantwoordelik was, byvoorbeeld 'n staatsdepartement vir sensusdoeleindes of 'n private organisasie vir ontwikkelingsdoeleindes.

Statistiese inligting word aangewend om verskillende situasies te analiseer en te evalueer vir doeltreffende beplanning en evaluering, byvoorbeeld vir politieke beleidsformulering, 'n aanduiding van die aantal werklose blanke mans in Suid-Afrika en die bepaling van die toename in noodlottige padongelukke. Statistiese inligting maak dus 'n integrale deel uit van die samelewing. Die beskikbaarheid van statistiese inligting wissel egter omdat 'n sekere persentasie daarvan geklassifiseer is en dus slegs vir gemagtigde gebruikers toeganklik is (Schutte, 1985:48).

In die lig daarvan dat die waarde van die verskillende tipes jaarboeke telkens aangetoon is, word hier met enkele verdere opmerkings volstaan.

Al die bogenoemde gedrukte jaarboeke het groot retrospektiewe waarde vir die gebruiker wat minder resente inligting verlang en moontlike vergelykende inligting van vroeëre periodes wil bekom. Jaarboeke het egter ook waarde vir die verskaffing van resente inligting omdat die meeste jaarboeke jaarliks gepubliseer word. Jaarboeke word vanweë die tipe inligting wat hulle bevat as net so onontbeerlik soos woordeboeke en ensiklopedieë in die naslaanversameling van 'n biblioteek beskou (Shores, 1954:92).

Die voorafgaande naslaanbronne het feitlike inligting bevat. 'n Ander tipe naslaanbron wat ook bespreek word, is tydskrifindekse.

2.2.4 Tydskrifindekse

Omskrywing

Die woord *indeks* kom uit die Latynse woord *indicare* en beteken "om aan te dui" of "om aan te wys" (Schutte, 1985:229). Hierdie betekenis van die woord *indeks* stem deels ooreen met dié van die *Oxford English Dictionary* (Schutte, 1985:229), sowel as met Behrens (1994:96). Volgens albei se definisies is 'n *indeks* 'n alfabetiese lys van name en onderwerpe wat in 'n bron voorkom, met 'n aanduiding van die plek (bladsy) waar die name en onderwerpe in die bron gevind kan word.

Behrens definieer 'n *tydskrifindeks* as 'n vervolgpublikasie wat sistematies die inhoud van een of meer tydskrifte, koerante of ander makro-entiteite indekseer. Woodward (1990:174-176) omskryf *tydskrifindekse* as bibliografiese publikasies wat probeer om die literatuur oor 'n sekere onderwerp te dek. Woodward (1990:174-176) en Behrens gebruik sinonieme terme om die bronne aan te dui waarna tydskrifindekse verwys, maar uit die verdere omskrywings wat Behrens en Woodward van hulle definisies gee, blyk dit egter duidelik dat hulle tydskrifte bedoel as hulle na bronne verwys wat geïndekseer word.

Woodward, Behrens en Schutte verwys ook na die aard van die inskrywings in tydskrifindekse, naamlik dat hulle bibliografies is. Die inhoud of artikels van 'n tydskrif of tydskrifte (ook bekend as die makro-entiteit/-e) word geanaliseer en bibliografiese verwysings word vir elke artikel (ook bekend as die mikro-entiteit/-e) saamgestel, met die nodige verwysings na die spesifieke tydskrif waarin die spesifieke tydskrifartikel bevat word. Hierdie bibliografiese verwysings word op 'n sistematiese wyse, gewoonlik alfabeties volgens trefwoorde, saamgevoeg om as 'n tydskrifindeks te dien. Behrens en Schutte wys daarop dat tydskrifindekse, net soos tydskrifte, ook 'n tipe vervolgpublikasie is.

'n *Tydskrifindeks* sou dus gedefinieer kon word as 'n vervolgpublikasie wat deur middel van sistematies geordende bibliografiese verwysings die inhoud van een of meer tydskrifte, in hulle geheel of gedeeltelik, vir een of meer vakgebiede, ontsluit.

'n Tydskrifindeks verskil egter in drie opsigte van 'n indeks:

- Dit kom nie voor in die bron (soos by 'n boek) of stel bronne (soos by 'n ensiklopediese stel waar een volume die indeks bevat) waarna dit verwys nie.
- Dit word geklassifiseer as 'n ander tipe bron as die voltekstronne (tydskrifte) waarna dit verwys, al is albei vervolgpublikasies.
- 'n Tydskrifindeks en die tydskrifte beskik oor verskillende outeurs, samestellers of uitgewers.

Die belangrikste ooreenkoms tussen 'n indeks en 'n tydskrifindeks is dat albei 'n verwysingsfunksie het. Verskeie tipes tydskrifindekse word onderskei op grond van die aard van die inligting wat hulle bevat.

Tipes tydskrifindekse

Todd (1972:22) wys daarop dat tydskrifindekse inligting bevat wat op twee vlakke lê, naamlik algemene en gespesialiseerde inligting en sluit daarmee aan by Brogan en Buck (1969:46-51), wat ook tussen *algemene* en *gespesialiseerde tydskrifindekse* onderskei. Schutte (1985:228-252) en Behrens (1994:95-117) verwys na *algemene tydskrifindekse*, maar maak nie so 'n duidelike onderskeid tussen algemene en gespesialiseerde tydskrifindekse soos Todd en Brogan en Buck nie. Behrens (1994:98) verwys slegs na *gespesialiseerde indekse* wanneer een tipe tydskrifindeks, naamlik *ekserpindekse*, omskryf word. Behrens dui hier aan dat *ekserpindekse* 'n meer gespesialiseerde tipe indeks is, maar bied geen definitiewe indeling waar algemene en gespesialiseerde tydskrifindekse op dieselfde wyse as dié van Todd en Brogan en Buck getipeer word nie. Behrens (1994:98) klassifiseer tydskrifindekse soos volg:

"There are four major types of index and indexing journal: periodical indexes, newspaper indexes, citation indexes and indexes to literary works."

Hiervolgens onderskei Behrens dus vier hoofkategorieë indekse en tydskrifindekse, naamlik *tydskrifindekse*, *koerantindekse*, *aanhalingindekse* en *indekse tot literêre werke*. Tydskrifindekse en

koerantindekse word verder deur Behrens gesubkategoriseer in *indekse op een titel* en *indekse op meerdere titels*. Die een subkategorie van van tydskrifindekse, naamlik indekse vir meerdere titels, word verder gesubkategoriseer in *algemene tydskrifindekse* en *vakindekse*. Hierdie onderskeiding van Behrens tussen *algemene* en *vakindekse* vergestalt iets van Todd en Brogan en Buck se indeling in algemene en gespesialiseerde indekse.

Ekserpindekse word egter deur Behrens as 'n addisionele tipe bibliografiese indeks getipeer wat nie tot die basiese groep tydskrifindekse behoort nie. Dit geskied vanweë 'n verskeidenheid redes soos hieronder by die bespreking oor ekserpindekse aangetoon word.

Schutte se tipering van indekse is in wese dieselfde as dié van Behrens, behalwe dat *ekserpindekse* pertinent getipeer word as 'n addisionele hoofgroep tydskrifindekse, wat deel uitmaak van die basiese groep indekse.

Woodward (1990:174-176) verwys primêr na *vakindekse* en is die enigste van hierdie outeurs wat *hibridiese tydskrifindekse* insluit as 'n verdere tipe tydskrifindeks.

Die aard van die inligting in elkeen van hierdie verskillende tipes tydskrifindekse is die bepalende faktor vir die tipering van die indekse en daarom word die aard van die inligting in elkeen van hierdie onderskeie tipes van nader beskou.

Aard van die inligting in tydskrifindekse

Al hierdie verskillende tydskrifindekse soos hierbo vermeld, is wat die aard van die inligting betref op 'n sekere vlak dieselfde, naamlik dat hulle bibliografiese verwysings na tydskrifartikels bevat. Hierdie bibliografiese verwysings na tydskrifartikels sluit die volgende in: onderwerpstrefwoorde, outeur en titel van die artikel, titel van die tydskrif, volume en nommer van die tydskrif, bladsynommers van die tydskrifartikel en datum van die tydskrif. Hoewel hierdie bibliografiese inligting die basiese inhoud van die tydskrifindekse uitmaak, is daar ook nog verdere eienskappe wat 'n duidelike onderskeid in verskillende tipes tydskrifindekse noodsaak.

Indien die bibliografiese verwysings wat uit tydskrifartikels saamgestel word oor onderwerpe van 'n algemene aard handel, word die tipe tydskrifindeks as 'n *algemene tydskrifindeks* getipeer. Hiervan dien titels soos *Repertorium vir Suid-Afrikaanse tydskrifartikels* en *Readers Guide to Periodical Indexes* as voorbeelde.

Indien die tydskrifartikels vakkundig van aard is, word die tipe tydskrifindeks as *vaktydskrifindekse* getipeer waarvan *Library Literature* en *Education Index* voorbeelde is. Vaktydskrifindekse kan tot 'n sekere vakdissipline behoort, soos byvoorbeeld psigologie. *Psychological Abstracts* en *PsychLit* is voorbeelde van vakindekse vir psigologie. Vaktydskrifindekse kan ook multidissiplinêr wees en verskeie vakdissiplines insluit soos byvoorbeeld kuns, ekonomie, geskiedenis, filosofie, politiek en sosiologie. Die volgende twee titels dien as voorbeelde, naamlik *Arts and Humanities Citation Index* en *Social Science Index*. Vaktydskrifindekse indekseer gewoonlik meer as een tydskrifitel en word slegs deur die vakgebied beperk.

Vakindekse kan egter ook tot slegs een spesifieke tydskrifitel beperk wees, en word dan as *vakindekse vir een titel* geklassifiseer. 'n Voorbeeld hiervan is *Suid-Afrikaanse tydskrif vir biblioteek- en inligtingkunde*.

Die meeste tydskrifindekse word gebruik om bibliografiese inligting oor 'n onderwerp te herwin. By *aanhalingstydskrifindekse* is die onderwerp van die soektog eerder 'n verwysing na 'n spesifieke outeur as 'n woord of soekterm oor 'n sekere onderwerp (Woodward, 1990:176). Die soektog begin dus gewoonlik in die afdeling bekend as die *Citation Index*, wat een van die drie indekse uitmaak waaruit so 'n aanhalingsindeks bestaan. Onder die betrokke outeur wat herwin is, sal die lys van ander outeurs gevind word wat hierdie spesifieke persoon in hulle publikasies aangehaal het. Die persoon wat die inligting verlang, sal nadat die lys aanhalings gevind is, die tweede indeks, naamlik die *Source Index*, raadpleeg om die volledige bibliografiese verwysings vir die aanhalings te herwin. Die derde indeks, die *Permuterm Subject Index*, bied 'n alternatiewe soekmoontlikheid deur middel van betekenisvolle woorde uit die titels van die tydskrifartikels. Hierdie trefwoorde word op 'n tweevlakkige wyse aangebied, wat dus die kombinasie van relevante soekterme moontlik maak – “. . . thus producing a 'natural language' indexing system” (Woodward, 1990:177). Voorbeelde van *aanhalingssindekse* is *SCI - Science Citation Index*, *SSCI - Social Science Citation Index* en *A+HCI - Arts and Humanities Citation Index*.

Die meeste van hierdie tydskrifindekse soos hierbo vermeld, naamlik algemene, vak- en aanhalingsindekse verskyn óf maandeliks óf kwartaalliks met jaarlikse kumulasies. 'n Uitsondering is die volgende tipe tydskrifindeks wat bespreek word, naamlik *ekserptydskrifindekse*.

Sommige tydskrifindekse bevat, addisioneel tot die bibliografiese verwysings, ook ekserpte. Ekserpte is 'n opsomming van die inhoud van die artikel of mikro-entiteit wat die gebruiker in staat stel om op grond van die ekserp te bepaal of die artikel relevant sou wees vir sy doeleindes al dan nie (Woodward, 1990:174). Alle tydskrifindekse wat ekserpte bevat, word dus as *ekserpindekse* geklassifiseer, soos byvoorbeeld *Library Science Abstracts* en *Chemical Abstracts*. 'n Verdere kenmerk van die aard van die inligting in ekserpindekse is dat die makro-entiteite wat ingesluit word, nie beperk word tot tydskrifte as makro-entiteite nie, maar 'n breër omvang het as algemene of vaktydskrifindekse en ook publikasies soos boeke, verslae, konferensiestukke, patente en proefskrifte insluit. Om hierdie redes verwys Behrens (1994:98) na ekserpindekse as 'n meer gespesialiseerde tipe indeks. 'n Verdere rede wat Behrens (1994:111-112) aanvoer vir die spesifieke onderskeid wat met ekserpindekse getref word, is dat dit nie soos die ander tydskrifindekse kumuleer nie. Ekserpindekse kan egter slegs tot makro- of mikro-entiteite van algemene aard beperk wees en word dan as 'n *algemene ekserpindeks* getipeer, soos byvoorbeeld *Reader's Guide Abstracts*. Hierteenoor word publikasies soos *Library Science Abstracts*, wat tot vakkundige makro- of mikro-entiteite beperk is, as *vakekserpindekse* getipeer.

Sommige ekserpte van 'n enkele vakekserpindeks word saamgestel uit tot 12 000 wetenskaplike tydskrifte uit meer as 150 lande (Woodward, 1990:178). Vakekserpindekse sluit dus 'n groot hoeveelheid makro-entiteite in van 'n omvangryke geografiese gebied.

Woodward (1990:174) verwys ook na 'n addisionele tipe tydskrifindeks wat hy onderskei as 'n *hibridiese tydskrifindeks*, met die volgende titel as voorbeeld: *Applied Social Sciences Index and Abstracts*. Hierdie tipe tydskrifindeks word so genoem omdat sommige inskrywings slegs bibliografiese verwysings bevat en by ander ook ekserpte voorkom. Hibridiese tydskrifindekse is dus 'n kombinasie van 'n vak- of algemene tydskrifindeks sowel as 'n ekserpindeks.

Gebruikswaarde van gedrukte tydskrifindekse

Tydskrifindekse word gebruik om verwysings te vind na resente en retrospektiewe tydskrifartikels in tydskrifte. Gedrukte tydskrifindekse word basies om drie redes gebruik, naamlik om vas te stel:

- watter tydskrifartikels oor spesifieke onderwerpe op 'n gegewe tydstip gepubliseer is;
- wie die outeur daarvan is;
- wat die volledige bibliografiese besonderhede van sodanige artikels behels (Todd, 1972:20).

Wynar (1967:127) wys daarop dat indeksering 'n essensiële deel uitmaak van doeltreffende navorsing omdat die herwinning van relevante inligting 'n baie moeisame proses vir die navorser daarsonder sou gewees het.

Aanhalingindekse bied die verdere voordeel dat ook bepaal kan word hoeveel keer 'n sekere outeur deur ander outeurs aangehaal is. Ekserptydskrifindekse se waarde lê in die opsomming van die artikel waardeur die navorser vinniger en gemaklik kan bepaal of die betrokke artikel wel relevant vir sy bepaalde behoeftes sal wees. Op hierdie wyse kan die navorser tot 90% van sy tyd spaar, omdat elke artikel nie fisies deurgelees hoef te word voordat die relevansie daarvan vasgestel kan word nie (Woodward, 1990:177).

2.3 Samevatting

In hierdie hoofstuk is dus aangetoon:

- wat die aard van inligting in gedrukte ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse behels;
- watter verskillende subkategorieë by elkeen van hierdie hoofkategorieë bestaan;
- dat klassifisering op grond van die aard van die inligting in elke publikasie behoort te geskied;
- wat die gebruikswaarde van elke individuele kategorie behels.

Die oorhoofse gebruikswaarde van gedrukte ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse lê in die standvastigheid van die inligting en in die algemeen bekende gestandaardiseerde ordeningswyse van die teks. Die gebruiker raak vertrouwd met die inhoud en

uitleg van die publikasie en dit verhoog die herwinbaarheid van inligting. Sodoende word die tydsduur wat in beslag geneem word deur inligting te herwin, verkort.

Gebruikerstudies toon egter aan dat die herwinning van inligting vanuit tydskrifindekse in gedrukte formaat baie tydrowend is (McCarthy *et al.*, 1997:129,133-135; Van der Westhuizen, 1997:107).

Die kontrole wat oor publisering van inligting uitgeoefen word en die standaard wat biblioteke stel vir die aankoop van publikasies, bied 'n waardevolle vooraf seleksie vir die gebruiker om grotendeels te verseker dat betroubare inligting aangebied word.

Resentheid van gedrukte bronne bly problematies omdat daar so 'n lang tyd verloop vandat inligting geskryf is totdat dit gepubliseer word. Wat ensiklopediese inligting betref, kan daar van twee tot drie jaar verloop voordat inligting gepubliseer word. Tydskrifindekse word gewoonlik vir navorsingsdoeleindes geraadpleeg en daarom is dit belangrik dat die inligting wat daarin bevat word so reserant moontlik sal wees. Dieselfde situasie is geldig vir enkele kitsnaslaanbronne soos statistiese of staatkundige jaarboeke.

In die volgende hoofstuk word bepaal in watter mate gedrukte ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse alreeds tot elektroniese formate ontwikkel het en hoe die ontwikkeling die gebruikswaarde van naslaanbronne in albei formate beïnvloed.

Hoofstuk 3

Tegnologiese ontwikkeling van enkele hoofkategorieë naslaanbronne van gedrukte tot elektroniese formate

3.1 Inleiding

In Hoofstuk 2 is die aard en waarde van inligting in gedrukte ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse onder die loep geneem. Daar is onder andere daarop gewys dat die alfabetiese ordeningswyse, betroubaarheid, konsekwentheid en die vinnige herwinning van inligting die gebruikswaarde van gedrukte publikasies verhoog.

Hierdie hoofstuk is eerstens daarop gerig om vas te stel in watter mate die ontwikkeling in die inligtings- en kommunikasietegnologie daartoe meegewerk het dat gedrukte naslaanbronne tot elektroniese formate ontwikkel het. Tweedens word bepaal in watter mate elektroniese formate die herwinningsmoontlikhede en gevolglik ook die gebruikswaarde van gedrukte ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse beïnvloed. Daar word egter nie na elke publikasie verwys wat tans elektronies binne elke kategorie naslaanbronne beskikbaar is nie. Soos in Hoofstuk 2 word elke kategorie naslaanbronne as groep bespreek, met enkele verwysings na afsonderlike publikasies binne 'n spesifieke groep waar van toepassing.

Die bespreking fokusseer kortliks op verskillende fisiese elektroniese formate (mediums) en koppelingsmoontlikhede wat vir die berging en herwinning van digitale inligting gebruik word. Albei dié aspekte van elektroniese ontwikkeling kan die gebruikswaarde van 'n bepaalde databasis positief of negatief beïnvloed. Die genoemde bespreking sal egter vanweë die aard en omvang van die studie nie tegniese detail insluit nie. Hierdie bespreking sal primêr op die tegnologiese ontwikkeling van gedrukte formate toegespits wees. Aanvanklik sal 'n breë perspektief op die algemene tegnologiese ontwikkeling in biblioteke gegee word, voordat spesifiek op die ontwikkeling binne elkeen van die gemelde kategorieë naslaanbronne gekonsentreer sal word.

3.2 Elektroniese formate en inskamelings- of koppelingsmoontlikhede

Die tradisionele rol van inligtingsinstansies, veral biblioteke, was primêr om as 'n plek te dien waar hoofsaaklik gedrukte formate van inligting versamel, bewaar en beskikbaar gestel kon word (Nelson & Desmarais, 1989:379; Oppenheim & Smithson, 1999:99). Hierdie funksie het egter oor die afgelope dekades vanweë verskeie faktore wysigings ondergaan. Spesifieke faktore wat hier ter sprake is, sluit die volgende in:

- die hoeveelheid **bergingsruimte** wat gedrukte publikasies in beslag neem;
- die fisiese aard van gedrukte publikasies wat hulle **gebruik beperk** tot die spesifieke instansie wat hulle besit;

- **beperkte soekmoontlikhede** waardeur inligting herwin kan word;
- toenemende **krimpende begrotings** wat die aankoop van publikasies bemoeilik.

Gedrukte formate het gevolglik ontwikkel tot 'n verskeidenheid fisiese formate soos mikrofilms en mikrofiches, video's, plate, kassette en verskillende elektroniese mediums. Elektroniese formate sluit alle fisiese mediums in soos slap-, kompak- en hardeskyffformate. Inligting, ook bekend as data, word elektronies vasgelê, of dit nou in die vorm van magnetiese impulse of lasertegnologies is. Hierdie inligting kan rekenaarleesbaar as 'n georganiseerde versameling data in die vorm van syfers, hobbels en duikies of kodes geberg word (Behrens, 1994:16-20; Convey, 1992:8; Van Groenendaal, 1997:345).

Die ontwikkeling van elektroniese formate het meegebring dat tradisionele biblioteke wat hoofsaaklik net papierformate besit het, 'n groot verandering ondergaan het. Daar is nou ook sprake van 'n elektroniese biblioteek, ook bekend as 'n virtuele, sintetiese of digitale biblioteek. So 'n elektroniese biblioteek bestaan uit 'n sintetiese inligtingsomgewing waar die inligtingsbronne uit digitale formate bestaan. Ofskoon die funksies en doelstellings dieselfde bly as dié van die tradisionele biblioteek, is die tegnologie wat gebruik word om die inligting te skep, bewaar, organiseer, versprei, herwin en toeganklik te maak, elektronies van aard (met behulp van die rekenaar, programmatuur, netwerke, ensovoorts). 'n Biblioteek wat tradisionele sowel as elektroniese formate besit, staan bekend as 'n hibriediese biblioteek (Oppenheim & Smithson, 1999:97-98). Die term *hibridies* is ook van toepassing op 'n inligtingsproduk, byvoorbeeld die tydskrifindeks *ERIC*, wat in verskeie formate beskikbaar is, soos gedrukte, mikro-, CD-ROM- en intydse formaat of *Britannica Online* wat nie alleen ensiklopediese inligting nie, maar ook woordeboekinligting insluit.

Al die verskillende elektroniese formate is op een van twee wyses toeganklik, naamlik intern- of ekstern-intyds (ekstern-intydse databasisse word ook na verwys as afstands-databasisse). Die term *intyds* of *gekoppeld* beteken dat daar 'n direkte koppeling met die sentrale verwerkingseenheid van 'n rekenaar is. Albei toegangswyses kan databasisse insluit wat op primêre (hardeskyf) en/of sekondêre (byvoorbeeld slap- en kompakskyf) geheues geberg word (Cibbarelli *et al.*, 1993:86; Convey, 1992:3,8; Griffin, 1998:24,26; Kimmel, 1997:18; Oppenheim & Smithson, 1999:97-98).

Interne intydse databasisse sluit alle databasisse in wat deel uitmaak van die spesifieke biblioteek of instansie se databasisbesit; daarom is hulle ook bekend as plaaslike of inhuise databasisse. Inligtingsherwinning op interne databasisse geskied direk deur middel van terminale wat individueel of as deel van plaaslike of lokale areanetwerke toegang tot die databasisse van die betrokke instansie verleen. Interne databasisse bestaan gewoonlik uit een van die volgende moontlikhede:

- 'n instansie stel self die databasis saam, byvoorbeeld *Gesamentlike katalogus van proefskrifte en verhandelinge* deur die Ferdinand Postma Biblioteek, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys;
- die databasis op 'n sekondêre geheue word by databasissekeppers of -handelaars aangekoop of gehuur, byvoorbeeld *Library Literature* op CD-ROM by H.W.Wilson;

- die databasis word oorgelaai, byvoorbeeld *Kovsidex* vanaf UOVS (Akeroyd, 1989:373; Cibbarelli *et al.*, 1993:86; Lategan, 1993:303-306; Tenopir, 1993:52).

Intydse afstandsdatabasisse verwys na produkte waartoe 'n mens toegang kan verkry deur afstandshoofraamrekenaars met behulp van wye areanetwerke soos byvoorbeeld Uninet (interuniversitêre netwerk), Sabinet (Suid-Afrikaanse bibliografiese netwerk) en Internet (internasionale netwerk). Die databasis word dus nie geberg by die inligtingsinstansie wat die inligting gebruik nie – vandaar die begrip ekstem (Cibbarelli *et al.*, 1993:86; Tenopir, 1993:52).

Eksterne databasisse bestaan gewoonlik uit die volgende:

- intyds via databasissekeppers of -handelaars, byvoorbeeld *ERIC* via DIALOG;
- intyds via Internet as platform, byvoorbeeld *South African Internet Directory*.

Klassifikasie van elektroniese formate kan dus, afhangende van die spesifieke kriteria wat as onderskeidende kenmerke aangewend word, vanuit verskillende invalshoeke geskied. Die volgende klassifikasiemoontlikhede is voor-die-hand-liggend:

- die tipe fisiese formaat, byvoorbeeld slap-, kompak- en hardeskywe;
- die wyse waarop die inligting vasgelê word, byvoorbeeld magneties, laser-tegnologies of elektronies;
- die aard van die data, byvoorbeeld woordeboek- en bibliografiese data;
- die elektroniese toegangswyse, byvoorbeeld intern- of ekstem-intyds.

In hierdie hoofstuk word elektroniese formate soos in die geval van die gedrukte formate in Hoofstuk 2 op grond van die aard van die data wat daarin vervat is, onderskei. Vooraf word die algemene tegnologiese ontwikkeling van naslaanbronne in gedrukte formate tot naslaanbronne in elektroniese formate bespreek.

3.3 Algemene tegnologiese ontwikkeling tot elektroniese formate in biblioteke

Die ontwikkeling van die inligtings- en kommunikasietegnologie in biblioteke word deur Tenopir (1993:52-54) op 'n tydlyn, bekend as die databasistydlyn, aangedui. Hierdie databasistydlyn word as uitgangspunt gebruik maar ook uitgebrei waar nodig. Waar van toepassing word die feite wat deur die datums aan die begin van elke paragraaf aangetoon word met sinvolle resenter ontwikkeling aangevul sodat kontinuïteit in die bespreking gehandhaaf kan word.

1963 en vroeër: Die tydperk voor 1963 is verteenwoordigend van 'n era toe rekenaars en databasisse nie in biblioteke gebruik is nie en word met die afkorting "bc" op Tenopir (1993:52) se databasistydlyn aangedui. Die afkorting verwys na "before computers" of "the age of printing".

1964: Belangrike ontwikkelinge wat in hierdie jaar plaasvind, behels **afstandkoppeling** vir elektroniese soekdoeleindes, sowel as die ontwikkeling van **netwerke**.

- Die eerste **afstandkoppeling** is in die Verenigde State van Amerika (VSA) deur middel van die National Library of Medicine (NLM) se MEDLARS-stelsel moontlik gemaak en kort daarna het die National Aeronautics and Space Administration (NASA) gevolg met databasisse op hul vakgebied. 'n Inligtingsoektog het geskied deur 'n **skrywe** aan NLM of NASA te rig oor die herwinning van bibliografiese inligting oor 'n spesifieke onderwerp. Soeknavrae moes egter eers tot 'n geskikte hoeveelheid akkumuleer waarna 'n bondel- of groepsoektog uitgevoer is. Soekresultate bestaande uit bibliografiese verwysings oor 'n spesifieke onderwerp is gevolglik eers enkele weke na die datum van navraag in die vorm van 'n papieruitdruk ontvang (Convey, 1992:6; Tenopir, 1993:54; Wilks, 1982:8-9).
- **Netwerkontwikkeling** het in die VSA by die Departement van Verdediging met die ontwikkeling van die netwerk Advanced Research Projects Agency Network (ARPANET) ontstaan. Hierdie netwerk was bestem om militêre navorsing te steun. Akademici en navorsers het egter die belangrikheid van ARPANET as 'n kommunikasie- en inligtingsmedium besef en het begin om addisionele netwerke daaraan te koppel. Dit was die begin van wat vandag bekend is as Internet. ARPANET het in 1988/89 tot niet gegaan (Krol, 1994:13; PBS, 1998; Poulter, 1997:132).

1970 – 1979: Gedurende die sewentigerjare was twee ontwikkelings van wesenlike belang, naamlik die bekendstelling van **kommersiële interaktiewe eksterne bibliografiese inligtingsherwinningstelsels** en **pakkieskakelingsnetwerke**.

- Die eerste drie groot **kommersiële interaktiewe eksterne bibliografiese inligtingsherwinning-stelsels** was BRS (Bibliographic Retrieval System), DIALOG (Lockheed Information Services) en SDCORBIT (System Development Corporation Online Retrieval of Bibliographic Information Timeshared). Elektroniese soektogte vir eersgenoemde ontwikkeling het sedert 1972 **telefonies** plaasgevind en daarom het dit hoë koste tot gevolg gehad. Nie alleen die telefoonkoste nie, maar ook die betaling vir inligting op die databasis moes in berekening gebring word. Om die rede het tussengangers wat bekend was met aspekte soos die onderskeie stelsels, databasisbesit en soekmetodes tot in die 1980's gewoonlik die soektogte uitgevoer. Cotton en Maxwell Online het in 1986 en 1992 bevind dat onderskeidelik 13% en 50% eindgebruikers reeds hul eie soektogte begin uitvoer het (Convey, 1992:5-7,17-18,27-28; Gumsey, 1990:385; Peters, 1990:275; Tenopir, 1993 :54; Wilks, 1982:12-14).
- **Pakkieskakelingsnetwerke** (soos byvoorbeeld TYMNET of TELENET in die VSA en DATAPAC in Kanada) het in 1975 telefoniese oproepe met **elektroniese afstandkoppeling** vervang waardeur inligting goedkoper en gouer beskikbaar gestel kon word (Nelson & Desmarais, 1989:380; Wilks, 1982:13).

1980 - 1989: Die belangrikste ontwikkelings in die 1980's het die uitbreiding van **intydse bibliografiese inligtingsherwinningstelsels**, bemarking van **IBM se persoonlike rekenaar (PC)** en die kompakskyf **CD-ROM**, sowel as die **plaaslike aflaaing** van databasisse ingesluit.

- In 1982 het intydse inligtingsherwinning met die ontwikkeling van **bibliografiese stelsels** verbeter. Bibliografiese stelsels soos CompuServe, BRS/AfterDark en DIALOG se Knowledge Index het eindgebruikers in staat gestel om hul eie soektogte na databasisverskaffers te hanteer (Convey, 1992:28; Tenopir, 1993:54).
- Tesame met bovermelde stelsels het die firma **IBM** die **PC** vir wydverspreide bemarking direk aan eindgebruikers bekendgestel, wat die proses van elektroniese inligtingsherwinning vir die eindgebruiker verbeter het (Tenopir, 1993:52).
- Reeds vanaf 1983 het die **plaaslike aflaaing** van bibliografiese databasisse plaasgevind met die doel om inligting makliker, gouer en goedkoper aan gebruikers beskikbaar te stel. 'n Groter hoeveelheid bibliografiese databasisse en verskaffers soos onder meer OCLC, WLN, NLM en DIALOG het hul databasisse vir plaaslike aflaaing beskikbaar gestel (Convey, 1992:17-39). Sodoende het die gebruik van en gevolglik die vraag na verskillende databasisse vermeerder. Beskikbare databasisse via databasishandelaars het dus gegroei sodat DIALOG byvoorbeeld in 1986 reeds 270 databasisse en 80 000 gebruikers in 76 lande gehad het, wat 'n verdubbeling van die 1983-syfers beteken het (Convey, 1992:17).
- Die optiese laserskyf **CD-ROM** as kompakte sekondêre geheue, met 'n bergingskapasiteit van ongeveer 600Mb data, wat ongeveer 200 000 bladsye gedrukte teks insluit, is in 1985 bekendgestel. Optiese laserskywe sluit 'n verskeidenheid tipes kompakskywe soos onder andere CD-ROM ('n lees-alleen-geheue), WORM ('n geheue wat een keer geskryf en meer kere gelees kan word), CD-I (interaktiewe kompakskywe) en skywe met 'n variasie in bergingskapasiteit in. Hiervan is CD-ROM die bekendste en mees gebruikte formaat vir die vaslegging en herwinning van inligting. Dit is gesien as 'n alternatiewe tegnologiese ontwikkeling wat komplementêr tot interne en eksterne intydse afstandsdatabasisse sou bestaan en het vanuit die bekende audio-CD ontwikkel. Die eerste ontwikkeling rondom CD-ROM het alreeds in die laat 1970's 'n aanvang geneem met BIOSIS se BITS-diens wat hulle as 'n deelversameling op slapskyf wou aanbied. Hierdie produk was egter op daardie tydstip om verskeie redes nie geslaagd nie, onder andere omdat die mark nie 'n gestandaardiseerde installeringsbasis vir hierdie produk gebied het nie. Die aankoop van databasisse op CD-ROM het die interne beskikbaarstelling van inligting in biblioteke op 'n koste-effektiewer wyse moontlik gemaak. Die rede daarvoor was dat telekommunikasiekoste uitgesluit is en die koste van optiese berging vir data per greep (byte) goedkoper was as byvoorbeeld magnetiese berging. 'n Jaar nadat CD-ROM bekendgestel is, was daar 48 verskillende publikasies beskikbaar. Die publikasie met die titel, *CD-ROMs in Print 1991*, lys 1 400 titels in vergelyking met slegs 600 in die 1990-uitgawe, dus 'n toename van 800 titels. Die 1992-uitgawe van Task Force Pro Libra (TFPL) se *The CD-ROM Directory* lys 2 200

titels en Keenan (1998:103) dui in 1997 aan dat daar ongeveer 20 000 inligtingsprodukte op CD-ROM beskikbaar is. Dit is 'n 900%-toename in hoeveelheid – 'n duidelike bewys van die geslaagdheid van die produk. Dit word verder bevestig deur die gesofistikeerdheid van die soekprogramme (Akeroyd, 1989:374; Behrens, 1988:126; Bekker, 1987:19-30; Clausen, 1997:179; Convey, 1992:13-14,40-47; Devlin, & Burke, 1997:101-108; Gumsey, 1990:393-394; Halsey, 1989:58; Nelson & Desmarais, 1989:377-379; Roose, 1988:61; Williams & Burgard, 1998a:169-190; Williams & Burgard, 1998b:323-338).

1990-1998: Gedurende die negentigerjare is die belangrikste ontwikkeling rondom **Internet** as die platform vir die berging en herwinning van inligting gesentreer (Diaz, 1997:1-238). Verskeie **soekhulpmiddels** is ontwikkel om sodoende die gebruikswaarde van inligting op Internet voortdurend te verbeter. Verbeterde **optiese skywe** is ook op die mark gebring om die bergingskapasiteit van CD-ROM te verhoog.

- **Internet** het in die negentigerjare eers bekendheid verwerf en dinamies begin uitbrei soos onderstaande statistiek duidelik aantoon:
 - **Internetdiensverskaffers** het van 23 in 1971 tot 10 miljoen in 1996 uitgebrei;
 - 40 miljoen **gebruikers** het teen 1996 van Internet gebruik gemaak;
 - dit geskied deur middel van 22 000 **netwerke**;
 - afkomstig van ongeveer 152 **lande**;
 - wat ongeveer 400 gigagreep **dataleërs** ingesluit het;
 - met 'n toename van 500% in die aantal **webligginge** vanaf 100 000 in Augustus 1995 tot 536,041 in Augustus 1996 (Hsieh-Yee, 1998:28) sodat daar teen Maart 1999 ongeveer twee miljoen webligginge geïdentifiseer is;
 - dit bevat tans ongeveer 1,5 miljoen **bedienerdomeine** (Biddiscombe, 1996:157-158; Hsieh-Yee, 1997:577; Hsieh-Yee, 1998:28; Koehler, 1999:29; PBS, 1998).

Bovermelde ontwikkelings lei daartoe dat na Internet as die "PostGutenberg Galaxy" verwys word – 'n revolusie van dieselfde omvang as die uitvinding van die boekdrukkuns (Van Groenendaal, 1997:338, 342-343).

- Internet stel gebruikers wat oor die nodige infrastruktuur beskik in staat om toegang tot miljoene inligtingsbronne te verkry en daarom word probleme ondervind om slegs relevante inligting te herwin. Navorsing word voortdurend gedoen met die doel om verbeterde **soekhulp- of navigeringshulpmiddels** vir die herwinning van inligting op Internet daar te stel.
 - Inligtingsherwinningsinstrumente soos elektroniese pos, FTP (file transfer protocol) en Telnet is ontwikkel met die doel om Internet as inligtingsbron te ontgin.

- Een van die eerste soekhulp- of navigeringshulpmiddels, Gopher, is in 1991 op Internet ontwikkel. Dit was die eerste wys-en-kliek of **hipertekssoekmetode** (PBS, 1998).
- Berners-Lee (PBS,1998) ontwikkel hierna die World Wide Web (WWW) op dieselfde beginsel met **multimedia-eienskappe** wat klank, afbeeldings en beweging bevat.
- 'n Ander tipe **soekhulpmiddel** is soekenjins wat soekfasiliteite beskikbaar stel waarmee 'n gebruiker via Internet na gepaste inligting kan soek deur bloot die trefwoorde in die gegewe soekruimte in te sleutel. Soekenjins bestaan uit drie komponente, naamlik 'n robot of spinnekop, databasis en agent. Die robot is die program wat deur middel van hiperteksskakels Internet deursoek vir nuwe inligtingsbronne wat in die soekenjin se databasis geïndekseer kan word. Die kwaliteit en kwantiteit inligting wat in elke soekenjin se databasis opgeneem word, verskil soos bepaal deur die robot. Die inligting in die databasis bestaan uit webliggings se unieke adresse (URL's), titels, trefwoorde, eerste reëls van die teks, ekserpte of volledige teks, opskrifte en ander data, soos byvoorbeeld die grootte van die dokument. Die agent is die program wat die databasis deursoek na inligtingsbronne wat met die inligtingsnavraag ooreenstem en in die volgorde van relevansie vertoon word. Die soekresultate wat in identiese opeenvolgende soektogte verkry word, kan egter van mekaar verskil, omdat die agent se soektog nie altyd op dieselfde plek in die kuberruimte met 'n soektog begin nie en verskillende skakels na inligting opgevolg word. Soekenjins verskil dus in omvang, eienskappe en tipe inligting wat hulle bevat. Verskillende tipes soekenjins word ook onderskei, soos enkelvoudige, meervoudige of metasoekenjins en onderwerpsgidse. Eersgenoemde twee soekenjins verskil daarin dat die inligting van óf slegs een óf meer soekenjins deursoek word. AltaVista, Lycos, Infoseek, HotBot en Northern Light is voorbeelde van **enkelvoudige soekenjins** (Tenopir, 1993:54). Hierteenoor is MetaCrawler 'n **metasoekenjin** wat meer as een soekenjin tegelyk deursoek. Yahoo is 'n voorbeeld van 'n **onderwerpsgids** wat van soekenjins verskil in die opsig dat die saamstel van die databasis grotendeels deur mense gemanipuleer word. Soekenjins vir spesifieke lande, byvoorbeeld Aardvark, Ananzi, Zebra, Zazoo, ZA Worm en WoYaa – almal Suid-Afrikaanse soekenjins – is ook mettertyd ontwikkel. Dit laat gebruikers met 'n keuse van honderde moontlike soekenjins. Nie alleen is die keuse tussen verskillende soekenjins problematies nie, maar ook die keuse tussen die groot verskeidenheid inligting wat elke soekenjin bevat, skep probleme. In Januarie 1998 word aangetoon dat enkelvoudige soekenjins soos HotBot en AltaVista onderskeidelik uit 110 en 100 miljoen webbladsye bestaan, wat 'n definitiewe aanduiding van die omvang van sodanige soekenjins bied (Cohen, 1998:7-14; Hsieh-Yee, 1998:27-47). Tog dui Nel (1999:4) aan dat 'n soekenjin soos Northern Light, wat goed presteer, slegs 16% van Internet se inligting bevat.
- **Soeklesers** soos Mosaic, Netscape Navigator en Microsoft se Internet Explorer het die gebruikswaarde van die WWW verhoog vanweë hulle gerieflike koppelvlakke, inligtingsherwinningsmoontlikhede en verwerking (Cohen, 1998:8; PBS, 1998).

- Nuwe verbeterde kompaktskywe is ontwerp soos **DVD**, 'n digitale veelsydige disket met 'n bergingskapasiteit wat sewe keer groter is as CD-ROM en **MMCD**, 'n multimedia-kompaktskyf wat sewe gigagreep data kan bevat en dus die berging van byvoorbeeld die ensiklopedie *Encarta* met tien keer meer teks as die oorspronklike uitgawe sowel as multimedia op een skyf moontlik maak (Clements & Nicholls, 1995:54; Encarta, 1997; Kister, 1998:4). Hiermee word die waarde van kompaktskywe as sekondêre bergingsmedia beduidend uitgebrei.

Teen 1998 bestaan daar vir elk van die verskillende tipes naslaanbronne soos ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse reeds velerlei titels in CD-ROM-formaat en/of via Internet. Die spesifieke tegnologiese ontwikkeling binne die kategorieë naslaanbronne wat in hierdie studie onderskei is, sal vervolgens bespreek word.

3.4 Die ontwikkeling van enkele naslaanbronne van gedrukte tot elektroniese formate

Hierdie bespreking sal telkens fokusseer op die onderskeie groepe naslaanbronne en dieselfde orde soos in Hoofstuk 2 word gevolg. Dienooreenkomstig word ensiklopedieë eerste bespreek.

3.4.1 Ensiklopedieë

1983 en vroeër: Die oudste bekende gedrukte ensiklopedie was *Encyclopaedia Britannica* wat reeds vanaf 1768 gepubliseer word. Ensiklopedieë is tot en met 1983 slegs in **papierformaat** uitgegee.

1984-1989: Gedurende die 1980's was die belangrikste tegnologiese veranderinge rondom ensiklopedieë dat hulle gepubliseer is in **ekstern-intydse** en **CD-ROM-formaat**. Naas tydskrifindekse is ensiklopedieë van die eerste CD-ROM-publikasies. 'n Groot aanwinst was die verbeterde **soekmoontlikhede, multimedia-eienskappe** en **sagteware**.

- Die eerste digitale ensiklopedie in **eksterne intydse formaat**, *Grolier*, was steeds **duur** om te gebruik omdat daar nie alleen vir die tydsduur van die soektog nie, maar ook vir die inligting wat herwin word, betaal moes word. Daarom is steeds voorkeur aan gedrukte formate verleen.
- In 1985 word *Grolier* egter op **CD-ROM** gepubliseer. Dit bevat **slegs teks** en is in wese **dieselfde as 'n gedrukte ensiklopedie**. 'n Belangrike addisionele eienskap is wel die **kombinerings van trefwoorde** waardeur die gebruiker inligting effektiewer kan herwin. *Grolier* het eers in 1990 en 1992 onderskeidelik afbeeldings en multimedia-elemente (507 artikels met klank en 8 000 van die 34 000 artikels met afbeeldings) bygevoeg. 'n Nadeel van die publikasie van 'n spesifieke ensiklopedie in **verskillende digitale formate is dat die inhoud van hierdie verskillende formate van mekaar kan verskil**. Die eksterne intydse uitgawe van *Grolier* bevat byvoorbeeld baie minder multimedia as die CD-ROM-formaat.

- Vanaf 1989 is 'n ensiklopedie soos *Compton's Multimedia Encyclopedia*, wat tekstgewyse dieselfde as die 26 volumes in papierformaat is, in CD-ROM-formaat met 16 uur **multimedia** gepubliseer. 'n **Redigeringsopsie** verleen aan gebruikers die moontlikheid om teks en grafika wat oor dieselfde onderwerp handel, maar op verskillende plekke in die dokument voorkom, te herwin en te kombineer. Sodoende word 'n nuwe eindproduk geskep.
- Die tipe **sagteware** wat gebruik word om data effektief te herwin, is bepalend vir die gebruikswaarde van digitale formate. *World Book Multimedia Encyclopedia* gebruik byvoorbeeld die Windowspakket, wat oor 'n eenvoudige struktuur beskik en maklik verstaanbaar is. Sodoende word die gebruikswaarde daarvan verhoog (Clements & Nicholls, 1995:53-57; Grolier, 1999; Hoffert, 1994:143; Kister, 1998:3-6).

1990-1998: Gedurende die 1990's word verskeie ensiklopedieë as **intydse afstandsdatabasisse, CD-ROM- en Internetformate** met gesofistikeerder **digitale** eienskappe gepubliseer.

- Walford (1990:56), Convey (1992:13) en Kister (1998:4,6) dui aan dat die teks van enkele **Engelstalige algemene ensiklopedieë** vanaf 1990 as **intydse afstandsdatabasisse** via verskeie **databasishandelaars** beskikbaar is, naamlik:
 - (i) *Encyclopedia Britannica* - via Mead Data Central;
 - (ii) *World Book Encyclopedia* wat slegs vir CompuServe-intekenare beskikbaar is;
 - (iii) *Compton's Multimedia Encyclopedia* - via America Online;
 - (iv) *Everyman's Encyclopedia* - via DIALOG;
 - (v) *Academic American Encyclopedia* van Grolier - via BRS, DIALOG en CompuServe;
 - (vi) *Encyclopedia of Associations* van Gale;
 - (vii) *Encyclopedia of Chemical Technology* van Kirk-Othmer.

Ensiklopedieë as intydse afstandsdatabasisse word egter in hierdie fase steeds **negatief** ervaar vanweë die **tydsduur** en **koste** om hulle te benut. Daarteenoor het die moontlikheid om inligting voortdurend by te werk die voordeel dat inligting **resenter** is. Die herhaaldelike publikasie van elektroniese ensiklopedieë bring mee dat uitgewers vir identifiseringsdoeleindes van die verskillende uitgawes die **jaartal as deel van die titel** insluit.

- **CD-ROM-ensiklopedieë** se toename is sodanig dat die dertiende uitgawe van *TFPL Publishing's CD-ROM Directory* **129** titels lys met eienskappe soos **soekveldbeperking** en **interne hiperteksskakels**. Hiervan is *Encarta* van Microsoft met nege uur video, 2 000 artikels met klank en 8 000 afbeeldinge 'n voorbeeld. In 1996 word die Internet-uitgawe, *Encarta Concise Encyclopedia*, uitgegee. Dit is 'n **verkorte uitgawe** van dieselfde titel in CD-ROM-formaat. Die nadeel van verskillende uitgawes met dieselfde titel in verskillende formate wat in inhoud van mekaar verskil, is dat die gebruiker nie altyd weet wat die inhoud van 'n spesifieke uitgawe behels nie. Eienskappe soos **soekveldbeperking** stel gebruikers in staat om die soektogte na

die verlangde veld, soos byvoorbeeld titels of teks, te beperk. Sodoende kan effektiewer soekresultate herwin word. 'n Verdere voordeel is die gemak waarmee interne verwysings in die vorm van **hiperteksskakels** opgevolg kan word. Om hierdie rede sluit ensiklopedieë soveel moontlik hiperteksskakels in. Vergelyk byvoorbeeld *The Columbia Encyclopedia*, wat 78 000 hiperteksskakels bevat (Clements & Nicholls, 1995:57; Williams & Burgard, 1997:288).

'n Nadeel is dat resenter digitale ensiklopedieë soos *Infopedia* slegs deur 'n 486-rekenaar en kragtiger rekenaars gelees kan word. Dit veroorsaak dat ouer digitale publikasies **onbruikbaar** is as gevolg van onleesbaarheid.

- Verskeie uitgawes van ensiklopedieë word in 1994 via **Internet** beskikbaar gestel met verskillende **subskripsieoontlikhede**, **hibridiese** eienskappe, **verskillende uitgawes van dieselfde titel**, **eksterne hiperteksskakels**, **natuurlike-taal soektogte** en **speletjies**.

Encyclopaedia Britannica word onder andere in **verskillende digitale formate met ses verskillende titels**, elk met sy eie unieke eienskappe, gepubliseer, naamlik:

- (i) *Britannica Online* wat in 1998 **drie subskripsieoontlikhede** bied, naamlik R350 per jaar, R35.00 per maand of R70.00 per dagpas, wat 'n periode van tien dae met 24 uur inskakeling bied. Laasgenoemde moet egter binne 'n periode van ses maande geskied. Sodoende is die bekostigbaarheid van ensiklopedieë aansienlik verbeter. *Britannica Online* bevat 72 000 artikels, 73 000 woordeboekinskrywings, 7 000 foto's, sketse, kaarte en vlae, 60 multimedia-artikels, 231 000 indeksinskrywings, 23 000 biografieë, 3 300 jaarboekartikels, 700 **interne** en 1 500 **eksterne en hiperteksskakels**. Die woordeboek- en jaarboekinskrywings maak van hierdie bron 'n hibridiese publikasie. 'n Afdeling met die titel "**Week in review**" bevat belangrike weeklikse wêreldgebeure soos byvoorbeeld inligting oor die orkaan Mitch wat Sentraal-Amerika in 1998 getref en 9 000 mense gedood het of byvoorbeeld die gebeure waar John Glenn in 1998 op 77-jarige ouderdom weer 'n ruimtereis ondemeem het. **Duplikaatliggings** ("mirror sites") vermeerder die toegangsroetes sodat die reaksietyd verhoog kan word. *Britannica* se duplikaatroetes is die volgende: Chicago (<http://members.eb.com/>), San Diego (<http://www-lj.eb.com:195/>) en United Kingdom (<http://www.eb.co.uk:195/>). 'n E-posadres (freetrial@eb.com) vir **interaktiewe navrae** deur die gebruiker aan die redaksie verleen 'n maklike platform vir navrae.
- (ii) *Encyclopaedia Britannica CD 99 Multimedia Edition* konsentreer meer op multimedia.
- (iii) *Britannica CD Ultimate Reference Suite* fokusseer meer daarop om 'n handige naslaanbron wat hoofsaaklik uit teks bestaan, daar te stel.
- (iv) *Discovering Dinosaurs CD-ROM* bevat primêr inligting oor dinosourusse.
- (v) *Britannica Profiles Black History* is 'n hibridiese uitgawe wat twaalf woordeboeke insluit.
- (vi) *Britannica CD 98 Standard Edition*. *Britannica* is in 1993 vir die eerste keer in CD-ROM-formaat sonder multimedia as *Britannica Instant Research System* (BIRS) gepubliseer.

Britannica CD 98 bevat dieselfde hoeveelheid artikels as *Britannica Online* maar meer multimedia as die 1997-CD-ROM-uitgawe, naamlik 8 500 animasies, 1 200 kaarte, verskeie videosnitte, illustrasies en foto's. Soektogte kan op verskillende wyses uitgevoer word en sluit onder andere ook **natuurlike-taal soektogte** in, soos byvoorbeeld: "Why is the sky blue?" Die **alfabetiese lys met titels** van artikels kan deurgeblaai word en soektogte in die **indeks** kan ook uitgevoer word deur bloot trefwoorde in te sleutel. Hierdie soekwyses maak dit selfs vir onervare gebruikers maklik om inligting te herwin. *Britannica* in CD-ROM-formaat kos in 1998 ongeveer R900. Intydse opdatings kan teen 'n verdere bedrag van R300 per jaar verkry word. Dit is aansienlik goedkoper as die gedrukte uitgawe wat ongeveer R8 000 kos. Die CD-ROM-uitgawe is hibridies en sluit publikasies soos *Merriam Webster Collegiate Dictionary* en *Britannica Books of the Year 1994-97* in (Encyclopedia Britannica, 1998; Carr, 1999; CNET, 1999; Clements & Nicholls, 1995:57; Hoffert, 1994:143; Kister, 1998:4).

Ensiklopedieë as **hibridiese uitgawes** bied die voordeel dat terwyl inligting in ensiklopedieë gelees word, 'n woordeboek of jaarboek **uit dieselfde sagtewareprogram** ook geraadpleeg kan word. *Infopedia* is 'n hibridiese publikasie wat die vyf verskillende tipes naslaanbronne bevat, soos uit die lys hieronder blyk:

- (i) *New Encyclopedia* van Funk en Wagnalls (ensiklopedie);
- (ii) *The World Almanac and Book of Facts* (almanak);
- (iii) *Roget's 21st Century Thesaurus* (woordeboek);
- (iv) *Webster's New Biographical Dictionary* (biografie);
- (v) *Merriam-Webster's Collegiate Dictionary* (woordeboek);
- (vi) *Dictionary of English Usage* (woordeboek);
- (vii) *Dictionary of Quotations* (woordeboek);
- (viii) *Hammond World Atlas* (atlas) (Clements & Nicholls, 1995:58).

Hibridiese uitgawes kan veroorsaak dat die elektroniese bestaan van 'n spesifieke titel nie noodwendig bekend is indien dit slegs as 'n sekondêre publikasie as deel van 'n ander titel bestaan nie. Bibliografiese beheer word ook hierdeur bemoeilik.

Webster's Interactive Encyclopedia is die eerste ensiklopedie wat **speletjies** insluit en dus is dit veral vir kinders nog aantrekliker om te gebruik. Sedertdien het ander ensiklopedieë soos *Britannica Online* ook speletjies begin insluit (Encyclopedia Britannica, 1998).

Nie alleen algemene ensiklopedieë is beskikbaar nie, maar ook verskeie **vakensiklopedieë** word by verskillende webliggings soos onder meer Refdesk (1995b) gelys. Vergelyk byvoorbeeld:

- (i) *Encyclopedia of British History*;
- (ii) *Encyclopedia Titanica*;
- (iii) *Internet Encyclopedia of Philosophy*;
- (iv) *International Financial Encyclopedia*;

- (v) *Mathematics Encyclopedia*;
- (vi) *Musical Heritage Network Instrument Encyclopedia*.

Elektroniese ensiklopedieë bevat dus unieke eienskappe wat nie by gedrukte ensiklopedieë voorkom nie. Hiervan is die belangrikstes: die kombinerende van trefwoorde, natuurlike-taal soektoegte, soekveldbeperking, integrering van ensiklopediese inhoud by woordverwerking, interne en eksterne hiperteksskakels wat met die druk van 'n knoppie opgevolg kan word, verskillende subskripsiemoontlikhede, interaktiewe navrae en resenteid.

Die uitgewers van die ensiklopedie *Funk and Wagnalls Multimedia Encyclopedia* het onder andere om bogenoemde redes tot die gevolgtrekking gekom dat gedrukte formate nie meer gebruikswaardig het nie en die publikasie daarvan is dus gestaak (Funk & Wagnalls, 1997).

Die ontwikkeling van die verskillende kategorieë naslaanbronne het nie tegelykertyd plaasgevind nie. Woordeboeke is byvoorbeeld eers twee jaar na ensiklopedieë in CD-ROM-formaat gepubliseer. Tog het hierdie agterstand nie die ontwikkeling van woordeboeke tot verskillende elektroniese formate beperk nie.

3.4.2 Woordeboeke

1986 en vroeër: Woordeboeke as naslaanbronne is reeds 2 500 jaar gelede aangetref (Schutte, 1985:55). Een van die eerste gedrukte woordeboeke is *Oxford English Dictionary* (OED), wat in 1928 in gedrukte formaat gepubliseer is (Grogan, 1991:47).

1987-1989: Gedurende die tagtigerjare is die belangrikste ontwikkeling die publikasie van woordeboeke in **CD-ROM**-formaat.

- In 1987 word woordeboeke vir die eerste keer in **CD-ROM**-formaat gepubliseer. Die OED is heel eerste aan die beurt. Verskeie **ander woordeboektitels** het hierop gevolg, waaronder: *American Heritage Dictionary*, *Random House Dictionary*, *World Book Dictionary* en *Merriam-Webster Ninth New Collegiate Dictionary*. Vanweë die bergingskapasiteit van CD-ROM word uitgewers in staat gestel om in die negentigerjare meer as een woordeboek op 'n enkele optiese skyf te berg. Die bekende Elsevier uitgewers publiseer byvoorbeeld *Elsevier Dictionaries on CD-ROM*, wat 50 woordeboeke op verskillende vakgebiede soos die ekonomie, ingenieurswese en landbou bevat (Anon., 1998:19; Bowers, 1989:102-105).

1990-1998: Primêre tegnologiese veranderinge ten opsigte van elektroniese woordeboeke in die negentigerjare is geleë in aspekte soos **dat verskillende woordeboektipies elektronies gepubliseer word, multimedia, die publikasie en dinamiese uitbreiding van die aantal elektroniese woordeboeke op Internet, skep van 'n eie woordeboek, outomatiese vertalings, leksikografiese medewerking, verskeie soekmoontlikhede, integrering met woordverwerkingsprogramme, blokraaiselhelp** en die publikasie van **meer as een woordeboek op 'n enkele CD-ROM**.

- **Verskillende tipes woordeboeke word digitaal gepubliseer, soos vakwoordeboeke** waarvan *Web Investor's Dictionary* en *Online Film Dictionary* voorbeelde is. Eersgenoemde bevat inligting oor terme en frases wat beleggers en handelaars gebruik (Mai, 1997:78) en laasgenoemde bevat vertalings van terme wat in die filmbedryf gebruik word (Heidelbach, 1998). **Meertalige woordeboeke**, soos byvoorbeeld *Harrap's* word in CD-ROM-formaat gepubliseer. Dit bevat sewe miljoen woorde in elf tale waaronder Engels, Duits, Italiaans, Frans, Noorweegs, Spaans, Nederlands, Sweeds en Chinees (Williams & Burgard, 1997:288).
- Vanaf 1995 is begin om verskeie multimedia by elektroniese woordeboeke te implementeer. **Klank** is betrek sodat die gebruiker nie net die woorde in 'n tradisionele skrif kan lees of die uitspraak uit 'n fonetiese notasie kan aflei nie, maar dat hy inderdaad ook die **uitspraak** van die woorde kan hoor, soos byvoorbeeld in *Book-shelf '95* (Clements & Nicholls, 1995:54). Hiermee is die skriftelike fonetiese aanbieding met klank aangevul. Verskeie **multimediawoordeboeke** wat aspekte soos klank, animasie, kaarte, grafika en speletjies ingesluit het, is in 1996 gepubliseer. Voorbeelde hiervan is onder andere die publikasie *Mackoijen CD Dictionary* - met 220 000 inskrywings, 2 500 grafiese voorstellings en 84 voëlgeluide (Williams & Burgard, 1997:288). *Oxford's Advanced Learner's Dictionary* is 'n **interaktiewe** multimedia-uitgawe wat kruisverwysings na verwante illustrasies en kaarte bevat met die doel om 'n spesifieke woord duidelik in **konteks** te plaas.
- Elektroniese woordeboeke op Internet word teen 'n dinamiese spoed gepubliseer en uitgebrei. Verskeie **webligings** met lang lyste woordeboeke kan gevolglik geïdentifiseer word. Vergelyk die onderstaande webligings:
 - *A Web of Online Dictionaries* met **800 woordeboeke** in 160 verskillende tale, byvoorbeeld Afrikaans en Xhosa. Verskillende tipes woordeboeke soos taal-, vertaal-, vak- en gespesialiseerde woordeboeke word ook op so 'n webliging aangetref (Beard, 1996).
 - *My Facts Page: Dictionaries and Language Resources* met **473 woordeboeke** (Refdesk, 1995a).
 - *OneLook Dictionaries* wat **490 woordeboeke** bevat (Ware, 1999), soos byvoorbeeld *Merriam-Webster's WWWebster Dictionary* (70 006 woorde), *Library of Congress Thesauri* (11 346 woorde) en *Webster's Revised Unabridged 1913 Edition* (93 818 woorde). Vakwoordeboeke sluit voorbeelde van publikasies in soos *Dance* (102 woorde), *CCI Computer* (6 268 woorde), *AIDS 101* (831 woorde) en gespesialiseerde woordeboeke publikasies soos *Phrase Finder* (715 woorde), *English Homophone* (1 550 woorde) en ook *Acronym Finder* (44 703 woorde). Hierdie ligging verwys ook telkens na ander liggings wat woordeboeke bevat, soos byvoorbeeld *Yahoo Index of Online Dictionaries*, *Beard Index of Online Dictionaries* en *My Facts Page: Dictionaries and Language Resources*. Met die doel om die spoed en omvang te illustreer waarteen inligting op Internet uitbrei, is hierdie

webligging na verloop van twee maande weer besoek. Op 15 Julie 1999 word aangedui dat hierdie webligging nou 538 woordeboeke bevat, 'n toename van 49 dus. Een van die spesiale woordeboeke op hierdie webligging, naamlik *Acronym Finder*, bevat nou 'n totaal van 48 934 woorde, dus 4 231 woorde meer. Purdue University Library se webligging bevat ook 'n woordeboek met dieselfde titel met 90 116 woorde, dus groter in omvang.

- *Language Dictionaries and Translators* (Rivendel, 1999).
- *Dictionaries, Thesauri, Acronyms and Almanacs* (Purdue University Libraries, 1999).
- *Travlang Dictionaries* (Travlang, 1999b).

Die **outoriteit** van al die liggings hierbo genoem, is egter nie altyd na wense nie. 'n Ligging soos *A Web of Online Dictionaries* bevat wel 800 woordeboeke, maar by nadere ondersoek is verskeie negatiewe aspekte geïdentifiseer. Woordeboeke wat byvoorbeeld in die primêre lys vermeld word, soos *Fly Fishing Glossary* (Virginia's Fisheries, 1996) bevat slegs nege woorde en is nie alfabeties georden nie. Verder is *Fly Fishing Glossary* sedert 1996 nie weer bygewerk nie, wat twyfel oor die resenteheid van die inligting laat ontstaan. Spelfoute kom ook in die mikrostruktuur voor. Vergelyk:

“... weight **ant** taper”, in plaas van “...weight **and** taper”.

Die meeste woordeboeke wat op hierdie Webliggings gelys word, bevat in die mikrostruktuur slegs vertalings van woorde. Hiervan is die *Afrikaans-English Online Dictionary* wat 4 000 woorde lys 'n voorbeeld. Die enigste inligting oor die term *rekenaar* in hierdie woordeboek is die volgende: “rekenaar-computer”.

Geen van die gesaghebbende, bekende woordeboeke, soos byvoorbeeld Websters, word in die primêre lys ingesluit nie (Travlang, 1999b). So 'n weglating laat twyfel ontstaan oor die betroubaarheid van die inligting.

Hierteenoor bevat 'n ligging soos *Dictionaries, Thesauri, Acronyms and Almanacs* gesaghebbende woordeboeke soos onder andere *Oxford English Dictionary* en *Merriam-Webster Dictionary* (Purdue University Libraries, 1999). Die *Oxford English Dictionary* is egter **nie gratis beskikbaar nie** en al is dit dus by die lys ingesluit, kan dit slegs gebruik word indien daarop ingeteken is. Websters het 'n uitgawe op die Internet, *Merriam-Webster Online* (Merriam-Webster, 1999), wat wel toeganklik is, maar dit is **nie so omvangryk soos die gedrukte uitgawe nie**. Dit maak die gedrukte publikasie 'n beter opsie. Inligting oor die term *hybrid computer* bevat byvoorbeeld slegs die volgende inligting:

“hybrid computer

Function: noun

Date: 1968: a computer system consisting of a combination of analog and digital computer systems”.

Hierdie verskeidenheid woordeboekliggings op Internet stel die gebruiker in staat om op 'n maklike wyse die bestaan van woordeboeke te verifieer en spesifieke titels te identifiseer wat aan die gebruiker se inligtingsbehoefte beantwoord.

- Ander voordele van woordeboeke op die Internet is dat sommige liggings soos *Onelook Dictionaries* die presiese **omvang** en **resenteheid** van elke woordeboek in die lys aandui. *Onelook Dictionaries* bied ook die moontlikheid dat gebruikers hul eie woordeboeke kan saamstel met die opsie: “**create a dictionary**”. *Onelook Dictionaries* bied ook 'n **vertalingsopsie** met: “...translate web pages or your own text from or to several languages...” Soortgelyke opsies word byvoorbeeld ook deur *Travlang's Translating Dictionaries* gebied. Woorde kan uit Afrikaans in Engels, Engels in Afrikaans, Afrikaans in Duits en Duits in Afrikaans vertaal word. Daar is ook 'n afdeling *Foreign Language for Travelers* met inligting vir reisigers oor Afrikaans, Zoeloe en Sotho. Dit behels onder andere 'n uitspraakgids, klank en basiese woorde en is gratis beskikbaar (Martin, 1996; Ware, 1999).
- Die woordeboek *Search Acronym Dictionary* gee aan gebruikers die geleentheid om **medewerkers** te wees aan die woordeboek soos blyk uit die opsie: “...users can add new acronyms”. Dit laat natuurlik die moontlikheid dat onbetroubare inligting ingesluit kan word en verder dat die woordeboek baie vinniger kan uitbrei.
- 'n Bekende gesaghebbende **Suid-Afrikaanse woordeboek** op CD-ROM is *ELHAT*. *ELHAT* is die eerste elektroniese weergawe van die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (HAT). *ELHAT* bied buiten gemaklike oorskakeling van en na **woordverwerkingsprogramme** ook spesiale hulp soos byvoorbeeld met **blokraaisels** (Naspers, 1999).
- Bekende uitgewers soos byvoorbeeld Elsevier publiseer **verskillende woordeboeke op een CD-ROM**. *Elsevier Dictionaries on CD-ROM* bevat 50 woordeboeke op verskillende vakgebiede soos die ekonomie, ingenieurswese en landbou (Anon., 1998:19).
- Digitale woordeboeke bevat **toegangsmoontlikhede** wat nie by konvensionele woordeboeke aangetref word nie. Dit behels onder meer dat die volgende **soekmoontlikhede** vir inligtingsherwinning gebruik kan word:
 - **trefwoordkombinasies**;
 - **omgekeerde soektogte**;
 - **etimologie** van woorde volgens lande;
 - alle woorde wat **dieselfde aspek** aanraak;
 - **aanhaling**s via outeur, titel, datum en trefwoorde;
 - **hiperteksskakels** na addisionele definisies in eksterne publikasies.

Gray (Grogan, 1991:47) het in 1991 reeds aangetoon dat gebruikersbehoefes aan soekmoontlikhede in woordeboeke uitgebrei het en aspekte insluit wat nie in gedrukte woordeboeke opgeneem kan word nie. Hierdie veranderde behoeftes stem grootliks ooreen met die eienskappe van elektroniese woordeboeke soos hierbo vermeld.

Die verhoging van die gebruikswaarde van woordeboeke wat in elektroniese publikasies omskep is, is in die volgende aspekte geleë: omgekeerde soektogte, trefwoordkombinasies, herwinning van alle woorde wat dieselfde aspek aanraak, hiperteksskakels, ouditiewe aanbieding, vertalings en leksikografiese medewerking, blokraaiselhelp, gemaklike inkorporering by woordverwerking en die publikasie van meer as een woordeboek op één CD-ROM.

Net soos die voorafgaande tipes naslaanbronne, naamlik ensiklopedieë en woordeboeke, het kitsnaslaanbronne ook groot veranderinge ondergaan met betrekking tot addisionele soekmoontlikhede wat vir die herwinning van hierdie tipe inligting ontwikkel is.

3.4.3 Kitsnaslaanbronne

In Hoofstuk 2, paragraaf 2.2.3 is aangetoon dat kitsnaslaanbronne uit 'n verskeidenheid tipes bestaan, waaronder gidse, almanakke en jaarboeke. Elkeen van hierdie subkategorieë kitsnaslaanbronne het nagenoeg dieselfde veranderinge met betrekking tot soekmoontlikhede en verbeterde inligtingsherwinning ondergaan sedert dit in elektroniese formaat beskikbaar geword het. Kitsnaslaanbronne word om hierdie rede as globale groep en nie volgens elke individuele subkategorie soos in Hoofstuk 2 bespreek nie. Verwysings na voorbeelde van titels met enkele inhoudsaanduidings word waar nodig vir elke kategorie aangedui. Om die gebruikswaarde van elektroniese kitsnaslaanbronne voldoende te illustreer, word een publikasie met die titel *White Page Directory*, 'n telekommunikasiegids, in meer besonderhede bespreek.

Boettcher en Kingma (1994:54) verwys na Thawaites wat alreeds in 1855 aangedui het watter belangrike rol telekommunikasiegidse in die lewens van 'n verskeidenheid van gebruikersgroepe speel.

1988 en vroeër: Kitsnaslaanbronne is eers gedurende die laat tagtigerjare elektronies gepubliseer. Tyckoson (1988:454-456) toon byvoorbeeld in 1988 aan dat die meeste telefoongidse in 'n ontwikkelde land soos die VSA in hierdie periode slegs in gedrukte formaat beskikbaar was.

1989: Die belangrikste ontwikkelings in 1989 rakende kitsnaslaanbronne, was **intydse afstandsdatabasisse en CD-ROM**.

- Een van die eerste elektroniese kitsnaslaanbronne is *Kompass Online*, 'n handelsgids, met inligting oor 280 000 Europese, 150 000 Britse en 250 000 VSA-maatskappye. Dit is as 'n **intydse afstandsdatabasis** gepubliseer (Convey, 1992:23).
- Ander elektroniese kitsnaslaanbronpublikasies was telefoongidse. In 1989 het die aantal telefoongidse wat in **CD-ROM**-formaat gepubliseer is, alreeds 24 beloop.

1990-1998: Die meerderheid kitsnaslaanbronne is eers in die negentigerjare elektronies as **intydse afstandsdatabasisse**, **CD-ROM** en via **Internet** gepubliseer. Hierdie elektroniese kitsnaslaanbronne bevat belangrike eienskappe, soos onder andere dat **geografiese beperkinge**, soos dit by gedrukte telefoongidse as gevolg van omvang aangetref word, opgehef is. Verdere nuwe eienskappe is geleë in verskeie nuwe **soekmoontlikhede**, soos byvoorbeeld meta- en omgekeerde soektogte en kartering.

- **Intydse afstandsdatabasisse** wat gepubliseer is, was onder meer:
 - *International Dun's Market Identifiers* is die mees verteenwoordigende handelsgids in die sakewêreld en bevat onder andere die volgende inskrywings: 550 000 Kanadese maatskappye, 3 000 000 maatskappye uit 60 Europese lande, 250 000 uit lande in Asië/Australasië, 100 000 uit Afrika/Midde-Ooste en 200 000 uit Latyns-Amerika. Verskeie databasishandelaars soos DataTimes, DIALOG, Dow Jones News/Retrieval en Dun en Bradstreet stel die publikasie beskikbaar. Hierdie handelsgids is 'n enkele voorbeeld van 'n publikasie wat deur verskillende databasishandelaars beskikbaar gestel word en daarom oor verskillende eienskappe beskik. Dit is 'n tendens wat vir die meeste databasisse geld (Dun & Bradstreet, 1999; O'Leary, 1995:74).
 - *Discoveringtm nations, States and Cultures* is 'n staatkundige jaarboek wat sosio-ekonomiese, geskiedkundige en politiese inligting oor 50 VSA-state, 12 Kanadese provinsies, 200 volkere en 400 kulturele groepe bevat (Williams & Burgard, 1997:287-288).
 - Die Britse publikasie *Phonebase* is in 1990 deur British Telecom in twee formate, intyds en CD-ROM, gepubliseer. Dit is een van die omvangrykste publikasies met twintig miljoen inskrywings. Die geweldige omvang daarvan blyk duidelik indien dit byvoorbeeld vergelyk word met die gedrukte *Noord-Wes telefoongids* wat ongeveer 35 000 inskrywings bevat (Boettcher & Kingma, 1994:56-60).
- Verskeie **CD-ROM**-formate word gepubliseer. Enkele voorbeelde is:
 - *Phonedisc*, 'n telekommunikasiegids wat 'n duplikaat van *Phonebase* is;
 - *The 88 Million Households Phone Book Deluxe*, 'n telekommunikasiegids wat karteringsfunksies bevat, sowel as 88 000 000 inskrywings (die aantal telefoongidse in CD-ROM-formaat het so toegeneem dat die publikasie *CD-ROM in Print* 103 elektroniese telefoongidse in 1993 lys);
 - *American Business Disc*, 'n handelsgids;
 - *Business Lists-on-Disc*, 'n handelsgids;
 - *Business*, 'n handelsgids;

- *The World Almanac and Book of Facts*, 'n almanak wat as hibriediese databasis met die titel *Infopedia* gepubliseer is;
- *Gale's Ready Reference Shelf*, 'n institusionele gids wat internasionale inligting oor verenigings, organisasies en navorsingsinstansies bevat;
- *Worldwide Government and Defence Directory*, 'n staatkundige jaarboek met inligting oor regeringsamptenare en militêre organisasies van 195 lande, soortgelyk aan die gedrukte publikasies *Worldwide Government Directory*, *Worldwide Directory of Defence Authorities* en *Profile of Worldwide Government Leaders*;
- *European Hospitals Database*, 'n institusionele gids wat 9 000 hospitale in elf Europese lande bevat;
- *The Medical Directory Database*, 'n professionele gids wat die name van mediese personeel en organisasies in Brittanje bevat en na 7 000 nuwe en 130 000 bestaande algemene praktisyns, 220 000 spesialiste, 15 400 gesondheidsbestuurders, 1 500 professore en 2 000 gesondheidsorganisasies verwys;
- *Multimedia World Factbook*, 'n staatkundige jaarboek met staatkundige inligting oor onderwerpe soos die statistiek en ekonomie van lande, waaronder ook dié van Suid-Afrika (Anon., 1998:20; Boettcher & Kingma, 1994:56-60; Clements & Nicholls, 1995:58; Williams & Burgard, 1997:287-288).
- **Internet** bevat verskeie webliggings, byvoorbeeld RefDesk (1995a,b,c,d), met lys van etlike kitsnaslaanbronne. Slegs enkele voorbeelde van kitsnaslaanbrontitels word ter illustrasie hier vermeld:
 - *Switchboard*, 'n handelsgids wat elf miljoen sakeondernemings lys met 'n **aftrekspyskaart** bestaande uit 264 sakekategorieë (Switchboard, 1999);
 - *Thomas Register of American Manufacturers*, 'n handelsgids met inligting oor dienste en produkte van 150 000 VSA- en Kanadese maatskappye in 52 000 kategorieë (American business information institution, 1999);
 - *South African Internet Directory* (Convey, 1992:13; IAfrica, 1999a; IAfrica, 1999b), 'n handelsgids met ongeveer 40 kategorieë soos kuns, rekenaars, medisyne, motors, politiek, regte en juweliersware wat in Junie 1997 gepubliseer is en waarvan die aantal **inskakelings per maand** vanaf Junie 1997 tot Maart 1999 van 1,3 tot 15 miljoen toegeneem het;
 - *African National Congress: Business and Financial Sites* (ANC, 1999; Government of national unity, 1999), 'n handelsgids;
 - *Braby's Directories of Southern Africa* (Braby's, 1999), 'n handelsgids;

- *Yahoo's South Africa: Business and Economy* (Yahoo, 1999; South Africa, 1999), 'n handelsgids;
- *Ama Physician Select* (AMA-ASSN, 1999), 'n professionele gids wat na aptekers in die VSA verwys;
- *College and University Home Pages: Alphabetical Listings*, 'n institusionele gids met 3 000 inskrywings en nege duplikaatliggings (College and university home pages, 1999; Jobe, 1997:61);
- institusionele inligting op tuisbladsye van verskeie instansies;
- *Information Please Almanac and Dictionary*, 'n almanak wat die elektroniese weergawe is van die gedrukte publikasie *Information Please Almanac*, wat alreeds oor die afgelope 50 jaar bewys gelewer het van betroubare inligting soos byvoorbeeld oor lande, statistiek, ekonomie, reisgeleenthede, tale en verenigings (die Internet-weergawe bevat ook 'n ensiklopedie, sowel as 'n woordeboek as deel van die almanak se inligting – daarom dan ook 'n variasie in die titel (Purdue University Libraries, 1999; Infoplease, 1999));
- ensiklopediese jaarboeke wat meestal as hibridiese uitgawes tesame met elektroniese ensiklopediese titels gepubliseer word, soos aangetoon in par. 3.4.1;
- *Suid-Afrikaanse jaarboek 1995* wat deur die Suid-Afrikaanse Kommunikasiedienste in Pretoria gepubliseer word en byvoorbeeld inligting oor Suid-Afrika se mynbedrywighede, biblioteke, regering, ekonomie, kuns en godsdienste bevat (ANC, 1999; South African communication service, 1999);
- *CIA World Factbook*, 'n staatkundige jaarboek wat inligting oor lande bevat (CIA, 1999);
- *Background Notes*, 'n staatkundige jaarboek van die U.S. State Department wat staatkundige inligting soos statistiek en basiese inligting oor geografie, inwoners, ekonomie, regering, geskiedenis en politiek van 200 lande bevat (Stategov, 1999a; Stategov, 1999b);
- *Africa*, 'n staatkundige jaarboek wat spesifieke inligting oor Afrika-lande rakende die geskiedenis, landskapstudies, elektroniese publikasies, ekonomiese data en besprekingsgroepe bevat (Ali-Dinar, 1994; Stategov, 1999c; Stategov, 1998);
- *Africa South of the Sahara*, 'n staatkundige jaarboek met inligting oor lande suid van die Sahara, soos Togo en Nigerië (Fung, 1999);
- vakjaarboeke soos *Race Relations Survey* wat inligting vir 1995 en 1996 bevat oor aspekte van rasse-aangeleenthede in Suid-Afrika, byvoorbeeld die politiek, handel, wetgewing, kinderregte, privatisering en werkloosheid (PCB, 1998);

- *Statistics South Africa* wat 'n statistiese jaarboek is wat die 1996-bevolkingsensus van Suid-Afrika dek en handel oor aspekte soos geletterdheid, toerisme, werkloosheid, demografie en misdade (South Africa Central Statistical Department, 1999);
- *White Page Directory*, 'n telekommunikasiegids wat uit vier minder omvangryke *White Page Directories* bestaan.

Meer oor die *White Page Directories*

Die *White Page Directories* word nou in meer besonderhede bespreek, soos wat hierbo aangedui is. Die publikasie bestaan uit vier dele: *Database America*; *Pro CD*; *Four 11* en *American Business Information*. Elk bevat negentig tot honderd miljoen inskrywings en word as nege verskillende dienste aangebied, naamlik:

- (i) *LookUp USA* - American Business Information;
- (ii) *WhoWhere* - Switchboard (Database America);
- (iii) *Database America* - Database America;
- (iv) *Switchboard* - Database America;
- (v) *World Pages* - Pro CD;
- (vi) *InfoSpace* - Pro CD;
- (vii) *Four11* - Four 11 (Metromail);
- (viii) *Yahoo* - Four 11 (Metromail);
- (xi) *Internet Address Finder*, wat ses miljoen e-posadresse bevat (Krumenaker, 1997:31-36).

Sommige van hierdie *White Page Services* bevat en skep die tipe inligting en toegangsmoontlikhede wat telkens hieronder aangedui word:

- **telefoonnummers** word deur al die *White Page Services* verskaf;
- **woonadresse** word deur almal verskaf, behalwe *Internet Address Finder*, wat net soms adresse aantoon;
- geografies sluit almal die **hele VSA** in, behalwe *LookUp USA* en *Internet Address Finder*;
- al die *White Page Services* bevat **e-posadresse**, behalwe *LookUp* en *Database America*, terwyl enige afdeling in 'n soekenjin wat e-posadresse bevat, ook as 'n *White Page Directory* bekend staan;
- **kaarte** kan verkry word deur *LookUp USA*, *World Pages* en *InfoSpace* en slegs die naam van 'n straat, persoon of besigheid hoef verstrek te word om die kaart te verkry;
- verskillende onbekende spelwyses van **familiename**, byvoorbeeld Krumenaker met die "u" en die "o" kan deur middel van "fuzzy logic" herwin word;
- **afstande** (en aanwysings, slegs deur die bron *Infospace*) word aangedui as die beginpunt van die roete verstrek word;

- **omgekeerde lyste** is toeganklik by *WhoWhere* en *DataBase America* indien onbekende nommers op telefoonrekenings gekontroleer wil word;
- 'n persoon kan op grond van **opvoedkundige vlak** deur *WhoWhere* gevind word;
- buiten Engels is sommige *White Page Directories* ook nog in **drie ander tale** beskikbaar;
- **internasionale dekking** word verleen deur enkele White Page Services soos byvoorbeeld *World Pages* wat ongeveer 30 lande se telekommunikasie-inligting verstrek;
- **metasoektogte** stel die gebruiker in staat om **persone** met behulp van *People Search* tegelykertyd op vier *White Page Directories* wat deur die gebruiker self gekies word, te soek (Krumenaker, 1997:31-36).

'n Nadeel van bogenoemde White Page Services is dat almal van **verskillende soekhulpmiddele** gebruik maak om inligting te herwin. Dit veroorsaak dat **soekresultate kan verskil**, alhoewel die inhoud vanuit dieselfde databasisse saamgestel word. Die akkuraatste White Page Service is *InfoSpace* wat **112 miljoen inskrywings** bevat, maklik soekbaar is en die enigste is wat ongeveer 'n **100% suksessyfer** het (Krumenaker, 1997:37; People search, 1999).

Inligting in digitale formaat bied talryke voordele vir kitsnaslaanbroninligting soos hierbo aan die hand van die *White Page Directories* geïllustreer is. 'n Belangrike gebruikswaarde is geleë in die **resentheid** en daarom ook die **betroubaarheid** van elektroniese kitsnaslaanbroninligting in vergelyking met gedrukte publikasies. Dat inligting soos 'n persoon of instansie se telefoonnommer of adres wêreldwyd uit een publikasie herwin kan word omdat die omvang nie soos by 'n gedrukte telefoongids deur die formaat beperk word nie, is 'n waardevolle eienskap. Die verskeidenheid soekmoontlikhede van elektroniese kitsnaslaanbronne, byvoorbeeld omgekeerde soektogte, kartering, afstandsaanduidings, spel- en trefwoordkombinasies, verhoog die gebruikswaarde van dié bronne. Inligting waarvan slegs enkele aspekte bekend is, kan herwin word. Sodoende word die herwinbaarheid van inligting bevorder en die gebruikswaarde verbeter (Fleetwood, 1990:113-114). Tegnieuse probleme en reaksietyd mag wel 'n keuse ten gunste van elektroniese kitsnaslaanbronne negatief beïnvloed.

Kitsnaslaanbronne as 'n kategorie soos wat in hierdie studie bespreek word, is onder die laaste naslaanbronne wat elektronies gepubliseer is. Nogtans het hierdie agterstand geensins die elektroniese publisering van kitsnaslaanbronne vertraag nie. Daar is alreeds 'n groot aantal elektroniese titels in verskeie elektroniese formate beskikbaar.

Al word tydskrifindekse laaste in hierdie studie bespreek, was dit die tipe inligtingsbronne wat heel eerste in elektroniese formaat beskikbaar gestel is.

3.4.4 Tydskrifindekse

1963 en vroeër: In die tydperk tot en met 1963 is 'n groot aantal gedrukte **tydskrifte** gepubliseer. Hierdie groot aantal tydskrifte het gelei tot die publikasie van gedrukte **tydskrifindekse** met die doel

om as bibliografiese beheerhulpmiddel te dien. Die omvang van tydskrifindekse het mettertyd so gegroei dat **rekenaarmatige produksie** noodsaaklik geword het.

- Die eerste gedrukte **tydskrif**, *Philosophical Transactions*, van natuurwetenskaplike aard, is in 1665 in Londen deur die Royal Society gepubliseer.
- Teen 1800 het die aantal natuurwetenskaplike **tydskrifte** tot **100** toegeneem en teen 1990 tot **1 000 000**.
- Om toegang tot hierdie tydskrifte se inhoud te verleen, is die eerste **tydskrifindeks**, *Physics Abstracts*, in gedrukte formaat gepubliseer. *Chemical Abstracts* volg in 1907 en *Biological Abstracts* in 1926. Hierdie tydskrifindekse het 'n groot aantal bibliografiese verwysings ingesluit, soos byvoorbeeld *Chemical Abstracts* wat 100 000 ekserpte in 1957 en 542 000 ekserpte in 1991 bevat het.
- Die omvang van tydskrifindekse het sodanig toegeneem dat dit databasissekeppers in 1961 gedwing het om in die prosessering van **rekenaars gebruik te maak** omdat rekenaars oor groter spoed, akkuraatheid en aanpasbaarheid beskik het.

"The computer was first publicly applied to the processing of bibliographic information in 1961, when the Chemical Abstracts Service (CAS) produced Chemical Titles (CT), a machine-generated alphabetical subject index to the 600 most influential journals covered by the parent journal Chemical abstracts" (Convey, 1992:5).

In dieselfde periode wat CAS geproduseer is, het NLM in die VSA ook van rekenarisering begin gebruik maak vir die produksie van tydskrifindekse, byvoorbeeld *Index Medicus*. Rekenaars is egter nog nie in biblioteke vir berging en herwinningsdoeleindes gebruik nie. Rekenarisering vir produksiedoeleindes het wel gelei tot die ontwikkeling van rekenaarleesbare bibliografiese databasisse wat in die 1970's 'n belangrike rol begin speel het (Convey, 1992:4,15-16,33; Wilks, 1982:1-3).

1964-1969: Afstandskoppeling was die belangrikste ontwikkeling in die tweede helfte van die sestigerjare. Verskillende **databasissekeppers** en **-handelaars** met 'n groot **verskeidenheid databasisse** het tot stand gekom. Soeknavrae moes egter nog **skriftelik** aan databasishandelaars gerig word en is vanweë die hoë koste tot in die tagtigerjare deur **tussengangers** hanteer wat met die databasisse en -stelsels vertrou was. Die outeur Cotton en die databasishandelaar Maxwell Online (Convey, 1992:27-28) dui in 1986 en 1990 die persentasie eindgebruikers aan wat hul eie soektogte hanteer. In 1986 onderneem slegs 13% eindgebruikers hul eie soektogte teenoor 50% in 1990.

- Die MEDLARS-inligtingsherwinningstelsel (Medical Literature Analysis and Retrieval Service) van NLM, met tydskrifindekse soos *Chemical abstracts*, *Index to Dental Literature*, *International Nursing Index* en *Index Medicus* was van die eerste **tydskrifindekse wat as intydse**

afstandsdatabasisse beskikbaar gestel is (Convey, 1992:18; Wilks, 1982:6). Intydse tydskrifindekse was slegs 'n duplisering van bestaande gedrukte formate en is meestal onder dieselfde titel gepubliseer (Nelson & Desmarais, 1989:379).

- Soektogte vir bibliografiese inligting was egter steeds tydwend omdat die navrae **skriftelik** gerig moes word en eers moes akkumuleer tot 'n geskikte hoeveelheid voordat bondel- of groepsoektogte uitgevoer kon word.
- Gedurende die sestigerjare was die **regering van die VSA** die grootste skepper van databasisse en teen die einde van die sestigerjare was daar in die VSA alleen ongeveer **100** verskillende **databasisse**. Enkele voorbeelde hiervan is COMPENDEX (*Computerized Engineering Index*), wat meer as 60 000 items vanuit die gedrukte tydskrif *Engineering Index Monthly* indekseer, en GEOREF (*Geological Reference File*), wat 2 000 tydskrifte oor onderwerpe soos petroleum en paleontologie indekseer. GEOREF het op daardie stadium jaarliks 50 000 bibliografiese verwysings gevoeg by hierdie databasis wat deur **62 organisasies** saamgestel is (Wilks, 1982:5-7). Databasisse is ook in ander lande soos byvoorbeeld Duitsland saamgestel deur instansies soos die **Deutsches Institut für Medizinische Dokumentation und Information** (DIMDI), wat in 1969 met die ondememing begin het en in 1992 reeds **100 databasisse** beheer het (Convey, 1992:24).

Hiermee was die eerste fase van rekenarisering afgehandel. Die resultate van die eerste pogings was die grondslag vir resenter sekondêre publikasies (Convey, 1992:6).

1970-1979: Die **verskeidenheid databasissekeppers en -handelaars** sowel as **databasisse** het in die sewentigerjare steeds vermeerder. 'n Belangrike ontwikkeling was **interaktiewe intydse afstandsdatabasisse** waardeur soeknavrae **telefonies** gerig kon word.

- **Databasissekeppers en -handelaars** het 'n verskeidenheid instansies en **databasisse** ingesluit waaronder:
 - **kommersiële databasisse**, byvoorbeeld H. W. Wilson met tydskrifindekse soos: *Readers' Guide to Periodical Literature*, *Biography Index*, *Historical Abstracts* en *Library Literature*;
 - **professionele verenigings** soos die Library Association met die tydskrifindeks *Library and Information Science Abstracts* (LISA) (Behrens, 1988:136; Convey, 1992:8); en die American Psychological Association met die gedrukte indeks *Psychological Abstracts* (Wilks, 1982:5);
 - **regeringsliggame** soos die Office of Education in die VSA met die Educational Resource Information Center (ERIC) op die gebied van opvoedkunde (Wilks, 1982:6,16) en die Atomic Energy Commission publiseer die tydskrifindeks *Nuclear Science Abstracts* (Wilks, 1982:7);
 - **navorsingsinstansies** soos NLM met *Index Medicus* (Convey, 1992:18; Wilks, 1982:16) en Institute for Scientific Information (ISI) met *Science Citation Index* (Wilks, 1982:5).

- Die totstandkoming van kommersiële **intydse afstands- bibliografiese herwinningstelsels** het die tydskuur vir soekresultate verkort omdat **soeknavrae telefonies** gerig kon word. Enkele voorbeelde is onder meer Lockheed Information Systems met DIALOG en Systems Development Corporation met ORBIT. DIALOG het van slegs vyf databasisse in 1966 tot 400 in 1983 uitgebrei. Gebruikers het in 1986 'n totaal van 80 000 in 76 lande getel. Ander databasisgashere het gevolg, soos byvoorbeeld BRS en later ook Questel.

Vanweë die toename in intydse afstands-databasisse is publikasies soos *Directory of Online Databases* met internasionale dekking gepubliseer sodat bibliografiese beheer oor die groot aantal databasisse uitgeoefen kon word (Behrens, 1984:137-138; Convey, 1992:17,21-24; Odini, 1997:23; Wilks,1982:12-14).

1980-1989: Primêre ontwikkelings tydens die tagtigerjare was die vinnige uitbreiding van die intydse inligtingsherwinningstelsels ten opsigte van aspekte soos die toename in die **aantal netwerke, databasisverskaffers en -skeppers, databasisse, plaaslike aflaaing, elektroniese posdiens, CD-ROM, gesofistikeerder inligtingsherwinning** en groter **verwerkingspoed** (Convey, 1992:5).

- **Verskeie netwerke** het tot stand gekom, soos EURONET/DIANE, 'n Europese netwerk, in 1980, en SABINET, die Suid-Afrikaanse bibliografiese- en inligtingsnetwerk, in 1983 (Behrens, 1988:150-152; Convey, 1992:24).
- Veelvuldige nuwe **databasisverskaffers** het eweneens tot stand gekom. In 1987 is in die Verenigde Koninkryke alleen byvoorbeeld 132 databasisse in die publikasie *Britline* gelys. Enkele voorbeelde van databasisverskaffers wat internasionaal van aard is, sluit BLAISE, ESA-IRS, ORBIT, Data-Star, FT Profile, STN, Textline, EPIC, FirstSearch en Kompas in (Convey, 1992: 21-25,32-33; O'Leary, 1995:26-191).
- **Databasissekeppers** soos die H.W. Wilson-maatskappy begin in 1984 'n Wilsonline-diens waardeur eksterne intydse toegang tot hul 27 databasisse verleen word, byvoorbeeld *Applied Science and Technology Index* en *Biography Index*. Hierdeur is sterk opposisie vir bestaande inligtingstelsels met intydse afstands-databasisse soos DIALOG en BRS gebied. Wilsonline het in 1989 ook gratis intydse afstandstoegang aan hul CD-ROM-intekenaars verleen. Dit het gebruikers in staat gestel om direk van die CD-ROM-uitgawe by die eksterne intydse uitgawe vir die reservertste inligting in te skakel (Convey, 1992:19,99).
- Voorbeelde van tydskrifindekse wat as **databasisse** beskikbaar is, is onder meer: *Readers' Guide to Periodical Literature*, *Arts and Humanities Citation Index*, *Index to Legal Periodicals*, *Music Index*, *Old Testament Abstracts* en *InfoTrac*.
- **Plaaslike aflaaing** van bibliografiese databasisse soos *Chemical Abstracts* en *Biological Abstracts* word in 1983 deur databasisverskaffers soos OCLC, WLN, NLM en DIALOG beskikbaar gestel vir makliker en goedkoper herwinning van inligting (Convey, 1992:16).

- DIALOG het in 1985 'n **elektroniese posdiens** Dailmail begin met die doel om soekresultate teen 'n laer koste aan gebruikers beskikbaar te stel. ORBIT en Data-Star begin onderskeidelik in 1986 en 1987 met 'n soortgelyke diens (Convey, 1992:90).
- Die meeste elektroniese kommersiële databasisse wat aanvanklik op **CD-ROM** gepubliseer is, was tydskrifindekse wat op akademiese biblioteke as teikengroep gefokusseer het (Akeroyd, 1989:370; Allen, 1989:103; Bekker, 1987:29; Nelson & Desmarais, 1989:377). CD-ROM bied 'n fisiese produk wat deur die betrokke biblioteek of instansie aangekoop en intern beskikbaar gestel kan word. Dit is om hierdie rede goedkoper as afstandsdatabasisse. Ander positiewe eienskappe is gesofistikeerder inligtingsherwinningsmetodes en, indien die gebruiker verkies, kan soeknavrae self hanteer word (Convey, 1992:28). O'Leary (1995:26-191) verwys na 25 tydskrifindekse wat in 1995 op CD-ROM beskikbaar gestel is. Dit sluit vakgebiede in soos die ekonomie, filosofie, landbou, geofisika en elektronika. Hierdie tydskrifindekse sluit onder andere die volgende in: *Art Abstracts* wat 200 verskillende tydskrifte en *CAB Abstracts* wat 11 000 tydskrifte indekseer. 'n Besondere voordeel is dat meer as een jaar se inligting op 'n enkele CD-ROM geberg kan word. 'n Inligtingsproduk soos *MathSci* omvat byvoorbeeld die tydperk vanaf 1910 tot op hede. Hierdeur word soektogte vergemaklik omdat elke jaar se inligting nie individueel afgetas hoef te word nie (Bevis, 1996:185-192; Buchanan *et al.*, 1989:10-14; Dyson, 1993:89; Halsey, 1989:60; Keenan, 1993:384; McCarthy *et al.*, 1997:134-135; Wilson, 1989:121-131).

1990-1998: Die negentigerjare het steeds 'n toename in die aantal **databasissekeppers, databasisverskaffers, databasisse** en **tydskrifindekse** getoon. **Internet** as platform vir die aanbieding van tydskrifindekse is ook verder genuanseer en ontwikkel.

- Volgens Cuadra (Convey, 1992:33) dui die publikasie *Directory of Online Databases* die volgende groeitendense aan. Die aantal **databasisverskaffers** vermeerder van 59 in 1979/80 tot 731 in 1991; **databasissekeppers** van 221 tot 2 158 en **databasisse** vanaf 400 tot 5 026. Mead Data Central, die grootste enkele intydse databasisverskaffer hanteer in 1992 daaglik 'n totaal van 85 000 navrae. 'n Databasissekepper soos Wilson publiseer byvoorbeeld twintig tydskrifindekse, waaronder *Education Index* en *Reader's Guide to Periodical Literature*, in eksterne intydse en CD-ROM-formaat (Convey, 1992:19; Woodward, 1990:175). Tydskrifindekse met dieselfde titel word ook deur meer as een uitgewer gepubliseer. Elke uitgewer neem hul eie besluite oor die eienskappe waarvoor die inhoud en sagtewareprogramme moet beskik. NLM se tydskrifindeks *Index Medicus* is byvoorbeeld intyds in verskillende uitgawes en formate beskikbaar en daarom vertoon die indeks kleinere verskille van uitgawe tot uitgawe (Devi, 1997:18-31; Goldberg, 1992:11-15; Woodward, 1990:176).
- In 1996 word NLM die eerste databasisverskaffer wat databasisse op **Internet** beskikbaar stel. Hiervan is *MEDLINE* een van die eerstes wat inligting vanaf **1966 tot op hede** bevat. NLM verleen ook toegang tot 'n verdere veertig databasisse. Soektogte kan op verskillende wyses

uitgevoer word soos deur **natuurlike taal** en **Boolese logika**. Soekresultate word in **volgorde van relevansie** gelys. Verder kan **boekmerke** gelaat word op 'n spesifieke plek in 'n webbligging, sodat die gebruiker na dieselfde plek kan terugkeer (National Library of Medicine, 1999; Van Brakel, 1997:235-239).

Databasisse van ander instansies volg, soos *Online Contents*, ERIC en GeoREF. *Online Contents* is 'n wetenskaplike databasis vir die indeksering van ongeveer 1, 700 wetenskaplike tydskrifte en bied ook **skakels na 120** van die uitgewer Elsevier se **voltekstydskrifte**. Dit stel die eindgebruiker in staat om van die bibliografiese verwysings direk na die **volteks** oor te skakel deur slegs van **wys-en-kliëk** gebruik te maak (Van Groenendaal, 1997:340).

ERIC verleen toegang tot die afgelope vyf jaar se opvoedkundige inligting. Dit is 'n kombinasie van die twee gedrukte tydskrifindekse, *Research in Education* (RSE) en *Current Index to Journals in Education* (CIJE). **Retrospektiewe dekking is dus nog beperk**. 'n Voordeel is dat tydskrifindekse op Internet **daaglik bygewerk** kan word. Verdere voordele is dienste soos die "**Question-and-answer-service**" sowel as die "**Virtual library**". Eersgenoemde diens word gebruik om 'n vraag aan 'n inligtingkundige te stel en binne 48 uur word 'n antwoord verkry. "Virtual library" bevat inligting soos handleidings vir opvoedkundige televisiereekse, konferensies in opvoedkunde en lesbeplanning (Jobe, 1997:56).

Ander **kommersiële databasisverskaffers** wat tans van **webkoppelvlakke** gebruik maak, is onder meer: UMI's Proquest Direct wat in 1996 tot stand gekom het en tydskrifindekse op 17 000 tydskrifte bevat; *CAB International* met tydskrifindekse op 11 000 tydskrifte; *Ovid Online*; ten slotte, *DIALOG Web* met 450 databasisse.

Internet stel databasissekeppers en -verskaffers in staat om 'n soekenjin te ontwikkel of aan te koop in plaas daarvan om hul databasisse te verkoop of te verhuur. Op hierdie wyse bly die databasis in die besit van die databasissekepper wat dit dan direk via Internet beskikbaar kan stel.

- **Verskeie verdere databasisse word via Internet gepubliseer** soos byvoorbeeld *WaterLit*, *Geo-SEARCH*, ERIC en *African Index Medicus* deur die National Inquiry Services Centre (NISC). Hierdie databasisse is op CD-ROM sowel as Internet beskikbaar (NISC, 1999). Ander tydskrifindekse op Internet is *Repertorium van Suid-Afrikaanse tydskrifartikels*, 'n algemene Suid-Afrikaanse tydskrifindeks. Baie van hierdie databasisse het alreeds in gedrukte formaat bestaan en word elektronies gewoonlik met dieselfde of geringe veranderinge aan titels gepubliseer. Sodoende kan dit maklik met die gedrukte uitgawe geassosieer word. *Psychological Abstracts* se magnetiese databasis is byvoorbeeld bekend as *PsychINFO*. Ander databasisse soos *Excerpta Medica* se titels het egter sodanig verander dat assosiasie met die gedrukte titel moeilik mag wees. Die magnetiese databasis staan byvoorbeeld as *Embase* bekend. Sodanige titelveranderinge word egter in bibliografiese gidse soos *Directory of Online Databases* aangetoon.

'n Belangrike voordeel van elektroniese tydskrifindekse is dat soektogte op **verskillende moeilikheidsgraadvlakke** uitgevoer kan word. Sodoende kan onervare en ervare gebruikers inligting gemaklik en vinnig herwin (Dyson, 1993:86; Roose, 1988:56).

Die belangrikste eienskappe wat die gebruikswaarde van elektroniese tydskrifindekse verhoog en die herwinning van inligting bevorder, is dus die volgende: die **kombinerings van trefwoorde; resenteheid; deegliker aftasting** met gevolglike effektiwêre soekresultate; soekresultate in **orde van relevansie**; direkte **skakeling met voltekste**; **soekveldbeperking**; **natuurliketaal-soekmoontlikhede**; **berging van soekstrategieë** vir latere veranderinge wat aangebring kan word; **retrospektiewe dekking** van etlike jare, selfs tot 89 voorafgaande jare se inligting; **indeksering van groot getalle tydskrifte** (tot 11 000); **vraag-en-antwoord-diens** wat binne 48 uur antwoorde verstrek; en 'n **virtuele biblioteek** met inligting oor velerlei onderwerpe (Van Brakel, 1997:234-242).

3.5 Samevatting

Die ontwikkeling van naslaanbronne van gedrukte tot elektroniese formate het nie noodwendig daartoe gelei dat die **aard van inligting** soos vervat in gedrukte publikasies verander het nie. Hibriediese publikasies het wel veroorsaak dat grense tussen verskillende tipes naslaanbronne vervaag het. Die **gebruikswaarde** van elektroniese formate het toegeneem danksy **nuwe soekmoontlikhede** waardeur die **herwinbaarheid** van inligting verhoog is (Smith & Templeton, 1999:31). Gedrukte telefoongidse bied byvoorbeeld slegs twee of drie soekmoontlikhede, terwyl elektroniese telefoongidse tien tot twintig soekmoontlikhede vir dieselfde tipe inligting bied. Dieselfde geld vir woordeboeke, ensiklopedieë en tydskrifindekse. Die kombinasie van soekterme by bibliografiese inligting **verbeter die relevansie en hoeveelheid soekresultate**. Die **kombinasie van 'n aantal jare se inligting** in een elektroniese publikasie bied die voordeel dat soekresultate in een soektog afgehandel kan word. Horner en Michaud-Oystryk (1995:99-100) is egter van mening dat slegs sekere tipes inligting beter deur elektroniese formate herwin word:

"For both verification and directory type questions, the print mode was faster... Bibliographic questions, especially those which are conceptually more complex, are more efficiently answered online, while factual questions are answered faster with print sources."

Inligting wat met behulp van Internet herwin word, skep egter nog probleme as gevolg van **reaksietyd, duplisering, sekuriteit, betroubaarheid en onvoldoende ordening van inligting** omdat inligting ongekontroleerd gepubliseer word. Die outoriteit van inligting op Internet moet dus met groter sorg bepaal word. Internet bied wel toegang tot **unieke inligting** soos byvoorbeeld besprekings, minuut-tot-minuut sporttellings en persoonlike inligting wat andersins waarskynlik nie gepubliseer sou word nie (O'Neill, 1998:114-116; Smith & Templeton, 1999:31).

CD-ROM as elektroniese formaat het vanaf die eerste bekendstelling daarvan steeds in gewildheid toegeneem omdat dit fisies aangekoop kan word, bekostigbare soektogte moontlik maak, verskillende soekmoontlikhede skep en 'n groot bergingskapasiteit het. **Netwerkontwikkeling**

verhoog die toeganklikheid van nie alleen CD-ROM-formate nie maar ook van databasisse wat by databasishandelaars of via Internet beskikbaar is. Sodoende word databasisse digitaal toeganklik, alhoewel hulle nie deel van die betrokke biblioteek se besit is nie.

Hiperteksskakeling skep kontak met relevante inligtingseenhede wat andersins moeilik herwinbaar sou wees. **Hipermedia** het die kombinasie van verskillende tipes inligting soos teks, grafika en beweging moontlik gemaak, wat 'n interessante nuwe inligtingsryker aanbieding van inligting daargestel het. Digitale formate dra 'n **glansryke beeld** aan die inligtingsgebruiker oor, wat verder verhoog word deur multimedia en speletjies, maar kan egter maklik valse verwagtinge ten opsigte van die werklike prestasievermoë van die digitale formate skep. Die omvang van inligting op Internet skep byvoorbeeld verwarring by gebruikers wat van mening is dat alle navrae via Internet beantwoord kan word.

Elektroniese formate het definitief 'n **waardevolle, vernuwende beeld** ten opsigte van die **publikasie en herwinning** van inligting geskep, maar moet op grond van die werklike **outoriteit** en **betroubaarheid** van hulle inligting gebruik word en nie alleen vanweë hulle **tegnologiese gevorderdheid** nie. Die geskiktheid van elke formaat vir herwinningsdoeleindes moet dus telkens bepaal word ten opsigte van die tipe inligting wat daarin bevat word.

Hoofstuk 4

Die gebruiksfrekwensie en -waarde van gedrukte en/of elektroniese formate in akademiese biblioteke in Suid-Afrika

4.1 Inleiding

In Hoofstuk 2 en Hoofstuk 3 is die aard en gebruikswaarde van gedrukte en elektroniese formate, sowel as hulle tegnologiese ontwikkeling teoreties uiteengesit. Daar is aangedui dat inligtingsbronne in verskillende tipes geklassifiseer behoort te word op grond van die tipe inligting wat elkeen bevat. Verder is aangetoon dat bekendheid met die inhoud en uitleg van inligting in gedrukte publikasies besonder voordelig vir die vinnige en gemaklike herwinning van inligting is. Hierteenoor bied elektroniese formate verskeie addisionele soekmoontlikhede waardeur verskillende variasies van dieselfde tipe inligting makliker herwinbaar is.

In Hoofstuk 4 word gefokusseer op die resultate van 'n empiriese studie wat onderneem is om te bepaal wat die omvang van die besit van gedrukte en elektroniese naslaanbronne in akademiese biblioteke in Suid-Afrikaanse akademiese biblioteke is en in watter mate hulle deur naslaanbibliotekarisse gebruik word. Die meetinstrument is 'n vraelys wat vanweë die standaardisering daarvan en die biblioteke se geografiese verspreiding die betroubaarste resultate lewer.

4.2 Beskrywing en uiteensetting van die vraelys

Die vraelys bestaan uit drie afdelings en is semigestruktureerd (vergelyk Addendum B). Dit bevat hoofsaaklik inhoudsgeldige vrae wat op 'n bepaalde wyse gegroepeer is ten einde:

- algemene inligting aangaande die respondente te verkry (Afdeling A: Agtergrondinligting);
- inligting oor die besit en gebruik van naslaanbronne in akademiese biblioteke te verkry (Afdeling B: Besit en gebruik van naslaanbronne);
- inligting betreffende respondente se kennisvlak oor tipes inligting en inligtingsbronne in te win (Afdeling C: Tipes inligting en die keuse van naslaanbronne).

Vrae aangaande die aard en kennisvlak van die ondergroep is oor al drie afdelings van die vraelys versprei sodat 'n objektiewer beeld verkry kan word oor die ondergroep se opleiding, kennis van verskillende tipes inligting en inligtingsbronne, ervaring, bekwaamheid, asook hulle gesindheid teenoor elektroniese publikasies enersyds en die toeganklikheid van dié soort publikasies andersyds.

- Afdeling A bevat vrae soos die volgende rakende die agtergrondinligting van die respondente:
- of hulle oor tersiêre kwalifikasies in biblioteek- en inligtingkunde beskik;

- die aantal jare soekervaring in inligtingsherwinning;
- die mate van rekenaargeletterdheid;
- of die (moontlike) gebruik van elektroniese publikasies positief of negatief ervaar word.

Met hierdie vrae word bepaal wat die ondersoekgroep se gemiddelde vlak van tersiêre opleiding, soekervaring, rekenaargeletterdheid en ervaring van elektroniese publikasies behels.

Twee verdere vrae wat met bogenoemde vrae verband hou en vir kontroledoeleindes aan die einde van Afdeling B ingesluit is, handel onderskeidelik oor die tipe instansie waar die ondersoekgroep werksaam is (universiteits- of technikonbiblioteek) en oor die inligtingsoektogfrekwensie. Indien die tipe instansie waar respondente werksaam is, aangetoon word, bied dit die moontlikheid om vas te stel in watter mate naslaanpersoneel terugvoer gee; of hulle oor tersiêre opleiding in biblioteek- en inligtingkunde beskik; rekenaargeletterd is; elektroniese naslaanbronne tot hulle beskikking het en gebruik; elektroniese naslaanbronne positief of negatief ervaar; soektogte in inligtingsbronne uitvoer; ten slotte of hulle oor 'n spesifieke kennisvlak van naslaanbronne beskik. Die vraag oor die inligtingsoektogfrekwensie in Afdeling B bied die moontlikheid om te kontroleer of respondente se kennisvlak oor tipes inligting en naslaanbronne soos bepaal in Afdeling C enigszins deur die soektogfrekwensie positief beïnvloed word. Verder dien hierdie vraag om te bepaal of 'n hoë soektogfrekwensie respondente se gesindheid teenoor elektroniese publikasies positief beïnvloed.

Afdeling B van die vraelys bestaan, buiten bogenoemde twee vrae, uit vrae wat gerig is op die besit en gebruik van gedrukte en/of elektroniese ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse.

In Afdeling C word die gemiddelde kennisvlak van die ondersoekgroep in verband met verskillende tipes inligting en inligtingsbronne aan die hand van ses fiktiewe naslaanvrae bepaal. Respondente se antwoorde behels die weergawe van 'n titel, hetsy in gedrukte of elektroniese formaat, waaruit inligting oor hierdie navraag herwin kan word. Sodanige titel moet bloot op grond van respondente se eie kennis geïdentifiseer word. Hierdie antwoorde bied ook 'n aanduiding van die gebruik en/of voorkeur en/of toeganklikheid van gedrukte en/of elektroniese formate.

Die bespreking van resultate het eerstens betrekking op die agtergrondinligting soos in Afdeling A en Afdeling B uiteengesit is. Daarna word resultate van die besit- en gebruiksfrekwensie aangedui. Sodoende kan bepaal word in watter mate tersiêre opleiding, ervaring, tipe inligtingsinstansie waar die respondent werksaam is, bekwaamheid en kennisvlak van verskillende tipes inligting en inligtingsbronne, die keuse en gebruik van gedrukte en/of elektroniese formate beïnvloed.

Vrae moes deur respondente voltooi word deur 'n kruisie in die betrokke blokkie op die vraelys te maak indien die respondent sou saamstem, of die blokkie ooplaat indien hy/sy sou verskil.

4.3 Keuse van ondersoekgroep

Die ondersoek is beperk tot akademiese biblioteke in Suid-Afrika. Vraelyste is aan hoofde van twee en twintig universiteitsbiblioteke en twintig technikon- en onderwyskollegebiblioteke gestuur. Biblioteekhoofde moes vervolgens respondente in die naslaanafdeling van die betrokke biblioteek identifiseer om die vraelyste te voltooi. Alle universiteitsbiblioteke is by die ondersoek betrek. Slegs technikonbiblioteke, waarby ook biblioteke van onderwyskolleges ingesluit is, wat interbiblioteekdienste lewer, is betrek. Hierdie beperking is ingesluit omdat die lewering van interbiblioteekdienste ook gewoonlik 'n aanduiding is van die vlak van 'n betrokke biblioteek se ontwikkeling en die daarmee gepaardgaande besit van bronne. Vergelyk byvoorbeeld die resultate van vrae 1.3, 1.4 en 2.1(2) wat daarop dui dat slegs respondente van technikonbiblioteke aangetoon het dat:

- respondente se rekenaargeletterdheid swak is;
- respondente nie die vraag oor die ervaring van elektroniese naslaanbronne kon beantwoord nie omdat daardie biblioteek nie oor sodanige bronne beskik nie;
- 60% van dié biblioteke geen elektroniese naslaanbronne besit nie teenoor slegs 9% universiteitsbiblioteke wat nie oor elektroniese bronne beskik nie.

4.4 Voorondersoek

'n Voorondersoek is gedurende Maart 1998 uitgevoer sodat enige moontlike onduidelikhede oor vrae in die vraelys, terme of ander probleme uitgeskakel kon word. Agt respondente is by die voorondersoek betrek, wat ongeveer 10% van die ondersoekgroep verteenwoordig. Geen noemenswaardige interpretasieprobleme is ondervind nie. 'n Geringe onduidelikheid rondom die interpretasie van twee vrae is wel aangedui, wat gevolglik aangepas is.

4.5 Hoofondersoek

Die hoofondersoek is vanaf April tot einde Junie 1998 uitgevoer. In totaal is 42 akademiese biblioteke by die ondersoek betrek. Elkeen het drie vraelyste, twee in Engels en een in Afrikaans, sowel as 'n begeleidende dekbrieff in albei tale ontvang. Hiervan moes slegs twee vraelyste per biblioteek ingevul word. 'n Totaal van 84 vraelyste moes dus teruggestuur word. Die opset het respondente met 'n keuse gelaat om die vraelys in Afrikaans of Engels te voltooi. Slegs 43 vraelyste, 'n persentasie van 51,1%, is terugontvang, waarvan 76,7% vanaf universiteitsbiblioteke en 23,3% vanaf technikonbiblioteke gekom het (vergeelyk vraag 2.6 op die vraelys). 'n Totaal van 65% respondente het die Engelse en 35% die Afrikaanse vraelys voltooi.

Ter wille van wetenskaplike verantwoordbaarheid is die vraelyste rekenaarmatig deur die Departement Statistiese Konsultasiedienste van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys verwerk sodat subjektiewe vooroordeel beduidend uitgeskakel kon word.

4.6 Analise van resultate

Die analise van die resultate word sodanig aangebied dat elke vraag op die vraelys as die opskrif van 'n subafdeling dien. Onder die opskrif word die doel waarom 'n vraag gestel is in die eerste plek aangedui. Tweedens word resultate van die respondente se antwoorde kwantitatief by wyse van frekwensietabelle en beskrywende statistiek weergegee. Ter wille van eenvormigheid word dieselfde prosedure deurgaans by feitlik al die vrae gevolg. Kwalitatiewe verwerking word deur middel van oopeindekodering by wyse van inhoudsontleding gedoen.

Agtergrondinligting rakende elke respondent se biblioteek- en inligtingkundeopleiding, aantal jare wat die respondent in 'n biblioteek werksaam is, sy rekenaargeletterdheid, ervaring, die tipe instansie waar die respondent werksaam is, die frekwensie van sy inligtingsoektogte en sy kennis oor inligtingsbronne word eerstens weergegee. Aangesien genoemde aspekte ook 'n invloed op die keuse en gebruik van sekere formate kan uitoefen, word raakvlakke in dié verband ook aangetoon.

Data oor die besit en gebruik van gedrukte en elektroniese ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse word geïnterpreteer deur te bepaal:

- watter tipe naslaanbronne in akademiese biblioteke voorkom;
- wat die formaat van die genoemde naslaanbronne is;
- of gedrukte en/of elektroniese formate gebruik word;
- waar CD-ROM-formaat bo Internet verkies word;
- watter gedrukte formate nie meer gebruikswaarde het en nie meer aangekoop behoort te word nie;
- welke van die vooraf uiteengesette redes in vrae 2.2 en 2.3 op die vraelys motivering bied dat gedrukte en elektroniese ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse gebruik word of nie gebruik word nie;
- of daar ander redes bestaan waarom gedrukte en elektroniese bronne nie gebruik word nie of wel gebruik word.

Vervolgens word die resultate van die vraelys uiteengesit.


4.7 Resultate van vraelys aan naslaanpersoneel van akademiese biblioteke in Suid-Afrika

Afdeling A: Agtergrondinligting rakende respondente

Vraag 1.1 Tersiêre opleiding in Biblioteek- en Inligtingkunde

Vraag 1.1 op die vraelys is daarop gerig om vas te stel wat naslaanpersoneel se Biblioteek- en Inligtingkunde-kwalifikasies behels. Akademiese kwalifikasies is bepalend vir die tipe kennis waaroor respondente beskik. Sodanige kennis mag bepalend wees by die keuse van spesifieke titels en

inligtingsformate. Respondente moes slegs *ja* of *nee* op die vraag antwoord of hulle oor tersiêre opleiding in Biblioteek- en Inligtingkunde beskik.




Volgens bogenoemde resultaat blyk dit dat:

- 43 respondente, dus 100%, aangedui het dat hulle wel oor tersiêre opleiding in Biblioteek- en Inligtingkunde beskik;
- personeel wat werksaam is in die naslaanafdeling van akademiese biblioteke oor 'n hoë vlak van opleiding beskik;
- ook voldoende kennis het vir die uitvoer van inligtingsherwinningstake.

Vraag 1.2 Aantal jare soekervaring in inligtingherwinning

Vraag 1.2 handel oor die hoeveelheid jare soekervaring wat respondente in inligtingsherwinning het, omdat dit bepalend kan wees vir kennis van verskillende tipes inligtingsbronne, titels, soekprogramme en algemene bedrewenheid in inligtingsherwinning. Slegs twee moontlikhede is gebied, naamlik soekervaring vir 'n tydperk van een tot vyf jaar of vyf jaar en meer.




Die meerderheid respondente, naamlik 81,4%, blyk dus al langer as vyf jaar werksaam te wees by die naslaanafdeling van die betrokke biblioteke en sou dus om hierdie rede:

- as bekwaam vir die spesifieke pos wat hulle beklee, geag kan word;
- oor 'n voldoende vlak van kennis oor verskillende tipes inligting en naslaanbronne beskik;
- deskundige besluite oor die keuse en gebruik van naslaanbronne kan neem.

Vraag 1.3 Rekenaargeletterdheid

Vraag 1.3 van die vraelys is daarop gerig om te bepaal in watter mate naslaanpersoneel van biblioteke rekenaargeletterd is. Rekenaargeletterdheid is bepalend vir die gemak waarmee digitale formate hanteer kan word. Dit is dus 'n aanduiding van sowel die keuse ten gunste of teen elektroniese formate, as van die positiewe of negatiewe ervaring daarvan. Respondente moes die kwantiteit van rekenaargeletterdheid waaroor hulle beskik uit 'n totaal van vier moontlikhede aandui, naamlik *baie goed*, *goed*, *gemiddeld* of *swak*.



Volgens die resultaat blyk dit dat naslaanpersoneel in akademiese biblioteke:


- uit 30,2% respondente bestaan wat oor baie goeie rekenaargeletterdheid beskik;
- uit 41,8% respondente met 'n goeie rekenaargeletterdheid bestaan;
- uit 23,3% respondente met 'n gemiddelde rekenaargeletterdheid bestaan;
- uit 4,7% respondente (almal van technikonbiblioteke) met 'n swak rekenaargeletterdheid bestaan.

Omdat 71,6% respondente oor 'n hoë vlak (*baie goed* of *goed*) rekenaargeletterdheid beskik, kan die afleiding gemaak word dat hierdie respondente:

- in staat behoort te wees om inligting in elektroniese naslaanbronne maklik te kan herwin;
- se algemene ervaring van elektroniese naslaanbronne positief behoort te wees;
- daarom geneë behoort te wees om elektroniese naslaanbronne te gebruik.

Vraag 1.4 Positiewe of negatiewe ervaring van naslaanbronne

Vraag 1.4 in die vraelys handel oor die kwessie of respondente elektroniese publikasies positief of negatief ervaar. Die gesindheid van respondente teenoor elektroniese publikasies is met hierdie vraag vooropgestel sodat vasgestel kan word of die keuse en gebruik van elektroniese naslaanbronne hierdeur beïnvloed word.



Die volgende afleidings kan na aanleiding van die resultate gemaak word, naamlik dat:


- 'n beduidende persentasie van 91% se ervaring van elektroniese naslaanbronne positief is, wat aan 'n hoë vlak van rekenaargeletterdheid (vergelyk vraag 1.3) toegeskryf kan word;
- 'n totaal van 7% respondente het die vraag nie beantwoord nie en 2% het elektroniese naslaanbronne beide positief en negatief ervaar;
- 'n positiewe ervaring van elektroniese naslaanbronne die gebruik daarvan kan bevorder;
- 81,4% respondente se soekervaring oor 'n periode van vyf jaar en meer strek, wat bydra tot die positiewe ingesteldheid teenoor elektroniese naslaanbronne.

Die volgende twee vrae op die vraelys wat aan die orde is, is ook gerig op agtergrondinligting oor respondente, maar is vir doeleindes van kontrole aan die einde van Afdeling B ingesluit. Die nommering van die volgende twee vrae volg dus nie op die bogenoemde vrae nie.

Afdeling B (i): (Agtergrondinligting rakende respondente)

Vraag 2.6 Tipe instansie waar respondente werksaam is

Vraag 2.6 van die vraelys handel oor die tipe instansie waarby respondente werksaam is. Hierdie vraag is ingesluit om vergelykende evaluering tussens universiteits- en technikonbiblioteke ten opsigte van al die vrae op die vraelys moontlik te maak. Respondente moes 'n keuse doen uit twee moontlikhede, naamlik *universiteit* en *tegnikon*.




Bogemelde resultate toon aan dat:

- universiteitsbiblioteke (76,7%) 'n beter respons as technikonbiblioteke (23,3%) gelewer het.

Vanweë technikonbiblioteke se lae respons kon 'n sinvolle vergelyking tussen die twee tipes instansies ten opsigte van die onderskeie vrae op die vraelys nie getref word nie.

Vraag 2.7 Inligtingsoektogfrekwensie

Vraag 2.7 in die vraelys handel oor die frekwensie van die inligtingsoektogte wat die betrokke respondent in naslaanbronne uitvoer, ongeag in watter naslaanbron die soektog onderneem word. Hiermee word bepaal of respondente oor die nodige ervaring en kennis beskik om inligtingsoektogte uit te voer.



Die empiriese gegewens toon aan dat:

- 2,3% van die respondente een soektog per maand uitvoer;
- 7% respondente een soektog per week hanteer;
- 2,3% respondente een soektog per dag uitvoer;
- die grootste persentasie, naamlik 51,2% respondente, twee tot tien soektogte per dag doen;
- 25,6% respondente tien tot twintig soektogte per dag uitvoer;
- 11,6% respondente meer as twintig soektogte per dag doen;
- 'n totaal van 88,4% (51.2% + 25.6% + 11,6%) respondente twee en meer inligtingsoektogte per dag behartig;
- naslaanbibliotekarisse oor voldoende soekervaring en kennis van naslaanbronne beskik.

Afleidings uit Afdeling A en B

In die geheel gesien dui die resultate oor agtergrondinligting van respondente aan dat almal oor tersiêre opleiding beskik, 81,4% respondente vyf jaar en meer soekervaring het, 72% rekenaargeletterd is, 91% 'n positiewe ervaring van elektroniese formate het en dat 88,4% tussen twee tot twintig soektogte per dag uitvoer. Hierdie resultate dui dus daarop dat respondente bekwaam is om inligting uit sowel gedrukte as elektroniese formate te herwin.

Afdeling B (ii): Die besit en gebruiksfrekwensie van gedrukte en elektroniese naslaanbronne in akademiese biblioteke in Suid-Afrika

Inleiding


Die besit en gebruiksfrekwensie van gedrukte en elektroniese ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse is in die vraelys in Afdeling B vanaf vrae 2.1 tot 2.5 vervat. Vrae 2.1, 2.2 en 2.4 bestaan elk uit ses onderafdelings en is in die vraelys ingesluit sodat die mate waarin akademiese biblioteke naslaanbronne besit en gebruik en redes vir die gebruik daarvan bepaal kan word. Respondente moes hierdie vrae beantwoord deur telkens deur middel van 'n kruisie in die betrokke blokkie aan te dui of die betrokke biblioteke spesifieke naslaanbronne besit en of hulle gebruik word, plus die redes vir gebruik.

Ses redes rakende die gebruik van elke formaat is op die vraelys in twee onderskeie vrae geformuleer. Respondente moes telkens deur middel van 'n kruisie in die betrokke blokkie aandui wat die situasie rakende ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse behels. Kitsnaslaanbronne bevat egter so 'n wye verskeidenheid inligting dat hierdie kategorie as drie subkategorieë, naamlik gidse, almanakke en jaarboeke op die vraelys voorkom. Die resultaat van elke subkategorie word dan tot 'n geheel verwerk wat vir die hoofkategorie kitsnaslaanbronne geldig is. Sodoende is dit moontlik om 'n betroubaarder resultaat van die werklike besit en gebruik van kitsnaslaanbronne as kategorie te verkry. Langs hierdie weg kan al vier hoofkategorieë naslaanbronne sinvol met mekaar vergelyk word.

Vraag 2.1 Besit en gebruiksfrekwensie van naslaanbronne

Vraag 2.1 (1) Besit van gedrukte ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse

Hierdie vraag dien om te bepaal in watter mate akademiese biblioteke oor gedrukte ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse beskik.




Na aanleiding van bogenoemde resultate kan die volgende afleidings gemaak word:

- al die biblioteke besit gedrukte ensiklopedieë en woordeboeke;
- 98% besit gedrukte kitsnaslaanbronne;
- 86% besit gedrukte tydskrifindekse;
- van die vier hoofkategorieë naslaanbronne kom gedrukte tydskrifindekse die minste in akademiese biblioteke voor en sal daarom ook waarskynlik die laagste gebruiksfrekwensie hê.

Vraag 2.1 (2) Besit van elektroniese ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse

Met hierdie vraag wil bepaal word in watter mate biblioteke oor elektroniese naslaanbronne beskik.




Uit bogenoemde resultate blyk die volgende:

- 49% respondente dui aan dat die biblioteke elektroniese ensiklopedieë besit;
- 44% respondente dui aan dat die biblioteke elektroniese woordeboeke besit;
- 21% respondente dui aan dat die biblioteke elektroniese kitsnaslaanbronne besit;
- 79% respondente dui aan dat die biblioteke elektroniese tydskrifindekse besit;
- hiervolgens is dit elektroniese tydskrifte wat die meeste in akademiese biblioteke voorkom.

Indien die resultate van vraag 2.6 rakende tipes biblioteke in aanmerking geneem word, blyk dit dat 60% respondente van technikonbiblioteke aangedui het dat daardie biblioteke nie elektroniese formate besit nie. Hierdie bevinding bevestig dat biblioteke wat nie interbiblioteekdienste lewer nie, gewoonlik nie oor 'n uitgebreide biblioteekvoorraad beskik nie.

Vraag 2.1 (3) Gebruiksfrekwensie van gedrukte ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse

Deur vas te stel watter van hierdie gedrukte naslaanbronne se gebruiksfrekwensie die hoogste is, word probeer om die gebruikswaarde van gedrukte naslaanbronne te bepaal.




Uit bogemelde resultate blyk dit dat die gebruiksfrekwensie van die onderskeie naslaanbronne deur naslaanbibliotekaryse soos volg daar uitsien:

- gedrukte ensiklopedieë word deur 77% respondente gebruik;
- woordeboeke word deur 79% respondente gebruik;
- kitsnaslaanbronne word deur 56% respondente gebruik;
- tydskrifindekse word deur 37% respondente gebruik;
- die hoogste gebruiksfrekwensie van die vier tipes naslaanbronne wat in hierdie studie betrek is, is woordeboeke;
- gedrukte tydskrifindekse word die minste gebruik, naamlik deur 37% respondente.

Vraag 2.1 (4) Gebruiksfrekwensie van elektroniese ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse

Deur te bepaal watter elektroniese naslaanbronne die meeste vir die herwinning van inligting gebruik word, word probeer om die gebruikswaarde van digitale formate te peil en dit te vergelyk met die gebruikswaarde van gedrukte naslaanbronne. Sodoende kan vasgestel word watter van hierdie formate in inligtingsoektogte verkies word.



Hiervolgens blyk dit dat:


- slegs 12% respondente van elektroniese ensiklopedieë gebruik maak;
- slegs 2% respondente van elektroniese woordeboeke gebruik maak;
- slegs 5% respondente van elektroniese kitsnaslaanbronne gebruik maak;
- 'n groot aantal respondente, naamlik 77%, van elektroniese tydskrifindekse gebruik maak;
- tydskrifindekse in elektroniese formaat deur die meeste respondente gebruik word;
- die afleiding wat in vraag 2.1 (2) gemaak is, naamlik dat elektroniese tydskrifindekse die tipe naslaanbron is wat waarskynlik die meeste deur respondente gebruik word omdat die meeste respondente aangedui het dat die betrokke biblioteek die indekse besit, korrek is;
- ensiklopedieë, woordeboeke en kitsnaslaanbronne in so 'n onbeduidende mate elektronies gebruik word dat die gevolgtrekking gemaak kan word dat respondente die elektroniese formate nie gebruik nie.

Uit bogemelde resultate kan die volgende afleiding gemaak word:

- dat die groot variasie in die besitprofiel en die gebruiksfrekwensie van elektroniese ensiklopedieë, woordeboeke en kitsnaslaanbronne nie die gevolg is van onvoldoende rekenaargeletterdheid en die gepaardgaande negatiewe ervaring van elektroniese formate of onvoldoende opleiding en lae soekfrekwensie nie, maar die oorsaak van die variasie moet eerder in aspekte soos die aard en gebruikswaarde van inligting gesoek word.

Vraag 2.1 (5) Kompakskyfformaat is verkiesliker as Internet by die gebruik van ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse

Met hierdie vraag wil bepaal word watter een van CD-ROM- of Internet-formate eerder deur respondente vir die herwinning van inligting gebruik word.




Die resultaat van hierdie vraag dui aan dat:

- die CD-ROM-formaat verkies word deur 52% respondente vir ensiklopedieë, 32% vir woordeboeke, 56% vir kitsnaslaanbronne en 85% vir tydskrifindekse;
- bibliografiese inligting soos in elektroniese tydskrifindekse vervat deur die meeste respondente, naamlik 85%, in CD-ROM-formaat verkies word.

Vraag 2.1 (6) Gedrukte ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse behoort nie meer aangekoop te word nie

Hierdie vraag is daarop gerig om te bepaal of respondente die gebruikswaarde van sommige naslaanbronne dermate bevraagteken dat geoordeel kan word dat hulle nie meer aangekoop behoort te word nie. Sodoende kan gekontroleer word of antwoorde soos verstrek op vrae 2.1 (3) en 2.1 (4) rakende die gebruik van inligtingsbronne die situasie feitelik korrek uitbeeld.




Bogenoemde resultate toon aan dat:

- slegs 5% van die respondente aandui dat ensiklopedieë in gedrukte formaat nie meer aangekoop moet word nie;
- 0% van die respondente van mening is dat gedrukte woordeboeke nie meer aangekoop behoort te word nie;
- 16% van die respondente reken dat kitsnaslaanbronne in gedrukte formaat nie meer aangekoop moet word nie;
- 42% respondente oordeel dat gedrukte tydskrifindekse nie meer aangekoop moet word nie, wat ook inhou dat 58% respondente wel van mening is dat gedrukte tydskrifindekse gebruikswaarde het, alhoewel slegs 37% respondente by vraag 2.1 (3) aangedui het dat gedrukte tydskrifindekse wel gebruik word.

Uit bogemelde persentasies kan afgelei word dat:

- met die uitsondering van gedrukte tydskrifindekse, die persentasies so onbeduidend is dat respondente steeds die gebruikswaarde van gedrukte ensiklopedieë, woordeboeke en die meeste kitsnaslaanbronne baie hoog ag.

Opsommende grafiese voorstelling van besit, gebruik en aankope van naslaanbronne



Afleidings rakende die besit, gebruik en aankope van naslaanbronne

Uit die resultate soos hierbo aangedui, blyk die volgende:

Besit

- Al die respondente het aangetoon dat die betrokke akademiese biblioteke in Suid-Afrika gedrukte ensiklopedieë en woordeboeke besit.
- Feitlik al die respondente, naamlik 98%, het aangedui dat die betrokke akademiese biblioteke in Suid-Afrika gedrukte kitsnaslaanbronne besit.
- 86% respondente het aangetoon dat die biblioteke gedrukte tydskrifindekse besit.
- Feitlik al die respondente dui aan dat akademiese biblioteke in Suid-Afrika gedrukte formate besit.
- Byna die helfte van die respondente, naamlik 49% en 44% onderskeidelik, toon aan dat die betrokke biblioteke elektroniese ensiklopedieë en woordeboeke besit.
- Slegs 'n vyfde van die respondente, naamlik 21%, dui aan dat elektroniese kitsnaslaanbronne toeganklik is.
- 'n Groot persentasie respondente, naamlik 79%, toon aan dat elektroniese tydskrifindekse by die betrokke biblioteke beskikbaar is.
- Van die vier tipes naslaanbronne is elektroniese ensiklopedieë dus die algemeenste beskikbaar.

Gebruik

- 77%, 79% en 56% respondente, dit wil sê telkens die meerderheid, maak van onderskeidelik gedrukte ensiklopedieë, woordeboeke en kitsnaslaanbronne gebruik.
- Gedrukte tydskrifindekse word van die vier tipes naslaanbronne wat in hierdie studie betrek is, die minste deur respondente vir die herwinning van inligting gebruik, naamlik deur 37%.

- Elektroniese ensiklopedieë, woordeboeke en kitsnaslaanbronne word deur onderskeidelik 12%, 2% en 5% respondente gebruik, wat sulke lae persentasies is, dat dit geag kan word as dat hierdie bronne nie elektronies gebruik word nie.
- Elektroniese tydskrifindekse word deur 77% respondente gebruik.
- Elektroniese tydskrifindekse word van die vier tipes naslaanbronne die meeste gebruik.

CD-ROM-formaat eerder as Internet

- CD-ROM-formaat is die formaat wat verkies word, omdat 52%, 56% en 85% respondente die CD-ROM-formaat vir onderskeidelik ensiklopedieë, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse verkies.
- Woordeboeke word slegs deur 32% respondente in CD-ROM-formaat verkies.

Aankoop van gedrukte formaat

- Ensiklopedieë, woordeboeke en kitsnaslaanbronne in gedrukte formaat behoort steeds aangekoop te word omdat onderskeidelik slegs 5%, 0% en 16% respondente aantoon dat hulle nie meer aangekoop behoort te word nie.
- 42% respondente dui aan dat gedrukte tydskrifindekse nie meer aangekoop behoort te word nie en dus in baie akademiese biblioteke uitgeskakel kan word.

Samevattend

- Akademiese biblioteke in Suid-Afrika besit feitlik al die naslaanbronne in gedrukte formaat.
- Afgesien van elektroniese tydskrifindekse wat feitlik by al die biblioteke beskikbaar is, is elektroniese formate by 'n beperkte aantal akademiese biblioteke beskikbaar.
- Feitlik al die respondente maak van ensiklopedieë, woordeboeke en enkele kitsnaslaanbronne in gedrukte formaat gebruik.
- Tydskrifindekse word deur die meeste respondente in elektroniese formaat en wel in CD-ROM-formaat gebruik.
- CD-ROM-formaat word bo Internet verkies.
- Gedrukte formate het, afgesien van tydskrifindekse, steeds 'n hoë gebruiksfrekwensie en moet daarom steeds aangekoop word.


Vraag 2.2 Redes waarom gedrukte bronne nie gebruik word nie

In die vraelys word 'n totaal van ses meer algemene redes geformuleer waarom gedrukte bronne waarskynlik nie gebruik word nie. Respondente is gevra om telkens met 'n gestelde rede instemming te betuig deur 'n kruisie in die betrokke blokkie te maak of daarvan te verskil deur die blokkie oop te laat. Redes is vooraf geformuleer omdat beter kontrole oor die resultate op hierdie wyse uitgeoefen kan word. Hierdie redes is nie lukraak geselekteer nie, maar aan die hand van die teoretiese ondersoek saamgestel (Clausen, 1997:181; Dilevko & Grewal, 1998:21-29; East & Leach, 1998:211;

Johnston, 1998:12-13; Koutnik, 1997:422-429; Kuhlen, 1997:170; McCarthy *et al.*, 1997:129-135; Tenopir, 1998:49-50; Van der Westhuizen, 1997:105-107; Wilson, 1998:345-357).

Vraag 2.2 (1) Soekterme kan nie gekombineer word nie

Hierdie vraag is gestel om te bepaal in watter mate soektermkombinering by elektroniese naslaanbronne die gebruik van elektroniese formate bevorder.




Die resultate soos hierbo aangedui, toon aan dat die afwesigheid van soektermkombinasies die gebruikswaarde van gedrukte formate soos volg beïnvloed:

- gedrukte ensiklopedieë se gebruikswaarde word met 19% benadeel, met ander woorde daar is ongeveer 'n vyfde van die respondente wat dit nodig ag dat soekterme gekombineer moet kan word vir effektiewe herwinning van ensiklopediese inligting;
- gedrukte woordeboeke en kitsnaslaanbronne word nie werklik deur soektermkombinering geraak nie, soos die persentasies van 9% en 6% onderskeidelik aandui;
- die tipe inligting wat in gedrukte ensiklopedieë, woordeboeke en enkele kitsnaslaanbronne voorkom, kan in die meeste gevalle effektiewer deur middel van gedrukte formate herwin word;
- gedrukte tydskrifindekse word in 84% van die gevalle vanweë die gebrek aan soektermkombinering nie gebruik nie, sodat respondente voorkeur aan elektroniese tydskrifindekse gee waar soektermkombinering wel moontlik is en soekresultate dus effektiewer herwin kan word;
- hierdie resultate van vraag 2.2 (1) stem feitlik ooreen met die persentasie van 77% respondente by vraag 2.1 (4) wat aangedui het dat elektroniese tydskrifindekse gebruik word en waardeur die voorkeur vir elektroniese tydskrifindekse bevestig word.

Vraag 2.2 (2) Dit is nie die geskikste bron om te gebruik vir die tipe inligting wat gesoek word nie

Hierdie vraag is daarop gerig om vas te stel in watter mate gedrukte of elektroniese formate eerder as die geskikste formaat vir die herwinning van daardie tipe inligting geag word.

FIGUUR 15: Dit is nie die geskikste bron om te gebruik vir die tipe inligting wat gesoek word nie.




Die afleiding kan uit bogenoemde resultate gemaak word dat:

- slegs 2% van die respondente van mening is dat gedrukte ensiklopedieë en woordeboeke nie die geskikste formaat vir die herwinning van hierdie spesifieke tipe inligting is nie;
- die gedrukte formaat word deur 10% respondente as die minder geskikte formaat vir kitsnaslaanbronne beskou teenoor 22% wat meen dat dié formaat minder geskik vir tydskrifindekse is;
- die aard en gebruikswaarde van inligting in gedrukte ensiklopedieë, woordeboeke en kitsnaslaanbronne sodanig is dat respondente gedrukte formate bo elektroniese formate verkies;
- dat al hierdie resultate by vraag 2.2 (2) wesenlik ooreenstem met die meeste persentasies vir die gebruik van elektroniese naslaanbronne soos deur die respondente in hulle antwoord op vraag 2.1 (4) aangetoon en dat dit dus die betroubaarheid van die antwoorde op vraag 2.2 (2) bevestig.

Vraag 2.2 (3) Die gedrukte bron bied geen uitdaging of is nie indrukwekkend nie

Hierdie vraag is gestel met die doel om te bepaal in watter mate die tegniese gevorderdheid van elektroniese formate die respondente beïnvloed om nie gedrukte formate te gebruik nie.

FIGUUR 16: Die gedrukte formaat bied geen uitdaging of is nie indrukwekkend nie.




Dit blyk uit bogenoemde resultate dat:

- gedrukte ensiklopedieë sowel as woordeboeke nie minder gebruik word as gevolg van die tegniese gevorderdheid en indrukwekkendheid wat die elektroniese formate toon nie;
- die gebruik van gedrukte kitsnaslaanbronne in 3% gevalle deur die indrukwekkende beeld van elektroniese formate gerelekeer word tot 'n posisie waar dit nie gebruik word nie;
- die gebruik van gedrukte tydskrifindekse die meeste geraak word deur die tegniese gevorderdheid van elektroniese formate, naamlik in 19% van die gevalle;
- die hoë gebruiksfrekwensie van elektroniese tydskrifindekse nie primêr geleë is in hulle indrukwekkende beeld nie, maar eerder spruit uit ander redes soos soektermkombinerings, tydskuur van soektogte en resentheid van inligting.

Vraag 2.2 (4) Dit neem baie tyd in beslag om in gedrukte ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse te soek

Met hierdie vraag word bepaal in watter mate tydskuur die keuse om gedrukte naslaanbronne te gebruik negatief beïnvloed, aangesien elektroniese formate oor 'n verskeidenheid soekmoontlikhede beskik wat die soekproses versnel.




Dit blyk uit bogenoemde resultate dat:

- dit volgens die respondente nie te lank duur om inligting uit gedrukte ensiklopedieë (14%), woordeboeke (9%) en kitsnaslaanbronne (5%) te herwin nie;
- 70% respondente aandui dat dit te lank duur om inligting uit gedrukte tydskrifindekse te herwin.

Vraag 2.2 (5) Gedrukte ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse se inligting is nie resentheid nie

Hierdie vraag is ingesluit om te bepaal in watter mate respondente oordeel dat resentheid wel 'n rol te speel het by die verskillende formate en veral by gedrukte formate.




Dit blyk volgens hierdie resultate dat:

- inligting in gedrukte ensiklopedieë, woordeboeke en kitsnaslaanbronne onderskeidelik deur 21%, 7% en 18% respondente as verouderd beskou word;
- inligting in gedrukte woordeboeke die minste deur resertheid geraak word;
- 46% respondente aandui dat die gebrek aan resertheid die grootste rede is waarom gedrukte tydskrifindekse nie gebruik word nie.

Vraag 2.2 (6) Inligting in gedrukte ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse is nie betroubaar nie

Hierdie vraag is daarop gerig om die betroubaarheid van inligting in gedrukte naslaanbronne te bepaal.




Bogenoemde resultate dui aan dat:

- slegs 2% respondente inligting in gedrukte ensiklopedieë as onbetroubaar beskou;

- geen respondente, dus 0%, inligting in gedrukte woordeboeke as onbetroubaar beskou nie;
- onderskeidelik 10% en 8% respondente van mening is dat inligting in kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse onbetroubaar is;
- inligting in gedrukte ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse dus feitlik deur al die respondente as betroubaar beskou word.

Vraag 2.3 Enige verdere redes waarom gedrukte ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse nie gebruik word nie (of wel gebruik word)

Vraag 2.3 op die vraelys handel oor addisionele redes wat nie in die vraelys opgeneem is nie, sodat respondente die keuse gelaat word om hul eie redes aan te dui waarom gedrukte naslaanbronne gebruik word al dan nie. Respondente word dus hier deur middel van 'n oop vraag die keuse gelaat om enige verdere redes wat nie alreeds in die vraelys verskyn nie, te vermeld. Hierdie addisionele redes is egter nie afsonderlik by elkeen van die vier tipes naslaanbronne wat in hierdie studie onderskei word, aangedui nie, maar verwys bloot na gedrukte naslaanbronne as 'n breë groep. Hierdie redes kan dus nie saam met die ander redes in een figuur waar inligting vergelykenderwys weergegee word, opgeneem word nie.




Hierdie resultate dui daarop dat:

- slegs 2% respondente bekendheid met die inhoud en uitleg van gedrukte formate as rede aanvoer waarom dié formate eerder gebruik word;
- bogemelde lae persentasie daarop kan dui dat hierdie rede alreeds deur vrae 2.2 (2) en 2.2 (4) omvat word waar daar na die geskiktheid van die spesifieke tipe formate en tydskuur van soektogte verwys word;
- 7% respondente daarna verwys dat spesifieke inligting slegs in gedrukte formate gepubliseer word;
- die hoë koste verbonde aan die aankoop en installering van elektroniese formate deur 14% respondente as rede aangevoer word waarom gedrukte formate eerder gebruik word.

Vergelykende statistiek rakende die redes vir die nie gebruik van gedrukte ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse

'n Samevatting van al die vrae rakende die redes waarom gedrukte ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse nie gebruik word nie word in Figuur 21 aangebied sodat die waardes gemaklik vergelyk kan word.



Afleidings rakende die redes of elektroniese formate gebruik word al dan nie

Bovermelde resultate dui ontseensleglik op die gevolgtrekkings soos hieronder saamgevat word.

Kombinering van soekterme

- 'n Vyfde van die respondente is van mening dat sommige inligtingsnavrae vanuit ensiklopedieë beter deur die elektroniese formaat herwin kan word omdat soekterme gekombineer kan word.
- Slegs enkele respondente dui aan dat inligting wat uit woordeboeke en kitsnaslaanbronne in gedrukte formaat herwin word nie effektief is nie omdat soekterme nie gekombineer kan word nie.
- Die grootste persentasie respondente is van mening dat bibliografiese inligting slegs deur middel van soektermkombinering effektief uit tydskrifindekse herwin kan word.

Geskikste bron/formaat

- Gedrukte ensiklopedieë, woordeboeke en kitsnaslaanbronne is slegs in enkele gevalle nie die geskikste formaat om te gebruik nie.
- 'n Vyfde van die respondente is van mening dat die gedrukte formaat nie die geskikste is vir bibliografiese inligting nie.

Indrukwekkendheid

- Baie min respondente maak nie van gedrukte formate gebruik nie omdat hulle onindrukwekkend is.

Tydskuur

- Die tydskuur van soektogte is nie te lank om inligting te herwin uit gedrukte ensiklopedieë, woordeboeke en kitsnaslaanbronne nie.
- Die tydskuur van soektogte om inligting uit gedrukte tydskrifindekse te herwin, is te lank.

Resentheid

- Resentheid speel nie 'n baie groot rol by ensiklopedieë, woordeboeke en kitsnaslaanbronne in gedrukte formaat nie.
- Feitlik die helfte van die respondente is van mening dat die resentheid van gedrukte tydskrifindekse nie aan die nodige standaarde beantwoord nie.

Betroubaarheid

- Betroubaarheid speel geen noemenswaardige rol by gedrukte formate nie.

Samevattend

Gedrukte formate se gebruikswaarde is hoog. Hierteenoor speel faktore soos soektermkombinerings, tydskuur van soektogte en resentheid van inligting die grootste rol ten gunste van die gebruik van elektroniese tydskrifindekse.


Vraag 2.3 het oor die redes gehandel waarom gedrukte formate nie gebruik word nie, of wel gebruik word. Vraag 2.4 fokus op redes wat verband hou al dan nie met die gebruik van elektroniese formate.

Vraag 2.4 Redes waarom elektroniese (in CD-ROM- en Internet-formaat) ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse nie gebruik word nie

Vraag 2.4 bevat ses vooraf geformuleerde redes waarom elektroniese formate (CD-ROM sowel as Internet) nie deur respondente vir die herwinning van inligting gebruik sou word nie. Redes is geformuleer sodat kontrole oor die resultate op hierdie wyse uitgeoefen kan word. Hierdie redes is nie lukraak geselekteer nie, maar aan die hand van die teoretiese ondersoek saamgestel (Clausen, 1997:181; Dilevko & Grewal, 1998:21-29; East & Leach, 1998:211; Johnston, 1998:12-13; Koutnik, 1997:422-429; Kuhlen, 1997:170; McCarthy *et al.*, 1997:129-135; Van der Westhuizen, 1997:105-107; Wilson, 1998: 345-357).

Vraag 2.4 (1) Tydsduur om inligting in elektroniese ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse te herwin

Hierdie vraag is gestel sodat bepaal kan word in watter mate tydsduur, soos van toepassing op die herwinning van inligting, in elektroniese formate 'n negatiewe rol speel.




Hierdie resultate toon aan dat:

- 33%, 57% en 24% respondente onderskeidelik aandui dat dit te lank duur om inligting uit elektroniese ensiklopedieë, woordeboeke en kitsnaslaanbronne te herwin, wat beduidende hoër persentasies as by gedrukte formate (vergeelyk figure 17 en 22) is;
- geen respondente aangedui het dat tydskrifindekse te veel tyd in beslag neem nie.

Vraag 2.4 (2) Inligting in elektroniese ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse is nie betroubaar nie

Met hierdie vraag is bepaal of elektroniese inligting as betroubaar beskou word.




Volgens bovermelde resultate blyk dit dat:

- geen respondente meen dat dié elektroniese inligting as onbetroubaar beskou word nie.

Vraag 2.4 (3) Elektroniese (CD-ROM- en Internet-) naslaanbronne is nie die geskikste bron vir die tipe inligting wat gesoek word nie

Die doel met hierdie vraag is om te kontroleer in watter mate hierdie resultate ooreenstem met die resultate van vraag 2.2 (2) waar respondente moes aantoon of gedrukte formate eerder as geskik vir spesifieke tipes inligting beskou word.




Hierdie resultate dui daarop dat:

- 24% en 29% respondente elektroniese ensiklopedieë en woordeboeke onderskeidelik as die minder geskikte formaat beskou vir die tipe inligting wat herwin word, in vergelyking met slegs 2% respondente wat in Figuur 15 aantoon dat gedrukte ensiklopedieë en woordeboeke die minder geskikte formaat is vir die tipe inligting wat gesoek word;
- elektroniese kitsnaslaanbronne deur 'n vyfde van die respondente, naamlik 19%, nie as die geskikste naslaanbronne gereken nie, teenoor die 10% wat van mening is dat gedrukte kitsnaslaanbronne (vergeelyk Figuur 15) nie as die geskikste formaat vir die tipe inligting wat benodig word, gereken word nie;
- dat geen respondente meen dat elektroniese tydskrifindekse nie die geskikste formaat vir die herwinning van daardie spesifieke inligting is nie.

Vraag 2.4 (4) Gebruikerskoppelvlak en/of soekprogram vir elektroniese ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse is moeilik verstaanbaar

Aangesien die gebruikerskoppelvlak en/of soekprogramme vir elektroniese formate vir sommige gebruikers moeilik verstaanbaar kan wees, is hierdie vraag in die vraelys ingesluit sodat die mate waarin dit as moeilik ondervind word, bepaal kan word.




Na aanleiding van bogenoemde resultate kan die volgende afleidings gemaak word:

- 19% en 24% respondente ervaar dat die gebruikerskoppelvlak en/of soekprogramme wat onderskeidelik vir elektroniese ensiklopedieë en woordeboeke gebruik word, moeilik is;
- geen respondente beskou gebruikerskoppelvlakke en/of soekprogramme wat vir elektroniese kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse gebruik word, as ingewikkeld nie;
- elektroniese ensiklopedieë se gebruikerskoppelvlak en/of soekprogramme is die moeilikste van die vier tipes naslaanbronne wat in die studie betrek word.

Vraag 2.4 (5) Die toeganklikheid tot elektroniese ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse is beperk

Die mate waarin gebruikers toegang tot databasisse het, wil met hierdie vraag bepaal word.




Hiervolgens blyk dit dat die respondente wat toeganklikheid as 'n stremmende faktor beleef soos volg daar uitsien:

- Wat elektroniese ensiklopedieë betref, dui byna die helfte van die totale aantal respondente, naamlik 43%, aan dat toeganklikheid 'n probleem skep.
- Wat woordeboeke betref, dui 33% van die respondente aan dat hulle nie toegang daartoe het nie.
- Wat kitsnaslaanbronne betref, is dit vir 19% van die respondente nie toeganklik nie.
- Wat tydskrifindekse betref, dui geeneen, dus 0% van die respondente, aan dat toeganklikheid 'n probleem skep nie.
- Elektroniese tydskrifindekse is dus van die vier tipes naslaanbronne die mees toeganklike.

Vraag 2.4 (6) Die biblioteek besit nie elektroniese ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse nie

Hierdie vraag is in die vraelys ingesluit sodat gekontroleer kan word in watter mate respondente se antwoorde betroubaar is. Vraag 2.1 (2) is ook daarop gerig om vas te stel of 'n biblioteek elektroniese naslaanbronne besit, maar Vraag 2.1 (2) is positief, terwyl Vraag 2.4 (6) negatief geformuleer is.




Die resultaat van hierdie vraag dui aan dat:

- 51% respondente by hierdie vraag sowel as by vraag 2.1 (2) aangetoon het dat die betrokke biblioteke nie elektroniese ensiklopedieë besit nie, dus dieselfde persentasie;
- 58% respondente teenoor die 56% by vraag 2.1 (2) aangedui het dat die betrokke biblioteke nie elektroniese woordeboeke besit nie, dus 'n geringe verskil van 2%;
- 75% respondente teenoor 79% by vraag 2.1 (2) aandui dat die betrokke biblioteke nie elektroniese kitsnaslaanbronne besit nie, wat weereens 'n minimale verskil is;

- 21% respondente by albei vrae aandui dat die betrokke biblioteke nie elektroniese tydskrifindekse besit nie;
- dat die antwoorde van respondente op hierdie vraelys dus in die algemeen as betroubaar beskou kan word, aangesien daar by dieselfde tipe vraag wat op verskillende plekke in die vraelys geplaas is, wesenlik dieselfde resultate verkry is.

Vraag 2.5 Enige verdere redes waarom elektroniese ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse nie gebruik word nie (of wel gebruik word)


Weereens, net soos by gedrukte formate, is die keuse gebied dat respondente ander redes wat nie in die vraelys bevat word nie, in antwoord op 'n oop vraag kon noem. Hierdie redes toon aan waarom elektroniese naslaanbronne soos in Vraag 2.5 vermeld, gebruik of nie gebruik word nie. Hierdie addisionele redes is egter nie ten opsigte van elkeen van die vier tipes naslaanbronne soos in hierdie studie onderskei, aangedui nie, maar verwys bloot na elektroniese naslaanbronne as 'n geheel. Hierdie redes kan dus nie saam met die ander redes in een statistiese grafiek saamgevat word nie.



Hierdie resultate dui daarop dat:

- 7% respondente meen dat 'n gebrek aan opleiding daartoe lei dat elektroniese formate nie gebruik word nie, wat nagenoeg ooreenstem met die ongeveer 5% wat aangedui het dat hul rekenaargeletterdheid swak is;
- 7% respondente na die feit verwys dat spesifieke inligting slegs in gedrukte formate gepubliseer word;
- hoë koste verbonde aan die aankoop en installering van elektroniese formate deur 30% respondente as rede aangevoer word waarom gedrukte formate eerder gebruik word;
- indien hierdie bykomende redes ontleed word, het die hoë koste verbonde aan elektroniese formate die grootste uitwerking op die gebruik van die formate.

Vergelykende statistiek rakende die redes vir die nie gebruik van elektroniese ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse



Afleidings rakende die redes of elektroniese formate gebruik word al dan nie

Bovermelde resultate dui ontseenslik daarop dat die aspekte hieronder 'n invloed daarop het of elektroniese formate gebruik word al dan nie.

Tydskuur

- Respondente dui aan dat dit te lank duur om inligting uit elektroniese formate te herwin. Dit geld veral elektroniese woordeboeke, waar 57% respondente dit as 'n negatiewe aspek aandui. Ook elektroniese ensiklopedieë en woordeboeke word negatief ervaar, aangesien 33% en 24% van die respondente onderskeidelik aangedui het dat dit te lank duur om inligting uit die bronne te herwin.
- Die herwinning van inligting uit elektroniese tydskrifindekse is in vergelyking met gedrukte tydskrifindekse baie makliker en neem daarom baie minder tyd in beslag. Respondente verkies daarom eerder elektroniese tydskrifindekse vir die herwinning van inligting.
- Tydskuur is dus daardie aspek wat die grootste negatiewe invloed op die gebruik van elektroniese ensiklopedieë, woordeboeke en kitsnaslaanbronne kan uitoefen.

Betroubaarheid

- Al die respondente beskou inligting in elektroniese ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse as betroubaar.

Geskiktheid

- Die aantal respondente wat elektroniese ensiklopedieë, woordeboeke en kitsnaslaanbronne nie as die geskikste formaat vir die tipe inligting wat hulle bevat, beskou nie, is onderskeidelik 24%, 29% en 19%.
- Hierteenoor dui al die respondente aan dat elektroniese tydskrifindekse as die geskikste formaat vir hierdie tipe inligting gereken word.
- Respondente beskou gedrukte ensiklopedieë, woordeboeke en enkele kitsnaslaanbronne as die geskikste formaat vir die tipe inligting wat eie aan elkeen van hierdie naslaanbronne is, ten spyte daarvan dat elektroniese formate oor addisionele eienskappe soos verbeterde soekmoontlikhede beskik.
- Elektroniese tydskrifindekse word deurgaans deur al die respondente as die geskikste formaat vir hierdie tipe inligting gereken.

Gebruikerskoppelvlak

- Gebruikerskoppelvlak en/of soekprogramme van elektroniese ensiklopedieë en woordeboeke word deur onderskeidelik 24% en 19% respondente as moeilik verstaanbaar ervaar en speel dus wel 'n rol wanneer die keuse ten gunste of teen 'n spesifieke formaat gedoen moet word.
- Gebruikerskoppelvlak en/of soekprogramme van enkele elektroniese kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse word deur geeneen van die respondente as moeilik ervaar nie.

Toeganklikheid

- Die toeganklikheid van elektroniese ensiklopedieë, woordeboeke en enkele kitsnaslaanbronne word deur onderskeidelik 43%, 33% en 19% respondente as 'n rede aangevoer waarom hierdie bronne nie in elektroniese formate gebruik word nie.
- Die toeganklikheid van elektroniese tydskrifindekse skep by geeneen van die respondente 'n probleem nie.
- Die meerderheid respondente, naamlik 51%, 58% en 75%, toon onderskeidelik aan dat die betrokke biblioteke waar hulle werksaam is nie elektroniese ensiklopedieë, woordeboeke en kitsnaslaanbronne besit nie;
- Die meerderheid respondente, naamlik 79%, dui aan dat die betrokke biblioteke elektroniese tydskrifindekse besit.
- Tydskrifindekse is van die vier formate wat in hierdie studie betrek is, die mees gebruikte elektroniese naslaanbron en word deur 77% van die respondente gebruik.
- Toeganklikheid tot elektroniese formate is wel nog by sommige biblioteke beperk.

Samevattend

Die lang tydsduur van soektogte speel die grootste rol by elektroniese woordeboeke en daarom is die meeste respondente van mening dat dit nie die geskikste formaat vir woordeboeke is nie. Kitsnaslaanbronne is die minste en tydskrifindekse die meeste toeganklik in elektroniese formaat. Daar is nie aangedui dat betroubaarheid enige negatiewe rol speel nie.

Al die vrae wat tot in hierdie stadium in die vraelys ingesluit is, behels dat respondente slegs deur 'n kruisie in die betrokke spasie te maak, instemming of afkeuring met 'n spesifieke vraag moet betuig, behalwe by vrae 2.3 en 2.5 waar respondente addisionele redes kon lys waarom hulle spesifieke formate nie gebruik nie. Die volgende afdeling in die vraelys bied aan respondente die keuse om hul eie antwoorde op die vraelys in te vul.

Afdeling C: Fiktiewe naslaanvrae

Inleiding

Afdeling C op die vraelys handel oor verskillende tipes inligting en die keuse van naslaanbronne, hetsy in gedrukte of elektroniese formaat. Respondente moes ses fiktiewe naslaanvrae beantwoord deur slegs die navraag te lees en dan die eerste titel wat moontlik die inligting kan bevat, neer te skryf. Die navrae in Afdeling C op die vraelys is doelbewus nie in dieselfde orde gelys soos by vrae 2.1, 2.2 en 2.4 nie, waar eers ensiklopedieë, daarna woordeboeke, kitsnaslaanbronne, bestaande uit drie subkategorieë, en laastens tydskrifindekse aan die orde kom. Die volgorde in Afdeling C is verander om die betroubaarheid van die resultate te verseker. Die terugvoer word egter in dieselfde orde as vrae 2.1, 2.2 en 2.4 gebied.

Hierdie navrae is in die vraelys ingesluit met die doel om:

- eerstens te bepaal wat die kennisvlak van naslaanpersoneel in akademiese biblioteke rakende verskillende tipes inligting en inligtingsbronne behels;
- tweedens vas te stel of daar voorkeur aan elektroniese en/of gedrukte formate verleen word by die herwinning van spesifieke tipes inligting om sodoende die gebruikswaarde van elke formaat te kan bepaal;
- derdens uit te vind of daar 'n verband is tussen die jare ervaring waaroor respondente beskik en die keuse van spesifieke titels;
- te bepaal of die inligtingsoektogfrekwensie enigsins bepalend vir spesifieke keuses is;
- om vas te stel in watter mate rekenaargeletterdheid 'n rol sou speel.

Die resultate word kwalitatief verwerk deur middel van oopeindekodering by wyse van inhoudsontleding.

Voorbeelde van ses fiktiewe naslaanvrae


Die volgende ses fiktiewe navrae is op die vraelys gestel:

- 3.1 Wie is Alexander Bell?
- 3.2 Ek seek inligting oor kindermolestering in Brittanje vir 'n klasopdrag.
- 3.3 Wat beteken die term *valoriseer*?
- 3.4 Ek benodig die tydskrif *Sarie* se e-posadres.
- 3.5 Hoeveel mense is werkloos in Suid-Afrika?
- 3.6 Wie is die Minister van Vervoer in Suid-Afrika en wat is sy telefoonnommer?


Vraag 3.4, 3.5 en 3.6 betrek subkategorieë van kitsnaslaanbronne. Vanweë die wye verskeidenheid inligting wat in kitsnaslaanbronne opgeneem is, is drie vrae oor hierdie tipe inligting ingesluit sodat 'n goeie oorsig van keuses vir spesifieke subkategorieë en kennis van kitsnaslaanbronne verkry kan word.

Resultate van fiktiewe naslaanvrae

Vervolgens word die resultate soos verkry uit hierdie ses fiktiewe navrae in die vorm van twee statistiese figure sowel as in 'n tabelformaat aangebied. Die eerste van die twee figure bevat die besit en gebruiksfrekwensie, korrekte antwoorde en daarna die verwysingsfrekwensie van gedrukte naslaanbronne. Daarnaas word dieselfde inligting ten opsigte van elektroniese formate in Figuur 31 aangebied. Die tabel wat hierop volg, bevat dieselfde inligting as figure 30 en 31 maar bied slegs 'n tabellariese vergelyking, waarna 'n bespreking volg.



FIGUUR 31: Frekwensie besit, gebruik, verwysings na en korrekte antwoorde vir elektroniese naslaanbronne



Tabel 1: Verwysingsfrekwensie na, aantal korrekte antwoorde vir onderskeidelik gedrukte en elektroniese formate, besit- en gebruiksfrekwensie sowel as totale aantal korrekte antwoorde (G=gedrukte E=elektroniese) (f=foutief)

No.	Vraag	Tipe bron	Besit		Gebruik		Verwysings frekwensie na		Korrekte antwoorde		Totale aantal korrekte antwoorde	
			G	E	G	E	G	E	G	E		
3.1	wie is?	Ensiklopedieë	100%	49%	77%	12%	100%	0%	95%	0%	95%	
3.3	woord-betekenis	Woordeboeke	100%	44%	79%	2%	93%	7%	98%	100%	99%	
3.4	adres	Kitsnaslaanbronne	98%	21%	56%	5%	48%	52%	73%	90%	82%	
3.5									f=27%	f=10%		
3.6												
3.2	kinders	Tydskrifindekse	86%	79%	37%	77%	21%	79%	33%	94%	64%	
3.4	e-pos adres							21%	79%	76%	85%	81%
3.5	statistiek							75%	25%	93%	100%	97%
3.6	wie beklee 'n pos?							47%	53%	40%	96%	68%

Die resultate soos in Afdeling C op die vraelys behaal, word soos volg bespreek:

- Die antwoorde aangaande elke kategorie word nie volgens die vraelysorde bespreek nie, maar word in dieselfde volgorde weergegee as wat deurgaans in hierdie studie gehandhaaf is, naamlik ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse. Om hierdie rede volg die resultate op die fiktiewe navraag, naamlik vraag 3.2 op die vraelys eers na vraag 3.6.

- Die vraag wat gestel is, word eerstens gegee.
- Vervolgens word die aantal verwysings wat onderskeidelik na gedrukte en elektroniese formate gemaak is, soos deur die spesifieke titel wat by elke vraag weergegee is, aangedui.
- Hierna word na die gebruiksfrekwensie van gedrukte en elektroniese formate verwys.
- Daarna word die totale persentasie korrekte antwoorde wat vir 'n vraag behaal is, aangedui ('n antwoord is korrek as die titel waarna die respondent verwys die inligting bevat).
- Die persentasie korrekte verwysings vir elke formaat word hierna aangetoon.
- Vervolgens word respondente se kennisvlak ten opsigte van elkeen van hierdie tipes inligting in gedrukte en elektroniese formate aangetoon.
- Laastens word opsommenderwys na die gebruik van gedrukte en elektroniese formate verwys.

Die volgende feite kan uit die respons op vrae 3.1 tot 3.6 op die vraelys afgelei word:

- Vraag 3.1 handel oor die identiteit van 'n bekende persoon. Hierdie tipe inligting aangaande persone word tipies in 'n ensiklopedie gevind as 'n persoon soos in hierdie geval 'n belangrike bydrae tot die samelewing gelewer het. Uit die antwoorde blyk die volgende:
 - Al die respondente, naamlik 100%, het alleen na gedrukte ensiklopedieë verwys, al het 49% respondente aangedui dat die betrokke biblioteke wel elektroniese ensiklopedieë besit en 12% van die respondente dat hul wel van elektroniese ensiklopedieë gebruik maak.
 - Die gebruikswaarde van gedrukte ensiklopedieë is dus van 'n buitengewone hoë standaard.
 - Feitlik al die antwoorde, naamlik 95%, is korrek;
 - Naslaanpersoneel se kennis van ensiklopediese inligting in gedrukte formaat is dus van 'n baie hoë gehalte.
 - Naslaanpersoneel van akademiese biblioteke verkies eerder gedrukte ensiklopedieë as elektroniese ensiklopedieë.
- Vraag 3.3 is gerig op die betekenis van 'n spesifieke woord.
 - Feitlik al die respondente, naamlik 93%, het na gedrukte woordeboeke verwys.
 - Slegs 7% van die respondente het na elektroniese woordeboeke verwys, al dui 44% respondente aan dat die betrokke biblioteek wel elektroniese woordeboeke besit.
 - Die gebruikswaarde van gedrukte woordeboeke is dus aansienlik hoër as elektroniese woordeboeke;
 - Byna al die antwoorde van die respondente, naamlik 98%, wat na gedrukte woordeboeke verwys het, was korrek.

- Al die antwoorde van die respondente, dus 100%, wat na elektroniese bronne verwys het se antwoorde was korrek.
 - Die gemiddelde aantal korrekte antwoorde vir gedrukte en elektroniese woordeboekinligting is 99%.
 - Naslaanpersoneel beskik dus oor afdoende kennis van veral woordeboekinligting in gedrukte formaat.
 - Woordeboeke in gedrukte formaat word eerder vir die herwinning van inligting gebruik.
- Vraag 3.4 handel oor 'n elektroniese adres.
 - Die aantal respondente wat na gedrukte kitsnaslaanbronne verwys het, is 21%.
 - Die aantal respondente wat na elektroniese kitsnaslaanbronne op Internet verwys het is 79%.
 - Respondente is van mening dat die gebruikswaarde van elektroniese kitsnaslaanbronne wat inligting oor elektroniese adresse bevat, beter is as dié van gedrukte formate.
 - Die aantal korrekte antwoorde vir gedrukte en elektroniese formate beloop onderskeidelik 76% en 85%.
 - Die gemiddelde aantal korrekte antwoorde vir gedrukte én elektroniese formate is 81%.
 - Naslaanpersoneel se kennis van inligtingsbronne vir die herwinning van feitelike inligting soos elektroniese adresse is dus voldoende.
- Vraag 3.5 handel oor statistiese inligting rakende die aantal werklose mense in Suid-Afrika.
 - 'n Groot aantal respondente, naamlik 75%, verwys na gedrukte publikasies vir die herwinning van statistiese inligting en 25% na elektroniese formate.
 - Respondente toon dus aan dat gedrukte statistiese bronne groter gebruikswaarde as die elektroniese formate het.
 - 'n Totaal van 93% van die respondente se antwoorde vir gedrukte statistiese bronne en 100% vir elektroniese formate is korrek.
 - Die resultaat het aangetoon dat 97% van die respondente korrek aangetoon het dat statistiese inligting hoofsaaklik in statistiese jaarboeke, 'n subkategorie van kitsnaslaanbronne, voorkom.
 - Respondente beskik dus oor afdoende kennis van bronne waaruit statistiese inligting herwin kan word, veral van gedrukte formate, aangesien twee derdes van die respondente daarna verwys het.
- Vraag 3.6 slaan op 'n spesifieke persoon in 'n openbare posisie en sy telefoonnommer.

- 47% respondente verwys na gedrukte en 53% na elektroniese formate.
- Respondente is dus van mening dat gedrukte sowel as elektroniese gidse dieselfde gebruikswaarde het.
- Hiervan is slegs 40% van die respondente se verwysings na gedrukte formate korrek, teenoor die 96% wat na elektroniese titels verwys.
- 68% van die respondente in totaal het korrekte antwoorde verstrek.
- Die meeste respondente se kennis van kitsnaslaanbronne rakende regeringsgidse is dus voldoende.

Volgens die resultate van vrae 3.4, 3.5 en 3.6 verwys 52% respondente na elektroniese kitsnaslaanbronne, alhoewel 21% respondente aandui dat die betrokke biblioteke die bronne besit en slegs 5% dat die bronne gebruik word vir die herwinning van inligting. Een van die redes vir die verskil in persentasies ten opsigte van die besit, gebruik en verwysings lê daarin dat alhoewel biblioteke sommige publikasies nie besit nie, hulle die bronne wel deur middel van netwerkkoppeling kan raadpleeg. 'n Verdere rede is dat sekere tipes kitsnaslaanbronne baie gereelder gebruik word vir die herwinning van inligting.

Die gemiddelde korrekte aantal antwoorde op vrae 3.4, 3.5 en 3.6, die subkategorieë van kitsnaslaanbronne, is 85%, wat beteken dat naslaanbibliotekarisse se kennis van kitsnaslaanbronninligting meer as voldoende is. Respondente toon dus aan dat gedrukte sowel as elektroniese kitsnaslaanbronne oor nagenoeg dieselfde gebruikswaarde beskik.

- Vraag 3.2 handel oor 'n spesifieke onderwerp naamlik, *kindermolestering in Brittanje*.
 - 21% van die respondente se antwoorde verwys na gedrukte tydskrifindekse en 79% na elektroniese tydskrifindekse.
 - Respondente is dus van mening dat elektroniese tydskrifindekse oor aansienlik groter gebruikswaarde as gedrukte tydskrifindekse beskik.
 - Hiervan is 33% en 94% respondente se antwoorde vir onderskeidelik gedrukte en elektroniese titels korrek.
 - 64% respondente het in totaal korrekte antwoorde verskaf, wat dus 'n bogemiddelde standaard verteenwoordig.
 - Respondente se kennis rakende tydskrifindekse in elektroniese formaat word as voldoende beskou.
 - Tydskrifindekse in elektroniese formaat word deur die meerderheid respondente verkies.

Afleidings uit Afdeling C

Uit bogenoemde resultate blyk die volgende:

- 66% respondente het in totaal na gedrukte formate verwys as moontlike bronne waarin die spesifieke tipe inligting bevat sou kon word, wat twee keer meer is as die 34% wat na elektroniese formate verwys het.
- Hiervolgens blyk dit dat gedrukte formate steeds meer as elektroniese formate gebruik word.
- Dit beteken dat daar in die geheel gesien nog steeds groter gebruikswaarde aan gedrukte as aan elektroniese formate geheg word.
- Hiervan was die totale aantal korrekte antwoorde 75% vir gedrukte en 95% vir elektroniese bronne.
- Respondente se kennisvlak van gedrukte ensiklopedieë en woordeboeke is dus van 'n buitengewoon hoë standaard en wat kitsnaslaanbronne betref, heeltemal bevredigend.
- Respondente se kennisvlak ten opsigte van elektroniese tydskrifindekse is meer as voldoende.
- Die resultaat van die respons rakende die vier verskillende tipes naslaanbronne dui op 'n gemiddelde suksessyfer van 89% soos bepaal op grond van spesifieke titels wat vir spesifieke tipes inligting geïdentifiseer is. Hierdie persentasie is verkry deur die gemiddelde van vrae 3.1, 3.2, 3.3 en 3.4 te bereken en dui daarop dat naslaanpersoneel van akademiese biblioteke in Suid-Afrika oor afdoende kennis van ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse as naslaanbronne beskik.
- Respondente wat by hierdie studie betrek is, is bekwaam om inligtingsoektogte in gedrukte en elektroniese formate te hanteer. Nogtans is elektroniese formate nie om hierdie rede bo gedrukte formate verkies nie. Ongeag die resultaat dat 91% respondente 'n positiewe ervaring van elektroniese inligtingsbronne het, 72% respondente oor goeie rekenaargeletterdheid beskik, 81% respondente oor vyf jaar en meer soekervaring beskik, 85% respondente oor 'n baie goeie kennis van verskillende tipes inligting en inligtingsbronne beskik, 88,4% respondente oor 'n gemiddelde inligtingsoektogfrekwensie van twee tot twintig beskik, het dit geensins die gebruik van hierdie vier tipes naslaanbronne wat in hierdie studie betrek is sodanig bevoordeel dat respondente slegs van elektroniese formate gebruik gemaak het nie. Tydskrifindekse word egter duidelik in elektroniese formaat – en nie in gedrukte formaat nie – verkies omdat soektogte soveel vinniger afgehandel kan word vanweë seektermkombinering (vergelyk Figuur 14).

4.8 Samevatting

Volgens die resultate van hierdie studie wissel die besit van Suid-Afrika se akademiese biblioteke van elektroniese formate van 21% vir kitsnaslaanbronne, 44% vir woordeboeke, 49% vir ensiklopedieë tot 79% vir tydskrifindekse. Die resultate van hierdie opname toon ook duidelik aan dat naslaanbibliotekaris in akademiese biblioteke in Suid-Afrika oor voldoende opleiding en ervaring beskik vir die herwinning van inligting uit gedrukte en elektroniese naslaanbronne. Respondente toon 'n besliste voorkeur vir gedrukte formate wat ensiklopedieë en woordeboeke

betref. Kitsnaslaanbronne word nagenoeg deur dieselfde aantal respondente in gedrukte en elektroniese formate gebruik. Respondente toon egter 'n besliste voorkeur vir elektroniese tydskrifindekse, omdat die kombinerings van soekterminologie 'n vereiste is vir effektiewe en vinnige herwinning van soekresultate. Die keuse om gedrukte en/of elektroniese formate te gebruik of nie te gebruik nie, word egter deur die gebruikswaarde van daardie spesifieke formaat bepaal. Daarom verkies naslaanbibliotekarisse ensiklopedieë, woordeboeke en sekere tipes kitsnaslaanbronne, soos statistiese jaarboeke, in gedrukte formaat. Die indrukwekkendheid of die tegniese gevorderdheid, sowel as die beskikbaarheid van elektroniese formate, is nie bepalend vir die keuse van elektroniese formate nie. Bibliografiese inligting soos in tydskrifindekse voorkom en sekere tipes kitsnaslaanbroninligting soos elektroniese adresse is makliker herwinbaar uit die elektroniese formaat en daarom word dit eerder gebruik.

Gedrukte sowel as elektroniese formate blyk dus albei 'n plek in die biblioteek sowel as gebruikswaarde vir die gebruiker te hê, afhangende van die tipe inligting wat die bronne bevat en hoe herwinbaar dit is.

Hoofstuk 5

Afleidings, gevolgtrekkings en aanbevelings

5.1 Inleiding

Die ontwikkeling van elektroniese formate soos intydse afstandsdatabasisse, CD-ROM en Internet het daartoe gelei dat die gebruikswaarde van inligting in gedrukte formate bevraagteken word. Elektroniese naslaanbronne bevat besondere addisionele eienskappe waardeur inligting makliker herwin kan word en waardeur die gebruiks- en inligtingswaarde verhoog word. Gedrukte formate is egter tot op hede nog nooit deur enige ander inligtingsmedium wat ontwikkel is geheel en al uitgeskakel nie. Teen hierdie agtergrond is met hierdie studie bepaal wat die aard en waarde van gedrukte ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse behels en hoedanig die kwaliteite van dié van elektroniese formate verskil. Daar is ook bepaal in watter mate akademiese biblioteke in Suid-Afrika gedrukte en elektroniese formate besit en wat die gebruiksfrekwensie daarvan by naslaanbibliotekarisse is. Enkele redes waarom hulle gebruik of nie gebruik word nie, is ook bepaal.

Vervolgens word enkele gevolgtrekkings en aanbevelings na aanleiding van die bevindings in die voorafgaande hoofstukke gemaak.

5.2 Afleidings en gevolgtrekkings

5.2.1 Die aard en gebruikswaarde van inligting in gedrukte naslaanbronne

- Daar is bevind dat sinvolle **klassifisering** van inligtingsbronne plaasvind indien die inhoud van die betrokke naslaanbron deurentyd vir hoof- en subklassifikasie as onderskeidende eienskap gebruik word. Sodanige klassifisering dra ook by tot die gebruikswaarde van naslaanbronne omdat die inligtingsgebruiker kan voorsien watter tipe inligting in sodanige kategorieë naslaanbronne, soos byvoorbeeld ensiklopedieë, ingesluit word.
- Verder is bevind dat die **aard van inligting** in gedrukte ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse hoofsaaklik kort en feitelik is en in breë trekke van mekaar verskil ten opsigte van die tipe inligting wat in elke kategorie ingesluit word, soos:
 - ensiklopediese inligting wat oor onderwerpe handel;
 - woordeboekinligting wat oor woorde handel;
 - kitsnaslaanbronninligting wat oor aspekte soos dienste, produkte, organisasies, individue en lande handel;

- tydskrifindeksinligting wat bibliografies van aard is en hoofsaaklik verwysings na tydskrifartikels bevat.
- Die **gebruikswaarde van ensiklopedieë, woordeboeke en sommige kitsnaslaanbronne** in gedrukte formaat word verhoog deur aspekte soos die:
 - alfabetiese samestelling van die teks en indekse;
 - standvastigheid van inligting in gedrukte formate;
 - bekendheid van die inligtingsomgewing;
 - kort tydskuur van die herwinning van soekresultate;
 - outoriteit;
 - retrospektiewe inligting.
- Die **gebruikswaarde van tydskrifindekse en sommige kitsnaslaanbronne** in gedrukte formaat, word benadeel deur aspekte soos:
 - gebrek aan resenteheid;
 - onvoldoende soekmoontlikhede.

5.2.2 Tegnologiese ontwikkeling van naslaanbronne en die gebruikswaarde van elektroniese formate

- Ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse het reeds **elektronies** tot verskeie formate ontwikkel waarvan **CD-ROM** en **Internet** vir doeleindes van hierdie studie as die belangrikste gereken word. Hiervan was tydskrifindekse die eerste om in elektroniese formaat gepubliseer te word en is daarom ook die bekendste.
- Die **aard van inligting**, soos in gedrukte publikasies vervat, het **dieselfde gebly** in elektroniese publikasies. **Hibriediese** publikasies het egter daartoe gelei dat verskillende tipes inligting soos byvoorbeeld ensiklopediese en woordeboekinligting in een publikasie geïntegreer word. Die inligtingsgebruiker dra daarom nie meer altyd vooraf kennis van die tipe inligting wat byvoorbeeld in 'n elektroniese ensiklopedie ingesluit word nie.
- Die **gebruikswaarde** van inligting in elektroniese formaat word deur verskeie aspekte **verhoog**.
 - Verskillende verbeterde **soekeienskappe** **vergemaklik** die herwinbaarheid van inligting soos byvoorbeeld:
 - kombinerings van trefwoorde;
 - soekveldbeperkings;

- interaktiewe navrae;
- soekmoontlikhede op verskillende moeilikheidsgraadvlakke;
- berging van soekstrategieë;
- natuurlike taal;
- hipermedia;
- hiperteksskakels.
- **Multimedia** ondersteun die teks en dra feite op 'n inligtingsryker wyse aan die gebruiker oor met eienskappe soos:
 - klank, waardeur die uitspraak van woorde in woordeboeke, of voëlgeluide in ensiklopedieë, op 'n effektiewer wyse aangebied word;
 - beweging, waardeur byvoorbeeld aangetoon word hoe verskillende tipes diere beweeg;
 - grafika, wat byvoorbeeld aandui hoe 'n spesifieke dier of instrument lyk;
 - video, waardeur oorlogvoering of die aard van 'n rolprent aangedui word.
- **Speletjies** wat in naslaanbronne soos woordeboeke en ensiklopedieë ingesluit word dra feite op 'n gemakliker speel-speel wyse aan jonger gebruikers oor.
- **Redigeringsopsies** stel die gebruiker in staat om die teks en grafika te “knip en plak” sodat dit sal aanpas by die spesifieke gebruiker se behoefte.
- **Outomatiese vertalings** vertaal teks vanaf een taal na 'n ander soos byvoorbeeld vanaf Afrikaans na Engels, Engels na Afrikaans, Afrikaans na Duits, of Duits na Afrikaans.
- **Resentheid** vanweë die gemak waarmee inligting elektronies gepubliseer kan word en daarom kan inligting oor byvoorbeeld sport op Internet 'n minuut-tot-minuut weergawe bied en kan databasisse daaglik op datum gehou word.
- **Onbeperkte geografiese en kronologiese omvang** omdat die fisiese omvang nie meer 'n beperking bied nie en omdat publiseringskoste laer is. 'n Telekommunikasiegids soos *Infospace* kan daarom gemaklik 112 miljoen inskrywings van verskillende lande insluit, of 'n tydskrifindeks soos *MEDLINE* kan bibliografiese inligting vanaf 1966 tot op hede insluit.
- Direkte verwysings vanaf **bibliografiese na volteksinligting** word vergemaklik deur middel van netwerke omdat die gebruiker wat die bibliografiese databasis *Online Contents* raadpleeg direk na die volteks publikasies wat daarmee verband hou van die uitgewer Elsevier kan verwys.
- **Unieke inligting** soos op Internet bevat byvoorbeeld e-pos, nuusgroepe, besprekingsgroepe, vraag-en-antwoord dienste, inligting oor individue en speletjies.

- **Netwerkskakeling** soos byvoorbeeld ARPANET van die VSA se Departement van Verdediging, EURONET/DIANE van Europa, SABINET van Suid-Afrika, UNINET van universiteite en Internet.
- Daar is egter bevind dat die **gebruikswaarde** van ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse in elektroniese formaat deur enkele aspekte **benadeel** word.
 - Gebrek aan **standaardisering van herwinningsprogrammatuur** veroorsaak dat die gebruiker telkens op verskillende maniere inligting moet herwin. Een program vereis byvoorbeeld dat slegs die soekwoord “afgekap” kan word met ‘n dubbelpunt terwyl ‘n ander program ‘n asterisk vereis.
 - **Onbekende en wisselende inligtingsomgewings** veroorsaak dat die gebruiker voortdurend binne ‘n nuwe vreemde omgewing beweeg omdat elektroniese publikasies telkens tydens die soekproses nuwe vensters oop maak en omdat daar ook gedurig aan die uitleg van elektroniese publikasies verander word.
 - **Toeganklikheid** word beperk omdat sommige biblioteke nie elektroniese publikasies besit nie, of ook nie oor elektroniese netwerkkoppeling beskik nie. Beperkte bandwydte en onstabiele versending beperk ook toegang tot elektroniese inligting.
 - **Tydsduur van soektogte** neem soms langer as wanneer dieselfde inligting in die gedrukte formaat opgesoek sou word, veral in gedrukte naslaanbronne soos woordeboeke en ensiklopedieë waar die bekende alfabetiese uitleg die herwinning van inligting bespoedig.
 - Onvoldoende **retrospektiewe inligting** word in databasisse ingesluit omdat sommige databasisse slegs die afgelope tien jaar of minder se inligting bevat. Vergelyk byvoorbeeld die tydskrifindeks *ERIC* wat slegs die afgelope vyf jaar se inligting bevat.
 - Hoë **koste** word deur die aanvanklike aanskaf en installering van elektroniese harde- en sagteware geverg.
 - Publisering van inligting op **Internet word nie beheer of gekontroleer nie** en bestaan daarom uit:
 - te veel irrelevante en oorvleuelende inligting soos wat in besprekingsgroepe of op verskillende liggings van byvoorbeeld woordeboeke aangetref word;
 - gebrek aan kwaliteit en outoriteit ten op sigte van ‘n groot deel van Internet-inligting;
 - onkontroleerbare omvang wat gebruikers verwar deurdat die aanname gemaak word dat alle navrae daardeur beantwoord kan word;

- gebrek aan gesofistikeerde organisering en indeksering soos ook deur die soekhulpmiddels wat goeie prestasies lewer soos *Northern Light* wat slegs 16% van die Internet indekseer, vergestalt word.
- Soekhulpmiddels op Internet verskaf ook wisselende soekresultate omdat die soekenjin se soekprogram nie altyd op dieselfde plek in die kuberruimte met 'n soektog begin nie wat tot frustrasie by die gebruiker aanleiding gee.
- 'n Beduidende aantal naslaanbibliotekaris se verkies tydskrifindekse in elektroniese formaat in die CD-ROM-weergawe bo Internet omdat soektogte vinniger en gemakliker uitgevoer kan word.

5.2.3 Die besit, gebruiksfrekwensie en -waarde van gedrukte en/of elektroniese naslaanbronne deur akademiese biblioteke in Suid-Afrika

Besit

Daar is tot die volgende gevolgtrekkings ten opsigte van die besit van gedrukte en elektroniese ensiklopedieë, woordeboeke, kitsnaslaanbronne en tydskrifindekse gekom:

- Al die akademiese biblioteke, op een uitsondering na, besit ensiklopedieë, woordeboeke en kitsnaslaanbronne in gedrukte formaat, maar slegs enkele biblioteke besit tydskrifindekse in gedrukte formaat.
- Die meerderheid biblioteke besit nie ensiklopedieë, woordeboeke en kitsnaslaanbronne in elektroniese formaat nie.
- Slegs enkele biblioteke besit nie tydskrifindekse in elektroniese formaat nie.

Gebruiksfrekwensie

Die volgende bevindings is ten opsigte van die gebruiksfrekwensie van naslaanbronne gemaak:

- Ensiklopedieë en woordeboeke word deur naslaanbibliotekaris se in akademiese biblioteke in gedrukte formaat verkies omdat die herwinning van ensiklopediese en woordeboekinligting gemakliker en vinniger deur middel van die gedrukte formaat kan geskied.
- Die gebruiksfrekwensie van kitsnaslaanbronne deur naslaanbibliotekaris se in gedrukte en elektroniese formate (veral die Internet-formaat) is ongeveer dieselfde en word bepaal deur die tipe kitsnaslaanbroninligting wat herwin word.
- Resentheid speel 'n deurslaggewende rol waar elektroniese kitsnaslaanbroninligting op Internet verkies word.
- Tydskrifindekse word deur die meerderheid naslaanbibliotekaris se in elektroniese, en dan veral CD-ROM-formaat, gebruik.

- Die keuse ten gunste van elektroniese tydskrifindekse word veral beïnvloed deur kriteria soos die tydskuur van soektogte, resenteheid en soekmoontlikhede, soos dat trefwoorde gekombineer kan word.
- Van die vier tipes naslaanbronne wat in hierdie studie betrek is, word woordeboeke in gedrukte formaat en tydskrifindekse in CD-ROM-formaat die meeste gebruik.

Redes waarom spesifieke formate nie gebruik word nie

Daar is tot die volgende gevolgtrekkings gekom ten opsigte van die oorwegende redes waarom spesifieke formate nie gebruik word nie:

- Die gebrek aan **resenteheid, soektermkombinerings** en lang **tydskuur** is die algemene rede waarom tydskrifindekse en sommige kitsnaslaanbronne in gedrukte formaat nie gebruik word nie.
- Die gebrek aan **toeganklikheid, lang tydskuur, hoë koste** en ingewikkelde **gebruikers-koppelvlakke** is van die belangrikste redes waarom ensiklopedieë, woordeboeke, sommige kitsnaslaanbronne en enkele tydskrifindekse in elektroniese formaat nie gebruik word nie.

Daar is dus bevind dat geen nuwe tegnologiese inligtingsformaat **nog ooit vorige tipes formate geheel en al vervang het nie, maar eerder aangevul het**. Elektroniese inligting **vergemaklik** inderdaad in sekere opsigte die herwinning van spesifieke tipes inligting, maar is **nie noodwendig die logiese keuse** vir die herwinning van alle tipes inligting nie. **Die geskikste formaat vir die spesifieke tipe inligting wat herwin moet word, moet telkens aan die hand van kriteria soos tyd wat per soektog in beslag geneem word, gemak waarmee inligting herwin word, betroubaarheid van inligting, resenteheid en periode wat deur die betrokke publikasie gedek word, bepaal word.** 'n Gedrukte naslaanbron wat slegs vyf minute **per soektog** neem en aan al vermeldde kriteria beantwoord, sou as geskikter gereken word as die elektroniese formaat wat ongeveer vyftien tot twintig minute vir dieselfde soektog in beslag neem. Elektroniese formate behoort dus alleen ter wille van gebruik- en inligtingswaarde en nie op grond van tegnologiese gevorderdheid nie, gebruik te word.

5.3 Aanbevelings en implikasies vir akademiese biblioteke

Die gevolgtrekkings waartoe in die voorafgaande deel gekom is, hou sekere implikasies vir akademiese biblioteke in en daarom word die volgende aanbevelings vir akademiese biblioteke in Suid-Afrika voorgestel:

- **Ensiklopedieë** en **woordeboeke** behoort **hoofsaaklik** in **gedrukte formaat** vir inligtingsgebruikers beskikbaar gestel te word.

- Afhangende van die tipe inligting behoort **kitsnaslaanbronne** in sowel **gedrukte as elektroniese formaat**, veral via **Internet**, beskikbaar gestel te word. Kitsnaslaanbroninligting wat maklik verander, soos telefoonnommers, elektroniese adresse, posisies wat beklee word en statistiese ligting, kan baie resenter via Internet beskikbaar gestel word. Hierteenoor het respondente aangedui dat die gebruikswaarde van kitsnaslaanbronne in gedrukte formaat steeds hoog aangeslaan word.
- **Tydskrifindekse** behoort hoofsaaklik in veral **CD-ROM-formaat**, maar namate **tegnologiese ontwikkeling vorder**, waarskynlik ook toenemend via **Internet** aan gebruikers beskikbaar gestel te word.
- 'n **Hibridiese biblioteek** word as model voorgedou, waar elektroniese en tradisionele gedrukte inligtingsbronne aanvullend tot mekaar, afhangende van elkeen se gebruiks- en inligtingswaarde, beskikbaar gestel behoort te word.
- Elektroniese bronne, veral op **Internet**, dien nie as 'n **vervanging** van alle gedrukte naslaanbronne nie, omdat hulle nie noodwendig altyd op die doeltreffendste wyse in al die inligtingsbehoefes kan voorsien nie, maar slegs as 'n aanvullende inligtingsbron dien.
- Ten einde te sorg dat die inligtingsdiens van akademiese biblioteke aan 'n hoë standaard beantwoord, behoort daar Internet-toegang te wees aangesien dit 'n belangrike, unieke en onontbeerlike inligtingsbron is.
- Die **outoriteit** en **kwaliteit** van inligting op **Internet** behoort egter **deegliker** as dié van **ander formate geëvalueer** te word omdat daar geen beheer oor publiseerders op Internet uitgeoefen word nie.
